



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## **Varsgebek: 'n Gebruiksgebaseerde studie van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings**

Anriné Oerlemans


'n Verhandeling aangebied om te voldoen aan die vereiste vir die Meestersgraad in Toegepaste Taalstudies in die fakulteit van Geesteswetenskappe by die Universiteit van Pretoria, Pretoria

Studieleier: Suléne Pilon

## Plagiaatverklaring

Ek, **Anriné Oerlemans**, bevestig hiermee dat:

- die inhoud van hierdie werkstuk my eie, oorspronklike idees en werk is;
- dit wat nie my eie idees of werk is nie volgens die voorgeskrewe verwysingsmetode erken is;
- ek die idees en werk wat hierdie werkstuk vervat is, nog nooit voorheen aangebied het vir krediet (bv. by 'n ander dosent) nie;
- ek daarvan bewus is dat plagiaat strafbaar is ingevolge die Wet op Outeursreg (wet 98 van 1978), soos beskryf in UP se bepalings.



---

A. Oerlemans

31 Maart 2024

---

Datum

## Bedankings

Met opregte dankbaarheid aan:

- My studieleier, Suléne Pilon, vir die bystand en begeleiding deur die hele studieproses. Dankie vir al die deurlopende kommentaar en terugvoer. Dit word opreg waardeer.
- Die Virtuele Instituut vir Afrikaans, vir die gebruik van die data vanuit die Varsgebek-kompetisie se inskrywings.
- My ouers, Riaan en Anneke, vir die motivering en ondersteuning deur al my studies. Sonder julle sou dié droom nie verwenslik kon word nie. Dankie vir die waardevolle lewensles: “Mens het 'n nee. Jy kan altyd 'n ja kry.”
- Ons Hemelse Vader. Aan U al die eer!

## Opsomming

Daar word dikwels beweer dat Afrikaanse mense nie meer van idiome (en ander vaste uitdrukkings) in hul skryf- en spreektaal gebruik maak nie. Hierdie studie poog om hierdie bewering te ondersoek deur vas te stel wat die gebruiksfrekwensie van 'n aantal nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings is. Die nuwe vaste uitdrukkings wat ondersoek is, is afkomstig uit inskrywings wat in 2016 en 2017 voorgelê is vir die Virtuele instituut vir Afrikaans (VivA) se Varsgebek-kompetisie. Daar is ook ondersoek ingestel na die semantiese velde waarin hierdie nuwe vaste uitdrukkings aangetref word in 'n poging om vas te stel of Afrikaanssprekers in 2024 ander semantiese velde gebruik wanneer uitdrukkings geskep word as wat in die verlede, circa 2000, die geval was. Alvorens daar op die nuwe uitdrukkings gefokus kon word, is daar eers 'n terminologietaksonomie opgestel om (a) die vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data te identifiseer, en (b) die geïdentifiseerde uitdrukkings verder in subkategorieë te kon klassifiseer.

Die studie bevind eerstens dat daar baie terminologiese verwarring in die literatuur oor vaste uitdrukkings bestaan en daar word stelling kriteria gepostuleer waarmee daar tussen verskillende tipes vaste uitdrukkings onderskei kan word. Daarna word die Varsgebek-data geanaliseer en daar word bevind dat 33 uitdrukkings meer as een keer (en dus met 'n relatief hoë frekwensie) in twee Afrikaanse korpora, naamlik VivA se Korpuspotaal: Omvattend en Korpusportaal: Eksklusief voorkom. Die semantiese velde waarin hierdie 33 uitdrukkings aangetref word, word geïdentifiseer en daar word bevind dat hierdie nuwe uitdrukkings behoort tot semantiese velde wat al in die verlede geïdentifiseer is as die semantiese velde waaruit gevestigde Afrikaanse uitdrukkings kom. Dit blyk dus dat daar, ten minste wat die Varsgebek-data betref, van dieselfde semantiese velde as in die verlede gebruik gemaak word wanneer nuwe Afrikaanse uitdrukkings geskep word.

### Sleutelterme

Idiomatiese taalgebruik, Varsgebek, Afrikaans, idiome, spreekwoorde, semantiese velde

## Abstract

It is often said that Afrikaans individuals do not use idioms (and other fixed expressions) in their written and spoken language anymore. This study attempts to investigate this assumption by determining the frequency of use of a few new Afrikaans fixed expressions. The new fixed expressions that are investigated originated from entries that were submitted in 2016 and 2017 for the Varsgebek competition, hosted by the Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). The semantic fields that these fixed expressions belong to are investigated in order to determine whether Afrikaans speakers use different semantic fields in 2024 than the semantic fields that were used circa 2000. Before the focus was placed on new fixed expressions, a terminology taxonomy was created (a) to identify the fixed expressions in the Varsgebek data, and (b) to categorise the identified expressions according to different subcategories.

Die study firstly showed that there are inconsistencies in the literature relating to fixed expressions, and sets of criteria are established for the categorisation of different types of fixed expressions. The Varsgebek data is then analysed and the results show that there are 33 expressions that are found more than once (consequently with a relatively high frequency) in two Afrikaans korpora, namely VivA's Korpusportaal: Omvattend and Korpusportaal: Eksklusief. The semantic fields to which these 33 fixed expressions belong are identified, and the results indicate that these new fixed expressions belong to some of the same semantic fields as established Afrikaans fixed expressions. Consequently, with regard to the Varsgebek data, the same semantic fields that are present in older fixed expressions are used when new Afrikaans fixed expressions are created.

## Key terms

Idiomatic language use, Varsgebek, Afrikaans, idioms, proverbs, semantic fields

## Inhoud

Hoofstuk 1: Inleiding .....	8
1.1 Inleiding.....	8
1.2 Probleemstelling .....	8
1.3 Navorsingsvrae.....	9
1.4 Navorsingsdoelwitte .....	10
1.5 Beperkinge van die studie.....	10
1.6 Relevansie .....	10
1.7 Metodologie.....	11
1.8 Vooruitskouing.....	11
1.9 Etiese kwessies.....	11
Hoofstuk 2: Vaste uitdrukkings: 'n Literatuurstudie.....	13
2.1 Inleiding.....	13
2.2 Inleidende opmerkings oor vaste uitdrukkings.....	13
2.3 Aard van vaste uitdrukkings.....	15
2.3.1 Nonkomposisionaliteit .....	17
2.3.2 Homonimie.....	18
2.3.3 Sintaktiese eenheid.....	20
2.3.4 Leksikogrammatikale vastheid.....	23
2.3.5 Institutionaliserings.....	27
2.3.6 Ortografiese kriteria.....	33
2.3.7 Fonologiese kriteria .....	34
2.3.8 Samevatting .....	35
2.4 Vaste uitdrukking: 'n Definisie.....	37
2.5 Afrikaanse vaste uitdrukkings .....	38
2.5.1 Idioom .....	39
2.5.2 Spreekwoord.....	40
2.5.3 Spreuk .....	41
2.5.4 Samevatting .....	42
2.6 Slot .....	43
Hoofstuk 3: Kognitiewe semantiek en semantiese velde: 'n Literatuurstudie .....	45
3.1 Inleiding.....	45
3.2 Die kognitiewe semantiek: 'n Oorsig .....	45

3.2.1 Wat is die kognitiewe semantiek? .....	45
3.3 Semantiese velde .....	46
3.4 Die semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word.....	47
3.4.1 Taal en denke .....	48
3.4.1.1 Stories .....	48
3.4.1.1.1 Griekse en Romeinse mitologie .....	48
3.4.1.1.2 Middeleeue .....	49
3.4.1.1.3 Fabels en verhale .....	49
3.4.2 Die heelal en die skepping .....	50
3.4.2.1 Diere en plante.....	50
3.4.3 Sosiale gedrag .....	51
3.4.3.1 Geloof.....	51
3.4.3.1.1 Die Bybel .....	51
3.4.3.2 Sosiale aktiwiteite .....	52
3.4.3.2.1 Sport.....	52
3.4.4 Werk en loopbaan.....	52
3.4.4.1 Beroep.....	52
3.4.4.1.1 Seevaart .....	53
3.4.4.2 Landbou .....	54
3.4.4.2.1 Boerdery.....	54
3.4.4.3 Finansies.....	54
3.4.4.3.1 Geld .....	54
3.4.5 Die individu .....	55
3.4.5.1 Die menslike liggaam .....	55
3.4.5.2 Die dood.....	56
3.4.6 Daaglikse lewe.....	57
3.4.6.1 Kos.....	57
3.4.7 Samevatting .....	58
3.5 Invloede op Afrikaanse vaste uitdrukkings .....	58
3.5.1 Ander tale.....	59
3.5.2 Ouer leefwyses.....	59
3.5.3 Eienaamverbleking.....	60
3.5.4 Samevatting .....	61
3.6 Slot .....	61

Hoofstuk 4: 'n Kognitief semantiese analise van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings.....	63
4.1 Inleiding.....	63
4.2 Metodologie.....	63
4.2.1 Die datastel .....	63
4.2.2 Die korpuse.....	63
4.2.3 Die navorsingsfases.....	64
4.3 Data-analise .....	64
4.3.1 Fase 1: Organisering van data.....	64
4.3.2 Fase 2: Onderskeid tussen nuwe en erkende uitdrukkings of nuutskeppings .....	65
4.3.3 Fase 3: Annotering van vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie .....	66
4.3.4 Fase 4: Identifisering van tipes vaste uitdrukking volgens die terminologietaksonomie ....	67
4.3.5 Fase 5: Korpusanalise van vaste uitdrukkings.....	67
4.3.6 Fase 6: Identifisering van semantiese velde .....	68
4.4 Bespreking van resultate .....	80
4.5 Samevatting .....	87
Hoofstuk 5: Slot.....	89
5.1 Verdere navorsing.....	91
Hoofstuk 6: Bibliografie .....	92
Addendum A: Gekonvensionaliseerde uitdrukkings wat vir Varsgebek ingeskryf is.....	98
Addendum B: Nuwe vaste uitdrukkings wat deel is van die Varsgebek-data.....	104
Addendum C: Nuwe uitdrukkings wat in Afrikaans gebruik word.....	121

## Hoofstuk 1: Inleiding

### 1.1 Inleiding

Daar word dikwels beweer dat (jonger) Afrikaanse mense nie meer kreatief gebruik maak van idiome (en ander vaste uitdrukkings) in hul skryf- en spreektaal nie. Hierdie studie het gepoog om hierdie bewering te ondersoek, aangesien daar baie lanklaas 'n bygewerkte lys van Afrikaanse idiome vasgestel is. Die vermoede was dat daar wel dikwels van idiome gebruik gemaak word in hedendaagse Afrikaans, maar dat hierdie (moderne) idiome nog nie opgeteken en bestudeer is nie (vir lyste van bestaande idiome, vergelyk byvoorbeeld Hoogenhout en Schoeman 1925; Brand 1936; Barnes 1968; Combrink 1993; Botha, Kroes en Winckler 1994; Prinsloo 2004; De Wet 2011). Hierdie studie vul dié hiatus.

Daar is eerstens aandag geskenk aan terminologiese aspekte, soos byvoorbeeld om vas te stel hoe presies daar in bestaande literatuur onderskei word (indien enigsins) tussen idiome en vaste uitdrukkings; en watter ander tipes uitdrukkings by hierdie studie ingesluit moes word. Daarna is 'n korpusondersoek gedoen om vas te stel of daar inderdaad nuwe idiome in gebruik is, waarna daardie idiome wat met die hoogste frekwensie voorkom, kwalitatief ondersoek is om vas te stel tot watter semantiese velde hulle behoort. Bestaande, opgetekende idiome het dikwels hul oorsprong in die semantiese velde van Griekse en Romeinse mitologie, oeroue fabels, Bybelse konsepte, die Middeleeue, seevaart, agrariese leefwyses en uit leefwyses waar daar 'n noue band tussen mens en die natuur te vinde was (Luther 2017). Dit was die vermoede dat moderne idiome nie hierdie semantiese velde deel nie.

In Afdeling 1.2 volg die probleemstelling. Daarna volg 'n bespreking van die navorsingsvrae (Afdeling 1.3), die navorsingsdoelwitte (Afdeling 1.4) en die beperkinge van die studie (Afdeling 1.5). In Afdeling 1.6 word die relevansie van die studie kortliks beskryf. Daarna volg 'n beskrywing van die metodologie (Afdeling 1.7), die vooruitskouing (Afdeling 1.8) en die etiese kwessies wat ter sprake is (Afdeling 1.9).

### 1.2 Probleemstelling

In 'n onderhoud (die volteks is hier beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/onderhoud-op-die-stel-van-op-die-spel/>) oor *Op die spel*, 'n spellingprogram wat op KykNET uitgesaai is, vra Naomi Meyer vir Gerhard van Huyssteen, wat die program gekonseptualiseer het: "Is idiome besig om in onbruik te raak? Watter idiome is interessanter wat mense nie meer ken nie, as jy dink aan vorige programme soos op die radio wat jy aangebied het?" Die begin van Van Huyssteen se antwoord weerspieël die mening van baie (ouer) Afrikaanssprekendes: "Ja, ek dink mense (nie net jong mense nie) vergeet maklik van die mooi idioomskaat van Afrikaans..."

Die bewering dat hedendaagse Afrikaanssprekers nie meer idiome gebruik wanneer hulle praat en/of skryf nie, word gereeld herhaal (vergelyk, onder andere, De Wet 2011; Swiegers 2011; Meyer, Eksteen en Du Toit 2022). Dit is egter eerstens nie altyd presies duidelik waarna verwys word wanneer daar in hierdie bewerings van die term "idiome" gepraat word nie. In Croft en Cruse (2004) byvoorbeeld, word *idioom* as superordinaat gebruik om na verskillende tipes vaste uitdrukkings te verwys, terwyl *idioom* in *Beter Afrikaans* (2013b) gebruik word om



net na een spesifieke tipe vaste uitdrukking te verwys<sup>1</sup>. Die probleem word opgesom deur Kapp (2021) waar daar verduidelik word dat dit nie altyd maklik is om die terminologie “in netjiese boksies te verpak nie”.

Vervolgens word hierdie bewering ook altyd gebaseer op ’n eie opinie en/of persoonlike waarneming, aangesien daar nog geen navorsing gedoen is oor die frekwensie van vaste uitdrukkings in circa 2024 Afrikaans nie. Daarbenewens hou die bewering ook nie rekening met die vermoede dat Afrikaanssprekers deurgaans besig is om nuwe vaste uitdrukkings te skep en te gebruik nie. Dit is miskien so dat tradisionele, reeds opgetekende vaste uitdrukkings nie meer in hedendaagse Afrikaans gebruik word nie, maar dit beteken nie dat daar géén vaste uitdrukkings in hedendaagse Afrikaans gebruik word nie. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) het juis om hierdie rede die Varsgebek-kompetisie, waartydens mense onopgetekende woorde en uitdrukkings kon instuur (VivA s.a.), geloods. Die Varsgebek-kompetisie is in 2016 en 2017 aangebied en meer as 700 inskrywings is vir die kompetisie ontvang. Dit is ’n duidelike aanduiding dat nuwe vaste uitdrukkings bestaan. Die frekwensie waarmee die Varsgebek-woorde en -uitdrukkings in Afrikaanse tekste voorkom, is egter nog nie ondersoek nie.

Alhoewel daar al geskryf is oor die semantiese velde waarin bestaande Afrikaanse uitdrukkings aangetref word (kyk die bespreking in Afdeling 3.4), is daar ook nog geen duidelikheid oor watter semantiese velde ’n rol speel in die vorming van hedendaagse Afrikaanse vaste uitdrukkings nie. Die inskrywings van die Varsgebek-kompetisie sou dus ook ondersoek kon word om vas te stel tot watter semantiese velde nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings behoort.

### 1.3 Navorsingsvrae

Gegewe die probleemstelling hier bo, kon die volgende navorsingsvrae gestel word:

1. Watter tipes vaste uitdrukkings kan in Afrikaans onderskei word en hoe behoort elkeen van hierdie tipes gedefinieer te word?

2. Is daar vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, wat gereeld in Afrikaanse korpora voorkom?

2.1 Tot watter semantiese velde behoort die vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, en wat met ’n relatief hoë frekwensie in Afrikaanse korpora voorkom?

2.2 Is daar duidelike redes wat sou verklaar waarom hierdie vaste uitdrukkings tot hierdie semantiese velde behoort?

---

<sup>1</sup> Die term “vaste uitdrukking” sal voortaan in hierdie verhandeling gebruik word om idiome, maar ook ander soortgelyke uitdrukkings, in te sluit. Nadat die terminologiese kwessies in die studie uitgeklaar is, sal korrekter terminologie gebruik word.

#### 1.4 Navorsingsdoelwitte

Gegewe die navorsingsvrae hier bo, is die volgende navorsingsdoelstellings vir hierdie studie gestel:

1. Om vas te stel watter tipes vaste uitdrukkings in Afrikaans onderskei kan word, en hoe elkeen van hierdie tipes gedefinieer kan word.
2. Om te bepaal met watter frekwensie die vaste uitdrukkings wat vir Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, in verskillende Afrikaanse korpora gebruik word.
  - 2.1 Om vas te stel tot watter semantiese velde die vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, én wat met 'n relatief hoë frekwensie in Afrikaanse korpora voorkom, behoort.
  - 2.2 Om redes te vind wat sou verklaar waarom die aangeduide semantiese velde juis aanleiding gee tot nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings.

#### 1.5 Beperkinge van die studie

Die studie het gefokus op Afrikaanse uitdrukkings afkomstig uit 'n spesifieke databasis, naamlik die inskrywings vir die Varsgebek-kompetisie. Vaste uitdrukkings wat nie in hierdie datastel voorgekom het nie, is daarom in hierdie studie buite rekening gelaat. Dit is dus nie moontlik om na afloop van hierdie studie verslag te doen oor die frekwensie van alle vaste uitdrukkings in hedendaagse Afrikaans nie. Hier word slegs verslag gedoen oor die frekwensie van spesifieke nuwe vaste uitdrukkings in hedendaagse Afrikaans.

Aangesien daar onvoldoende spraakkorpora vir Afrikaans beskikbaar is, is daar in die studie net van geskrewe data gebruik gemaak om die voorkomsvrekwensie van nuwe vaste uitdrukkings te bepaal. Dit beteken noodwendig dat uitdrukkings wat gereeld in gesproke taal voorkom, maar nie in geskrewe taal nie, nie die werklike taalsituasie weerspieël nie.

Die studie is ook beperk tot die tekskorpora wat in VivA se Korpusportaal beskikbaar was. Die bevindinge van hierdie studie is dus nie verteenwoordigend van geskrewe Afrikaans in die algemeen nie. Die bevindinge van hierdie studie toon dus ook nie aan hoe vaste uitdrukkings in gesproke Afrikaans gebruik word nie. Soortgelyke studies sou dus uitgevoer kon word op ander korpora – veral korpora van gesproke Afrikaans – om die bevindinge van hierdie studie te verifieer en aan te vul.

#### 1.6 Relevansie

Die studie is uitgevoer ten einde die leemte in resente navorsing oor Afrikaanse vaste uitdrukkings in die algemeen, en oor die Varsgebek-data spesifiek, te vul. Daar is tydens die studie ook 'n gestandaardiseerde terminologie-uitklaring opgestel waarmee die probleem van teenstrydigheid van termsubkategorisering opgelos kan word. Die studie het terselfdertyd ook nuwe navorsingsdata beskikbaar gestel oor die semantiese velde waaruit hedendaagse vaste uitdrukkings kom. Uiteindelik het die studie gepoog om aan te dui dat dit

nié waar is dat hedendaagse Afrikaanssprekers nie meer vaste uitdrukkings gebruik nie. Die vaste uitdrukkings wat gebruik word, is net nuut en nog nie in bronne opgeteken nie.

Die navorsingstudie dra terselfdertyd by tot die bevordering en uitbou van Afrikaans as wetenskapstaal.

### 1.7 Metodologie

In hierdie navorsingstudie is daar van 'n gemengde navorsingsontwerp met beide kwantitatiewe en kwalitatiewe elemente gebruik gemaak.

Om die eerste navorsingsvraag te beantwoord, en om 'n kategoriseringsstelsel te ontwikkel vir die Varsgebek-data, is 'n deeglike studie van bestaande literatuur oor vaste uitdrukkings gemaak (vergelyk onder meer Davis et al. 2014). Op grond van die literatuur is daar dan 'n kategoriseringsnetwerk opgestel vir Afrikaanse vaste uitdrukkings. Hierdie kategoriseringsnetwerk is dan gebruik om 'n etiketstel op te stel waarmee die Varsgebek-data geannoteer kon word.

Die data is geannoteer, en die voorkomfrequentie van vaste uitdrukkings in Viva se Korpusportale: Omvattend en Eksklusief is daarna bepaal. Sodoende kon daar vasgestel word watter van die uitdrukkings dikwels in Afrikaans gebruik word om die tweede navorsingsvraag te beantwoord (kyk ook Meyer 2002). Op grond van voorkomfrequentie is daar dan 'n seleksie uit die Varsgebek-data gemaak van vaste uitdrukkings wat verder ondersoek sou word. Die geselekteerde vaste uitdrukkings is vanuit 'n kognitiewe semantiekperspektief geanaliseer en daar is aangedui tot watter semantiese velde hierdie uitdrukkings behoort. Sodoende is die tweede navorsingsvraag se subvrae beantwoord.

### 1.8 Vooruitskouing

Vervolgens word daar in Hoofstuk 2 'n oorsig gegee oor bestaande literatuur wat te make het met vaste uitdrukkings. Die hoofstuk sluit af met 'n fokus op Afrikaanse vaste uitdrukkings waar 'n etiketstel geskep word waarmee die data van die Varsgebek-kompisie geannoteer kan word. In Hoofstuk 3 word daar 'n literatuuroorsig gegee oor die terrein van die kognitiewe semantiek, en die semantiese velde waarin tradisionele Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word, word bespreek. In Hoofstuk 4 word die Varsgebek-data deur 'n korpusanalise ondersoek. Die eerste fase van die korpusanalise behels die annotering van die data met die etiketstel wat in Hoofstuk 2 gepostuleer is. Daarna word daar vir elke vaste uitdrukking in die datastel 'n frekwensietelling verkry deur die uitdrukking op te soek in Viva se Korpusportale: Omvattend en Eksklusief. Die uitdrukkings met die hoogste voorkomfrequentie word sodoende geïdentifiseer. Die hoofstuk sluit af met 'n fokus op 'n analise van die semantiese velde waarin die frekwent voorkomende vaste uitdrukkings aangetref word. In Hoofstuk 5 word die bevindinge van die studie opgesom. Hoofstuk 6 bevat die studie se bibliografie.

### 1.9 Etiese kwessies

Geskrewe toestemming is van Viva gekry om die Varsgebek-data te gebruik. Viva is by name genoem en bedank in die finale magisterverhandeling. Die Varsgebek-data is anoniem aan die

studie en die studieleier verskaf, en dit is dus vir ons onmoontlik om enige persoonlike inligting van die individue wat die data vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf het, te bekom.

Etiese klaring is ook van die Universiteit van Pretoria gekry om die studie te kan uitvoer. Die etieknommer wat toegeken is is HUM017/1122.

## Hoofstuk 2: Vaste uitdrukkings: 'n Literatuurstudie

### 2.1 Inleiding

Idiome en ander vaste uitdrukkings speel 'n belangrik rol in die taalgemeenskap aangesien dit aan die behoefte van taalsprekers om abstrakte idees, gevoelens en konsepte te kommunikeer, voldoen (Barker en Sorhus 1975:17). Hierdie taalverskynsel speel ook 'n baie groot rol in die poësie van daaglikse gesprekvoering (Cacciari en Tabossi 1993:ix).

In hierdie hoofstuk word bestaande literatuur wat handel oor die term **vaste uitdrukkings** opgesom word. Die doel van die hoofstuk is om eerstens aan te toon dat daar nie konsensus in die literatuur is oor hoe die term gedefinieer behoort te word nie (vergelyk Dąbrowska 2018:171; Liu 2008:3). Daar bestaan insgelyks ook geen eenstemmigheid oor hoe vaste uitdrukkings gesubkategoriseer behoort te word nie. 'n Tweede doel van hierdie hoofstuk is daarom om te bepaal watter tipes vaste uitdrukkings in Afrikaans onderskei kan word in 'n poging om uiteindelik 'n terminologietaksonomie op te stel vir die klassifisering en bewerking van die Varsgebek-data (soos beskryf in Hoofstuk 4: 'n Kognitief semantiese analise van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings).

In Afdeling 2.2 word daar gekyk na resente navorsing in die veld van vaste uitdrukkings en in Afdeling 2.3 word die aandag gevestig op die aard en kenmerke van vaste uitdrukkings. Die bevindinge van Afdeling 2.3 word dan in Afdeling 2.4 gebruik ten einde 'n terminologietaksonomie vir die kategorisering van vaste uitdrukkings op te stel. In Afdeling 2.5 word daar gefokus op literatuur wat spesifiek handel oor Afrikaanse vaste uitdrukkings om 'n etiketstel te postuleer waarmee die Varsgebek-data in Hoofstuk 4 geannoteer kan word. Afdeling 2.6 bevat 'n opsomming en samevatting van Hoofstuk 2.

### 2.2 Inleidende opmerkings oor vaste uitdrukkings

Die konsep van 'vaste uitdrukkings' is al vanuit verskeie invalshoeke bestudeer. So byvoorbeeld is die rol van 'n prosodiese interpretasiesisteem by idiomatiese taalgebruik deur Maltese et al. (2012) ondersoek. Tydens hierdie studie is bevind dat 'n individu se sosiokulturele agtergrond en onderrigvlak 'n direkte verband het met metalinguistiese bewustheid, en dus ook op 'n individu se vermoë om die nieletterlike betekenis van vaste uitdrukkings te kan interpreteer. Die tema van idiomatiese taalgebruik in direkte verbintenis met metakognitiewe en psigologiese komponente is ook deur Dinah (2020) bestudeer, en daar is bevind dat die gebruik van verskillende tipes vaste uitdrukkings in die onderwyskonteks 'n positiewe impak het op die rehabilitasieproses van jeugdige oortreders. Navorsing oor die gebruik van idiome en spreekwoorde in die Sepedi-kultuur toon aan dat die gebruik (al dan nie) van vaste uitdrukkings kan dui op groter kulturele verskille tussen generasies (Mapadimeng 2018).

Daar is ook al heelwat ander studies gedoen oor die aard van vaste uitdrukkings in Afrikatale. Mbiti (2002) verwys na die "African Proverbs Project" waar spreekwoorde uit verskeie Afrikalande versamel en gepubliseer is met vertalingsekwivalente in Engels en Frans. Motjuoadi (1991) ondersoek die linguistiese kenmerke en grammatikale afwykings van

spreekwoorde in Suid-Sotho taalgebruik. Hierdie studie is gedoen in navolging van Van Wyk en Bushney (1989) wat spreekwoorde in Noord-Sotho bestudeer het. Sekotlong (1998) ondersoek nuwe idiome in Noord-Sotho deur te fokus op die oorsprong van vaste uitdrukkings, hierdie uitdrukkings te groepeer en dan te kyk na die ontwikkeling van die Noord-Sotho-leksikon.

Wanneer daar spesifiek gefokus word op studies gedoen oor Afrikaanse vaste uitdrukkings, blyk dit dat heelwat navorsing vanuit 'n leksikografiese perspektief gedoen is. Beuke-Muir (2012) bekyk byvoorbeeld die leksikografiese proses wat gevolg word om te bepaal watter uitdrukkings in woordeboeke opgeneem moet word. Sy evalueer ook die terminologie wat in hierdie konteks gebruik word, en fokus einde ten laaste op die taboes waarmee leksikograwe te kampe het tydens die proses van woordeboeksamstelling (Beuke-Muir 2012). Die verband tussen leksikografie en idiomatiese uitdrukkings is vroeër ook deur Botha (1991) nagevors in 'n studie waar daar kritiek gelewer is op die tendens om slegs mikrostrukturele verteenwoordiging te gee aan vaste uitdrukkings in Afrikaanse woordeboeke. Tydens die studie is die lemmatisering van uitdrukkings as meerwoordige leksikale items bestudeer en 'n alternatiewe uitbeelding van idiome en uitdrukkings in woordeboekgebruik is geëvalueer. Soortgelyke studies is gedoen deur Van Niekerk (1992) oor kollokasies, en ook deur Gouws (2013) oor vaste uitdrukkings.

Afrikaanse idiomatiese taalgebruik is verder ook al bestudeer in terme van gebruik in die reklamebedryf. Van Niekerk (2021) bestudeer die invloed van die verdraaiing van meerwoordige leksikale items (MLI's) (byvoorbeeld, "die kalf is in die put" na "die kalf is op die spit") in advertensiekommunikasie deur middel van 'n analiseraamwerk. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die manipulasie van uitdrukkings plaasvind ten einde meer inligting oor die teikenmark, eerder as oor die bemarkte handelsmerk, oor te dra. Sy dui ook aan dat die gebruik van MLI's in die studie se advertensiedatabasis dus gekoppel kan word aan marksegmentering (Van Niekerk 2021).

McLachlan (2015) lewer kommentaar op die manipulasie van Afrikaanse ortografiese en idiomatiese norme in reklame deur die invloed van anglisisme en die algemene gebruik van Engelse woorde in die Afrikaanse kultuur te kritiseer. Hy lewer kommentaar op die bedreiging van tradisionele idioomgebruik in Afrikaans deur te verwys na die invloed van Engels, die ontwikkeling van kruer taal onder Afrikaanssprekendes en die veranderinge in Afrikaanse onderwysmetodologieë. Die veranderinge in die onderrig van Afrikaans op skool, spesifiek in verband met idiomatiese taalgebruik, is vroeër ook deur Botha (1985) bestudeer en daar is aangedui dat idiomatiese taalgebruik meestal net in taaloefeninge voorkom, en soms in leerders se skryfwerk, maar dat dit baie selde in algemene spreektaal voorkom. Die gevolgtrekking van die studie is dat jonger generasies, weens veranderde lewenswyses en minder blootstelling aan spesifieke vaste uitdrukkings, nie meer bewus is van die semantiese velde en agtergronde waaruit sekere uitdrukkings ontstaan het nie.

Verskeie studies oor die semantiese onderbou van geselekteerde Afrikaanse vaste uitdrukkings is ook al gedoen. Bosman (2007) bekyk byvoorbeeld uitdrukkings met “brood” en “botter”. Sy maak gebruik van die Motiveringsteorie as teoretiese raamwerk, en kom tot die gevolgtrekking dat sprekers oor die kapasiteit beskik om makliker ’n kognitiewe skakeling tussen die letterlike en die figuurlike betekenis van sekere woorde in ’n idioom te kan skep ten einde ’n idiomatiese betekenis aan die uitdrukking te kan koppel, indien die idioom meer bekend/gevestig is. Bosman (2015) bestudeer, met behulp van ’n korpusgebaseerde analise, die leksikaal semantiese konteks waarin “eet” en “drink” in Afrikaanse tekste voorkom.

Bosman en Taljard (2021) evalueer die “Conceptual Theory Model” waarin gestel word dat die betekenis van ’n metafoor direk gekoppel kan word aan die kartering tussen ’n oorsprongdomein (’n meer konkrete en fisiese domein) en ’n teikendomein (abstrakte betekenisdomein). Tydens die studie is metafore uit die semantiese veld van “bloed” ondersoek deur middel van ’n kruislinguistiese analise waarin hulle Afrikaanse en Noord-Sotho-data vergelyk.

Uit die bogenoemde blyk dit duidelik dat die meeste resente navorsing oor Afrikaanse vaste uitdrukkings die leksikografie of pragmatiek (meer spesifiek die taalgebruik van reklameveldtogte) betrek. Daarbenewens is enkele studies uitgevoer waarin ’n beperkte dataset in ’n spesifieke semantiese veld bekyk is. Daar is nog geen navorsing gedoen oor die frekwensie van vaste uitdrukkings in hedendaagse Afrikaans nie.

In Afdeling 2.3 word navorsing wat gedoen is oor die aard en eienskappe van vaste uitdrukkings bespreek. Die fokus word spesifiek op die wesenskenmerke van vaste uitdrukkings geplaas. Hierdie wesenskenmerke kan dan vervolgens gebruik word om verskillende tipes vaste uitdrukkings van mekaar te onderskei.

### 2.3 Aard van vaste uitdrukkings

Carstens (1990:185) haal Fernando en Flavell (1981:47) aan en bespreek vier wesenskenmerke van vaste uitdrukkings<sup>2</sup>. Die eerste wesenskenmerk behels dat die sintaksis van ’n vaste uitdrukking nie-korrelatief en **nonkomposisioneel** is, aangesien die semantiek daarvan nie die gevolg is van die samevoeging van die konstituente se betekenis nie. Die tweede eienskap behels dat vaste uitdrukkings ’n letterlike, **homonimiese komponent** omvat, aangesien vaste uitdrukkings beide ’n letterlike en ’n nie-letterlike betekenis oordra en dus meerduidig kan wees. Vaste uitdrukkings vervul derdens die funksie van ’n **sintaktiese eenheid** met relatiewe leksikale integriteit. Die laaste karakteristieke eienskap behels dat vaste uitdrukkings **geïnstitusioneel** is en in die volksmond erken en algemeen gebruik word. Fernando en Flavell (1981), soos aangehaal deur Carstens (1990:185), ag beide die eerste eienskap van ’n vaste uitdrukking<sup>3</sup> as ’n nonkomposisionele samestelling en die tweede

---

<sup>2</sup> Carstens (1990) gebruik die term “idioom” om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukkings wat ’n geïnstitusioneerde sintaktiese eenheid is, wat nie-korrelatief is en wat ook ’n homonimiese komplement het.

<sup>3</sup> Fernando en Flavell (1981) gebruik die term “idioom” om te verwys na beide idioome en ander vaste uitdrukkings.



eienskappe van homonimie as ewe belangrik vir die definiëring van 'n vaste uitdrukking, maar Carstens (1990:185) verduidelik dat Makkai (1972) en Weinreich (1980) die eerste en tweede eienskappe onderskeidelik as die definiërende eienskap van 'n vaste uitdrukking beskou.

Moon (1998:6-8) definieer vaste uitdrukking<sup>4</sup> op soortgelyke wyse deur die kenmerke van nonkomposisionaliteit en institusionalisering te beklemtoon. 'n Teenstrydigheid is egter te vinde tussen die klassifiserings wat in Moon (1998) en in Fernando en Flavell (1981) bespreek word: Fernando en Flavell (1981), soos aangehaal deur Carstens (1990:185), sit uiteen hoedat vaste uitdrukking as "'n sintaktiese eenheid met relatiewe leksikale integriteit" beskryf kan word. Volgens Moon (1998) kan dié eienskap as twee verskillende wesenskenmerke van vaste uitdrukking, naamlik vaste uitdrukking se "sintaktiese integriteit" (met verwysing na uitdrukking as 'n sintaktiese eenheid) en "leksikogrammatikale vastheid" (met verwysing na die eienskap van relatiewe leksikale integriteit), geag word. Moon (1998:8-9) lys egter nie die tweede kenmerk van homonimiteit waarna Fernando en Flavell (1981:32) verwys nie, maar lys twee verdere kriteria as wesenskenmerke van idiome: 'n Ortografie van twee of meer woorde, en fonologiese kriteria wat behels dat vaste uitdrukking deur 'n bepaalde uitspraak herken kan word.

Na aanleiding van die besprekings deur Fernando en Flavell (1981) en Moon (1998), ondersoek die volgende afdeling sewe karakteristieke eienskappe as moontlike wesenskenmerke van vaste uitdrukking. Die vier wesenskenmerke van vaste uitdrukking wat deur Fernando en Flavell (1981:47), soos aangehaal deur Carstens (1990:185), gelys word, word bespreek. Die eerste twee wesenskenmerke wat bespreek word, is nonkomposisionaliteit en homonimie. Fernando en Flavell (1981) se derde wesenskenmerk, naamlik dat 'n vaste uitdrukking as 'n sintaktiese eenheid omskryf word deur relatiewe leksikale integriteit, word, in ooreenstemming met Moon (1998), in twee afsonderlike kenmerke, naamlik sintaktiese integriteit en leksikogrammatikale vastheid, verdeel en bespreek word. Die vyfde wesenskenmerk wat bespreek word, is institusionalisering, soos bespreek deur beide Fernando en Flavell (1981) en Moon (1998). Moon (1998) se eienskappe van vaste uitdrukking as uitdrukking met 'n bepaalde ortografie en fonologie sal ook bespreek word.

Die afdeling sal gevolglik op die volgende sewe kenmerke fokus: nonkomposisionaliteit (Afdeling 2.3.1), homonimie (Afdeling 2.3.2), sintaktiese eenheid (Afdeling 2.3.3), leksikogrammatikale vastheid (Afdeling 2.3.4), institusionalisering (Afdeling 2.3.5), ortografiese kriteria (Afdeling 2.3.6) en fonologiese kriteria (Afdeling 2.3.7).

Die eerste karakteristieke eienskap van nonkomposisionaliteit word in die volgende afdeling bespreek.

---

<sup>4</sup> Moon (1998) maak gebruik van die term "fixed expressions (including idioms) (FEIs)" om te verwys na idiome en ander tipes vaste uitdrukking.



### 2.3.1 Nonkomposisionaliteit

Die eerste wesenskenmerk van vaste uitdrukkings wat tydens die literatuurstudie ondersoek word, behels dat vaste uitdrukkings nonkomposisioneel saamgestel is. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat vaste uitdrukkings beskryf kan word as sintaktiese gelede lekseme waarvan die vorm en betekenis onafhanklik en onveranderd as 'n eenheid aangeleer en gekonseptualiseer moet word (Malherbe 1924:21; Carstens 1990:183). Die betekenis van die uitdrukking kan nie deur die somtotaal van die betekenis van die samestellende konstituente bepaal word nie (Gouws 1989:384). 'n Idioom kan gevolglik geklassifiseer word as "enige komplekse uitdrukking (kompositum, stuk of sin) waarvan die geheelbetekenis nie verantwoord kan word as 'n komposisionele funksie van die betekenis van die konstituente daarvan in vrye sintaktiese verbindings het nie" (Carstens 1990:183).

Vaste uitdrukkings het gevolglik 'n oppervlakkige en duidelike letterlike betekenis tesame met 'n idiomatiese betekenis wat die taalgebruiker nie kan aflei aan die hand van die individuele konstituente nie. Carstens (1990:186) verduidelik hoedat diachroniese faktore dikwels lei tot die ondeursigtigheid van vaste uitdrukkings wanneer taalgebruikers nie meer bewus is van die agtergrond wat aanleiding gegee het tot die skepping van die spesifieke uitdrukking in 'n bepaalde linguïstieke milieu nie. Die uitdrukking *in die stof byt* word as voorbeeld bespreek om te illustreer hoedat Afrikaanssprekers nie noodwendig bewus is van die idioom se oorsprong uit Nederlands nie. Die uitdrukking het ontstaan tydens die riddertydperk waar sand gebruik is om die veld vir riddertoernooie te bedek.

Die impak van eksterne faktore, byvoorbeeld die konteks waarin 'n vaste uitdrukking gebruik word en die kulturele agtergrond van die taalgebruiker, speel dus 'n kardinale rol in die interpretasie van vaste uitdrukkings (De Beer 1989:141; Grant en Bauer 2004:39). Vaste uitdrukkings, onder andere spreekwoorde, bestaan uit "innerlike en uiterlike vormeienskappe wat dit bo alledaagse prosa verhef" (Malherbe 1924:21).

Volgens Carstens (1990:188) is daar wel te alle tye ook deursigtige vaste uitdrukkings wat in 'n taal gebruik word. Navorsing gedoen deur Fernando en Flavell (1981) word in Carstens (1990:189-191) aangehaal en as basis gebruik vir die ontwerp van 'n deursigtigheidsskaal waarmee die ooreenkomste tussen 'n uitdrukking se idiomatiese en letterlike betekenis beskryf en geklassifiseer kan word. Volgens Carstens (1990:190-191) se deursigtigheidsskaal kan vaste uitdrukkings in twee kategorieë van meerwoordstukke, afhangende van die graad van deursigtigheid, geplaas word: Uitdrukkings met die sterkste korrelasie tussen die idiomatiese en letterlike betekenis word as **kollokasies** gekategoriseer, terwyl die ondeursigtigste uitdrukkings as **idiome** gekategoriseer word. Die konsep van 'n digotomie tussen die letterlike en idiomatiese betekenis van 'n vaste uitdrukking word verder in Afdeling 2.3.2 bespreek.

### 2.3.2 Homonimie

'n Tweede eienskap van vaste uitdrukings behels die sintakties-semantiese eienskap van **homonimiteit** aangesien vaste uitdrukings 'n letterlike homonimiese komplement het en as "n sintaktiese gelede eenheid wat naas die nie-letterlike ook 'n letterlike interpretasie het" (Carstens 1990: 185) gedefinieer kan word.

Homonimiese uitdrukings is meerdudig en gevolglik potensieel misleidend vir taalgebruikers (Makkai 1972:28). Makkai (1972) beskou dié eienskap as die belangrikste kenmerk van vaste uitdrukings<sup>5</sup> (Carstens 1990:185). Fernando en Flavell (1981:33) redeneer egter dat uitdrukings wat waarheidsvoorwaardes oortree en wat nie 'n letterlike komplement het nie (vergelyk *dit reën katte en honde* en *iemand se ore van sy/haar kop afpraat*), sowel as uitdrukings met grammatiese en leksikale idiosinkrasieë, nie as egte idiome gedefinieer kan word nie.

Voorbeelde van uitdrukings met **grammatikale en leksikale idiosinkrasieë** sluit in:

- morfologiese idiosinkrasieë: *ter elfder ure, ditjies en datjies, aardjie na sy vaartjie*
- sintaktiese idiosinkrasieë: *op hande wees, sy lyf jongkêrel hou, deur en deur*
- leksikale idiosinkrasieë: *iemand se gô is uit, hiet en gebied*

Volgens Makkai (1972:169), soos aangehaal deur Carstens (1990:194), is meerdudigheid 'n wesenskenmerk van vaste uitdrukings en word uitdrukings met grammatiese en leksikale idiosinkrasieë gevolglik as "pseudo-idiome" of "nie-egte idiome" gedefinieer. Weinreich (1980:226) ondersteun die argument dat uitdrukings met idiosinkrasieë nie as egte vaste uitdrukings beskou kan word nie, in teenstelling met die teorieë van Fraser (1970) en Katz en Postal (1963) waar geredeneer word dat vaste uitdrukings nie beide 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis hoef te bevat nie (Liu 2008:7). Weinreich (1980:254) tref gevolglik onderskeid tussen idiome (*toe-oë-afpraak, iemand se been trek*) as uitdrukings met beide 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis, en stabiele kollokasies (*bates en laste, bose kringloop*) as uitdrukings met 'n vaste formaat, maar wat nie beide 'n letterlike en idiomatiese betekenis oordra nie. Volgens Weinreich (1980) se kategoriseringsstelsel is slegs uitdrukings met beide 'n letterlike en idiomatiese betekenis volwaardige idiome. Stabiele kollokasies word gekenmerk as stabiele en bekende uitdrukings, maar ook as uitdrukings wat nie idiomatiese is en wat ook nie uit frases bestaan nie ('phraseological') (Weinreich 1980:254). Carstens (1990:195) redeneer egter dat uitdrukings met grammatiese idiosinkrasieë wel as egte vaste uitdrukings geklassifiseer kan word aangesien dit aan die sentrale eienskap van vaste uitdrukings as 'n nonkomposisionele samestelling voldoen weens die samestelling van die uitdrukings met 'n afwyking vanaf die konvensionele taalreëls.

Moon (1998:4) maak soortgelyk gebruik van die wesenskenmerk van homonimie as aspek om vaste uitdrukings te kategoriseer. Volgens Moon (1998:5) se kategorisering word vaste

---

<sup>5</sup> Makkai (1972) gebruik die term "idioom" om te verwys na beide idiome en ander vaste uitdrukings.

uitdrukkings gekenmerk as halfdeursigtige ('semi-transparent') en ondeursigtige ('opaque') metaforiese uitdrukkings. Die navorsing stem dus tot 'n mate ooreen met Carstens (1990:201-205) se deursigtigheidskaal, soos bespreek in Afdeling 2.3.1. Volgens Moon (1998) se klassifiseringstaksonomie kan uitdrukkings soos *die aap uit die mou laat* en *die kers aan twee kante brand* as voorbeelde van idiome gelys word. Die term **vaste uitdrukkings** word daarby gebruik om te verwys na onder andere bevrore kollokasies ('frozen collocations'), kollokasies met swak gevormde grammatika, spreekwoorde, uitinge gebaseer op formules ('routine formulae'), gesegdes en vergelykings (Liu 2008:11). Volgens Liu (2008:11) ondersoek Moon (1998) egter die probleem van 'n konkrete onderskeid tussen idiome en ander vaste uitdrukkings, en onderskei gevolglik slegs in teorie tussen die twee terme deurdat daar gebruik gemaak word van die omvattende term "fixed expressions (including idioms)" (FIEs) om in die geheel te verwys na idiomatiese uitdrukkings.

Grant en Bauer (2004:51-52) onderskei tussen idiome<sup>6</sup> en figuurlike uitdrukkings na aanleiding van die verskille in terme van die wesenskenmerke van vaste uitdrukkings, en definieer idiome op grond van die wesenskenmerke van beide nonkomposisionaleiteit en homonimie deurdat die figuurlike betekenis van die uitdrukking nie vanuit die konstituente afgelei kan word nie. Liu (2008:12) toon aan hoedat 'n uitdrukking soos *twee vlieë met/in een klap slaan/vang* dus as figuurlike uitdrukkings (en nie as idiome nie) volgens die kategoriseringsstelsel van Grant en Bauer (2004) beskryf kan word. 'n Spreker kan die afleiding maak dat die uitdrukking 'n nieletterlike betekenis oordra waarna die betekenis na aanleiding van pragmatiese herinterpretasie afgelei word. Ware idiome, soos 'n *appeltjie met iemand te skil hê*, is egter uitdrukkings waarvan nóg die letterlike, nóg die idiomatiese betekenis deur komposisionele analise afgelei kan word. Grant en Bauer (2004:51) redeneer verder ook dat idiome anders aangeleer en geprosesseer word as ander meerwoordige leksikale items (MLI's).

Volgens Liu (2008:20) is die beperkte definiëring van Grant en Bauer (2004) vir pedagogiese doeleindes opgestel ten einde te voorkom dat 'n te wye groep uitdrukkings as idiome geklassifiseer word, wat gevolglik die onderrig en leer daarvan belemmer. Liu (2008:20) verduidelik dat alhoewel Grant en Bauer (2004) se kategoriseringsstelsel die onderrigveld van vaste uitdrukkings vergemaklik, kan die stelsel egter gekritiseer word. Volgens Liu (2008:20) kan die argument gevoer word dat die pragmatiese herinterpretasie wat gebruik word ten einde idiome van ander figuurlike uitdrukkings te onderskei, tot 'n groot mate van 'n spreker se individuele interpretasie van die uitdrukking afhang, afhangende van die spreker se kennis van die uitdrukking se oorsprong. Grant en Bauer (2004:38) onderskei verder ook tussen ander MLI's, wat in drie hoofteipes verdeel kan word: Letterlike MLI's (*aandag trek*, *Geseënde Kersfees*), figuurlike MLI's (*die kar voor die perde span*) en ONCE ('one non-compositional element'), wat verwys na uitdrukkings waar slegs een woord nonkomposisionaal is of nie-

---

<sup>6</sup> Grant en Bauer (2004) maak gebruik van die terme "core idioms" en "figurative expressions" om te onderskei tussen teipes vaste uitdrukkings op grond van verskillende wesenskenmerke.

letterlik gebruik word – vergelyk *jou disnis skrik* (Engelse voorbeelde sluit in ‘*dog days*’, ‘*have designs on something*’). ONCE kan dus ook figuurlik wees (Liu 2008:20).

Liu (2008:21) bespreek verder ook die teenstrydigheid te vinde in die literatuur oor die klassifisering van **skeibare werkwoorde** (‘phrasal verbs’) as vaste uitdrukkings. Volgens Liu (2008:22) kan geredeneer word dat sekere skeibare werkwoorde ’n figuurlike sowel as ’n letterlike betekenis kan hê en dus aan die vereiste van homonimie voldoen – vergelyk *om iemand te nader* en *om iemand raak te loop*. Ander skeibare werkwoorde is daarbenewens ook nonkomposisioneel en nieletterlik – vergelyk *om iemand op te hemel* en *om af te boender* (Engelse voorbeelde sluit in ‘*boil down to*’, ‘*come by*’, ‘*put up with*’ en ‘*turn up*’). Liu (2008:22-23) bespreek verder ook hoedat skeibare werkwoorde ook ’n mate van leksikogrammatikale vastheid (kyk Afdeling 2.3.4) het, aangesien daar vaste kriteria bespreek kan word vir die definiëring van skeibare werkwoorde. Volgens die kriteria kan ’n bywoord nie tussen die werkwoord en die werkwoordpartikel van ’n skeibare werkwoord gebruik word nie – vergelyk \*‘*She turned quickly down the proposal*’. Die kriteria is egter nie van toepassing op Afrikaanse skeibare werkwoorde nie – vergelyk *Ons tyd loop vinnig uit*, waar die bywoord *vinnig* tussen die werkwoord *loop* en die werkwoordpartikel *uit* gebruik kan word. Die tweede criterium stel dat ’n werkwoordpartikel nie aan die begin van ’n sin gebruik kan word nie – vergelyk \*‘*Uit loop ons tyd*’. Skeibare werkwoorde het derdens nie net ’n letterlike betekenis nie, maar ook ’n idiomatiese betekenis – vergelyk byvoorbeeld die letterlike betekenis van *uitloop* in *Sy loop by die kamer uit* teenoor die figuurlike betekenis in *Ons tyd loop vinnig uit*.

In die volgende afdeling word die kenmerk van ’n vaste uitdrukking as ’n sintaktiese eenheid bespreek.

### 2.3.3 Sintaktiese eenheid

’n Verdere kenmerkende eienskap van vaste uitdrukkings is dat die woordgroep as ’n leksikale item beskou kan word en dat dit ’n bepaalde semantiese funksie as ’n **sintaktiese eenheid** uitvoer (De Beer 1989:142; Gouws 1989:384). Idiome vorm dus ’n leksikale eenheid wat dikwels as ’n sinoniem vir ’n enkele woord gebruik kan word – vergelyk *van heinde en verre* en *oraloor* (De Beer 1989:16; Glucksberg 1993:6).

Moon (1998:8-9) verduidelik hoedat vaste uitdrukkings kan funksioneer as:

- bepalinge (‘adjuncts’): *deur dik en dun*
- komplemente (‘complements’): *lank in die tand*
- uitdrukkings met naamwoorde as kern frase (‘nominal groups’): *die druppel wat die emmer laat oorloop*
- meerwoordige bywoorde (‘sentence adverbials’): *te wete* (Engelse voorbeelde sluit in ‘*by and large*’)
- volsinne (‘whole clauses or utterances’): *moenie ’n gegewe perd in die bek kyk nie*
- werkwoorde met komplemente (‘verbs and their complementation’): *’n klip in die bos gooi, die strydbyl begrawe*

De Beer (1989:107-116) bespreek Makkai (1972) en lys drie hooftipes vaste uitdrukkings<sup>7</sup>: Sintaktiese, semantiese (kyk Afdeling 2.3.5) en kulturele vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.5). Die eienskap van 'n vaste uitdrukking as 'n sintaktiese eenheid is spesifiek prominent van belang in Makkai (1972:128-129) se klassifisering van sintaktiese vaste uitdrukkings aangesien dié tipe vaste uitdrukking gedefinieer word as 'n meerwoordige lekseem wat die rol van 'n enkele lekseem vul (De Beer 1989:107-116). Die betekenis kan dus nie afgelei word uit die onderskeie betekenis van die uitdrukking se konstituente nie (Liu 2008:6).

De Beer (1989:116-125) bespreek vier van Makkai (1972:135-167) se kategorieë van **sintaktiese vaste uitdrukkings** ('lexemic idioms'): Werkwoordelike sinsdeelidiome ('phrasal verbs'), tournures, onomkeerbare binomiale ('irreversible binominals') en sinsdeelidiome ('phrasal compounds'). Makkai (1972:168-169) onderskei verder ook tussen inkorporerende werkwoordelike idiome ('incorporating verbs') en pseudo-idiome ('pseudo-idioms'). Elkeen van hierdie tipes word vervolgens kortliks bespreek.

- **Werkwoordelike sinsdeelidiome** verwys na konstruksies wat bestaan uit 'n werkwoordelike komponent tesame met 'n voorsetsel- of bywoordelike gedeelte. Die betekenis word nie deur die individuele komponente nie, maar deur die idiome as 'n geheel oorgedra. 'n Voorbeeld van 'n werkwoordelike sinsdeelidoom is *terugval op*.
- **Tournures** bestaan uit minstens drie leksikale elemente wat individueel in sinne as lekseme gebruik kan word. Tournures word van werkwoordelike sinsdeelidiome onderskei deurdat tournures nie 'n groot mate van sintaktiese of strukturele variasie kan toon nie. Tournures kan wel variasie in terme van morfologiese elemente, byvoorbeeld werkwoordfleksie, toon. Die karakteristiek word uitgebeeld in die uitdrukking *die lepel in die dak steek* wat gebruik kan word as *Hy het lepel in die dak gesteek*, maar nie as *\*lepels in die dak steek* nie.

Daar kan verder onderskei word tussen tournures:

- met verpligte "dit": **dit uitmaak** (*met iemand*)
- met 'n verpligte "daar"-vorm wat laaste staan: *om te vra* **daarvoor**
- met 'n verpligte bepaalde lidwoord: **die** *kalf uit die put* **haal**
- met 'n verpligte onbepaalde lidwoord: *lyk op 'n haar* **na**
- sonder lidwoord: *iemand op hoogte* **hou van sake**
- met 'n onomkeerbare binomiaal: *reën* **katte en honde**
- waar die hoofwerkwoord deur 'n direkte voorwerp en (opsionele) bepaler(s) gevolg word: (*iemand*) **bou kastele in die lug**
- met 'n onoorganklike werkwoord gevolg deur voorsetselbepalings: *val* **op dowe ore**

---

<sup>7</sup> De Beer (1989) gebruik die term "idioom" as 'n oorkoepelende term vir idiome, uitdrukkings, gesegdes, segswyses, sinwendings en uitdrukkingswyses. De Beer (1989) tref egter onderskeid tussen idiome, spreuke, spreekwoorde, gevleuelde woorde en clichés.

- met “wees” as hoofwerkwoord: *in die wolke wees*
  - waar die vorm as ’n saamgestelde bywoord funksioneer en uit verskillende lekseme saamgestel word: *om die waarheid te sê*
- **Onomkeerbare binomiale** is sintaktiese idiomie wat bestaan uit twee dele wat deur beperkte skakelkomponente verbind word en meestal nie omgeruil kan word nie. Voorbeelde van onomkeerbare binomiale is *min of meer* en *brood en botter*. Soortgelyke tipes uitdrukkings sluit in binominale uitbreidings, uitdrukkings met identiese lede, en parataktiese konstruksies. Binominale uitbreidings is uitdrukkings waar verskillende binomiale verbind en tesame (*by die een oor in en die ander een uit*) of opeenvolgend (*Ek slaan hom toe bo en onder, agter en voor*) gebruik word. Identiese lede verwys na konstruksies met identiese woorde wat deur ’n skakelkomponente geheg word (*hand oor hand*). Parataktiese konstruksies word gedefinieer as konstruksies waar twee elemente sonder ’n skakelement verbind word (*woertswarts*).

Verskillende soorte onomkeerbare binomiale sluit in uitdrukkings in verband met:

- mense: *Adam en Eva, pa en seun*
  - eetbare voedsel: *sout en peper, melk en heuning*
  - aanwysers: *in en uit, dit en dat*
  - voorrang van die eerste gebeurtenis: *dag en nag, kom en gaan*
  - voorrang van die voorkeertoestand: *in siekte en gesondheid, deur dik en dun*
  - ekwivalensie: *siek en sat, tussen die duiwel en die blou see*
- **Sinsdeelidiome** het te make met leksikalisering deurdat terme verbind word weens onder andere diachroniese semantiese verandering. Sinsdeelidiome verbind twee woorde en word as een woord geskryf, “hoewel die twee komponente tog duidelik nie altyd so heg vasgegroeï het dat dit as ’n samestelling beskou moet word nie” (De Beer 1989:130). *Boekwurm* en *hoendervleis* is voorbeelde van sulke sinsdeelidiome.
  - **Inkorporerende werkwoordelike idiomie** is soortgelyk aan sinsdeelidiome, maar het te make met die leksikalisering van werkwoorde in plaas van selfstandige naamwoorde. ’n Voorbeeld van ’n inkorporerende werkwoordelike idiomie is *mensejag* (‘*man-hunt*’).
  - **Pseudo-idiome** word gedefinieer as idiomie waar woorde en frases met een of meer skimstamme (‘cranberry morphemes’) wat nie geïsoleer gebruik kan word nie en wat nie ’n betekenis oordra nie, gekombineer word. Voorbeelde van Afrikaanse skimstamme kom voor in *biltong* en *sprinkaan* aangesien *bil-* en *-kaan* in geen ander Afrikaanse woorde voorkom nie. Pseudo-idiome is dus soortgelyk aan onomkeerbare binomiale, sinsdeelidiome en inkorporerende werkwoordelike idiomie, aangesien die



uitdrukkings ook deur die kombinasie van woorde gevorm word, maar word onderskei deur die gebruik van skimstamme (Liu 2008:17).

Sintaktiese idioome, ook genoem **lekseemidiome** ('phraseological idioms'), word dus gekenmerk deur die eienskap dat die vaste uitdrukking moontlik moeilik sal wees om te begryp, ongeag die feit dat die betekenis van die samestellende komponente individueel maklik toeganklik is. Sintaktiese idioome kan gevolglik 'n spreker wat nie met die vaste uitdrukking vertrou is nie, disinformeer. Makkai (1972) se beskrywing van die eienskap van idioome as uitdrukkings met die moontlikheid van disinformasie, toegeskryf aan die vaste sintaktiese en morfologiese patrone wat in die uitdrukking voorkom en wat deur die taalgebruiker verkeerd geïnterpreteer kan word, ondersteun dus terselfdertyd ook twee wesenskenmerke van vaste uitdrukkings, naamlik homonimie en nonkomposisionaleiteit.

#### 2.3.4 Leksikogrammatikale vastheid

Die vierde karakteristieke eienskap van vaste uitdrukkings behels dat die uitdrukkings tot 'n meerdere of mindere mate van konvensionele morfologiese en sintaktiese konstruksies gebruik maak en gevolglik deur **relatiewe leksikale integriteit** gekenmerk kan word (Carstens 1990:195-196). 'n Transformasionele beperking is dus steeds merkbaar aangesien slegs sekere transformasies in bepaalde uitdrukkings moontlik is ten einde te voorkom dat uitdrukkings onwelgevormd is. Daar kan dus afgelei word dat vaste uitdrukkings sintakties geled is en beperk is tot bepaalde modifikasies. Moon (1998:7) verwys na hierdie eienskap van vaste uitdrukkings as **leksikogrammatikale vastheid** of **formele rigiditeit**.

Carstens (1990:196-198) verduidelik dat Afrikaanse vaste uitdrukkings wel bepaalde transformasies kan ondergaan sonder dat die uitdrukkings "verletterlik" word. Voorbeelde van die **aanvaarbare modifikasies** sluit in:

- die passieftransformasie: *Hy voer iets in die mou.* teenoor *Iets word deur hom in die mou gevoer.*
- dat-invoeging: *Die aap is uit die mou.* teenoor *Dat die aap uit die mou is, is...*
- nominalisering deur woordvorming: *Sarel draai doekies om.* teenoor *Sarel se doekiesomdraaiery.*
- voorsetselverskuiwing: *Bert is getroud met sy werk.* teenoor *Bert is met sy werk getroud.*
- bywoordinvoeging: *Die appel val nie ver van die boom nie.* teenoor *Die appel val werklik nie ver van die boom nie.*

Beperkinge is egter van toepassing by bywoordinvoeging aangesien die byvoeging van sekere bywoorde van tyd lei tot 'n letterlike in plaas van 'n figuurlike interpretasie (vergelyk *Die appel het gister nie ver van die boom geval nie*).

Carstens (1990:198-200) lys verder ook **transformasionele beperkinge** wat kan lei tot onreëlmatigheid of die “verletterliking” van uitdrukkings. Voorbeelde van transformasionele beperkinge sluit in:

- splyting/splitsing: *Jan is in die sop.* teenoor *Dit is in die sop wat Jan is.*
- vooropplasing: *Hy het Janus se hand in die as geslaan.* teenoor *In die as het hy Janus se hand geslaan.*
- pronominalisasie: *Sy het die emmer geskop.* teenoor *Sy het die emmer geskop en 'n jaar later het haar man ook die emmer geskop.*
- fleksiemodifikasie in verband met getalsaanduiding deur 'n naamwoord of deur adjektiefverbuiging: *Hy was so kwaad dat hy slange kon vang.* teenoor *Hy was so kwaad dat hy 'n slang kon vang.*

Carstens (1990:201-207) verwys verder na navorsing gedoen deur Fraser (1970) waar ondersoek word hoedat verskillende **vlakke van bevrorenheid** of **idioomatigheid** in Engelse vaste uitdrukkings geobserveer kan word. Volgens Fraser (1970) se model is idiome produktief en kan dit bepaalde transformasies ondergaan ('transformation-permissible') (Carstens 1990:195). Fraser (1970) se hiërargie verdeel uitdrukkings gevolglik volgens onbeperk, rekonstitusie, ekstraksie, permutasie, invoeging, adjunksie, en volkome bevrore (nie-beperk). Hierdie kategorieë word vervolgens kortliks toegelig.

- **Volkome bevrore (V0):** Uitdrukkings wat geen verandering kan toon nie.
- **Adjunksie (V1):** Uitdrukkings wat die gerundnominaliseringstransformasie ('gerundive nominalization transformation') kan ondergaan waartydens 'n naamwoord geskep word deur die modifikasie van die werkwoord. In Engels kan *-ing* by 'n hoofwerkwoord gevoeg word, byvoorbeeld *'Tom's kicking the bucket'* teenoor *'Tom kicked the bucket'*. Carstens (1990:201-202) verduidelik dat nominalisering in Afrikaans egter plaasvind wanneer 'n samestellende afleiding deur die samevoeging van 'n hoofwerkwoord en 'n voorwerp tesame met byvoorbeeld *-ing* of *-ery* as nominaliserende affiks, gevorm word. Voorbeelde hiervan sluit in *iemand se uiltjieknippery* en *iemand se stokkiesdraaiery*.
- **Invoeging (V2):** Uitdrukkings kan die byvoeging van 'n nie-idiomatiese konstituent ondergaan. 'n Voorbeeld van so 'n tipe transformasie is bywoordinvoeging, byvoorbeeld *Dit berus by hom.* teenoor *Dit berus uitsluitlik by hom.* (Carstens 1990:202-203).
- **Permutasie (V3):** Uitdrukkings toon 'n verskuiwing van die samestellende komponente. 'n Voorbeeld van permutasie in 'n Afrikaanse uitdrukking is die verandering van *Bert is met sy werk getroud.* na *Bert is getroud met sy werk.* (Carstens 1990:203).
- **Ekstraksie (V4):** Uitdrukkings kan die passieftransformasie ondergaan deurdat die voorwerp en onderwerp omgeruil kan word, byvoorbeeld *Hy lei my aan die neus.* teenoor *Ek word aan die neus gelei.*



- **Rekonstitusie** (V5): Uitdrukkinge kan in selfstandige naamwoorde omskep word. Carstens (1990:205) verduidelik egter dat rekonstitusie minder in Afrikaanse uitdrukkinge voorkom, aangesien nominale uitdrukkinge onnatuurlik voorkom. Vergelyk byvoorbeeld *Hulle dien Mammon*. teenoor *Hulle dienery van Mammon*.
- **Nie-beperk** (V6): Uitdrukkinge toon geen beperking in aanvaarbare transformasies nie. Fraser (1970), soos aangehaal deur Liu (2008:7), meen egter dat geen idioom as nie-beperk beskou kan word nie.

Liu (2008:8) verduidelik dat 'n Engelse uitdrukking wat 'n transformasie van 'n hoër vlak kan ondergaan, ook die transformasies van die laer vlak(ke) kan ondergaan. Carstens (1990:205) redeneer egter dat sekere Afrikaanse vaste uitdrukkinge modifikasies van hoër vlakke toelaat, maar nie van laer vlakke nie. 'n Alternatiewe hiërargie kan dus vir Afrikaans opgestel word, maar die proses word beïnvloed deur 'n gebrek aan 'n korrelasie tussen semantiese ondeursigtigheid en sintaktiese bevrorenheid.

Newmeyer (1974) ondersteun ook die karakteristieke eienskap van vaste uitdrukkinge se leksikogrammatikale vastheid deur te redeneer dat vaste uitdrukkinge dieselfde modifikasies kan ondergaan as wat die letterlike ekwivalente van die uitdrukkinge kan ondergaan (Carstens 1990:200). Wood (1981), soos deur Liu (2008:11) bespreek, is egter van mening dat vaste uitdrukkinge deur beide totale nonkomposisionaliteit en totale onproduktiwiteit gekarakteriseer word en verduidelik dat die uitdrukking *die emmer skop*, byvoorbeeld nie dieselfde transformasies as nie-idiomatiese uitdrukkinge soos *die bal skop* kan ondergaan nie. Volgens Liu (2008:11) redeneer Wood (1981) daarby ook dat 'n vaste uitdrukking nie homonimies hoef te wees nie en dus nie beide 'n letterlike en 'n idiomatiese betekenis hoef oor te dra nie. *Ter wille van* is 'n voorbeeld van so 'n tipe vaste uitdrukking aangesien dit net 'n letterlike betekenis het. Wood (1981), soos bespreek deur Liu (2008:11), ondersteun gevolglik die argument van Bolinger (1975) dat 'n kontinuum van vaste uitdrukkinge opgestel kan word waarin uitdrukkinge as idioome, kollokasies, clichés, uitinge gebaseer op formules ('formulae') of vrye vorme ('free forms') geklassifiseer kan word.

Liu (2008:9-10) bespreek navorsing gedoen deur Fernando (1978, 1996) waar die graad van variasie te vinde in 'n woord of uitdrukking, gebruik word om te onderskei tussen **idioome** en **gewone kollokasies** ('habitual collocations'). Volgens Fernando (1978, 1996) word idioome gekenmerk deur beperkte variasie terwyl gewone kollokasies 'n hoë graad van verandering kan toon en meer transformasies kan ondergaan. Tesame met die onderskeid tussen idioome en gewone kollokasies, onderskei Fernando (1978, 1996) ook tussen verskillende idioome op grond van semantiese en strukturele vereistes (Liu 2008:10).

Wanneer die fokus geplaas word op semantiese variasie, word idioome as **suiwer/nie-letterlik** ('pure'/'non-literal'), **semi-letterlik** ('semi-literal') en as **letterlik** ('literal') gekategoriseer. Op sintaktiese vlak, kan idioome as **onveranderlike idioome** ('invariant idioms') of as **idioome met beperkte variasie** ('idioms of restricted variance') geklassifiseer word. Die uitdrukkinge 'n *rot*

*ruik en hond se gedagte kry* kan dus terselfdertyd beide as 'n suiwer idioom, as gevolg van die onduidelike idiomatiese betekenis, en as 'n onveranderlike idioom beskryf word aangesien geen woord in die uitdrukking vervang kan word sonder om die betekenis te verander nie (Liu 2008:18). *Koue voete kry* is sodoende ook beide 'n suiwer idioom en 'n idioom met beperkte variasie aangesien die uitdrukking met "*hê koue voete*" of "*het koue voete*" vervang kan word.

Moon (1998:2-7) maak gebruik van die kenmerk van homonimie om te onderskei tussen idiome en ander vaste uitdrukkings, omvattend beskryf as "fixed expressions (including idioms)" (**FIEs**), maar maak egter gebruik van die wesenskenmerk van leksikogrammatikale vastheid om te onderskei tussen verskillende tipe FIEs. Volgens Moon (1998:19) se kategorisering kan onderskeid gemaak word tussen onreëlmatige kollokasies ('anomalous collocations'), uitinge gebaseer op formules ('formulae') en metafore as verskillende tipes FIEs. **Onreëlmatige kollokasies** word verder verdeel in vier hoofipes wat hier onder gelys word (Moon 1998:20-21).

- **Swak-gevormde kollokasies** ('ill-formed collocations') verwys na uitdrukkings wat grammatikale reëls oortree, byvoorbeeld *dag-in, dag-uit*.
- **Kollokasies met skimstamme** ('cranberry collocations') is uitdrukkings wat gebruik maak van grammatikale items wat eie aan die bepaalde kollokasie is, byvoorbeeld *van babo na bibo stuur* en *die olel kry* (verdere voorbeelde in Afrikaans sluit onder andere uitdrukkings met morfologiese idiosinkrasieë, soos bespreek in Afdeling 2.3.2, in).
- **Defektiewe kollokasies** ('defective collocations') is 'n ingewikkelde subkategorie en verwys na kollokasies waar die betekenis nie komposisioneel bepaal kan word nie, aangesien 'n konstituent 'n betekenis het wat nie in ander kollokasies of kontekste voorkom nie, byvoorbeeld *boontjie kry sy loontjie*.
- **Fraseologiese kollokasies** ('phraseological collocations') is uitdrukkings waarin 'n bepaalde mate van variasie voorkom, byvoorbeeld *twee vlieë met/in een klap slaan/vang*.

Die tweede hoof tipe FIE is **uitinge gebaseer op formules** wat verwys na uitdrukkings wat normaalweg 'n grammatikale struktuur en 'n komposisionele betekenis het, maar wat 'n bepaalde pragmatiese funksie vervul. Moon (1998:22) verdeel uitinge gebaseer op formules verder ook in die onderstande subtipes wat kortliks toegelig sal word.

- **Gewone uitinge gebaseer op formules** ('simple formulae') is algemene samevoegings van woorde met 'n bepaalde spesiale diskoersfunksie en wat sintagmaties vas is, byvoorbeeld *teen wil en dank*.
- **Gesegdes** sluit in aanhalings, trefwoorde, leuses en truïsmes, byvoorbeeld *oog om oog, en tand om tand*.
- **Spreekwoorde** is uitdrukkings wat 'n morele, etiese wysheid oordra, byvoorbeeld *elke donker wolk het 'n silwer randjie*.

- **Vergelykings** is geïnstusionaliseerde en erkende uitdrukkings met vergelykings. In Afrikaans word dié tipe vaste uitdrukking uitgeken deur die gebruik van die woorde “soos” of “as”, byvoorbeeld *so oud soos die berge / so goed as kan kom*.

**Metafore**, as ’n derde hooftipe FIE, word in drie subtypes verdeel na aanleiding van die uitdrukking se graad van deursigtigheid. Onderskeid kan gemaak word tussen **deursigtige** (*bose kringloop*), **semideursigtige** (*tou opgooi*) en **ondeursigtige** (*iemand se been trek, die emmer skop*) metafore.

Fillmore, Kay en O’Connor (1988:505-506) ondersoek die kenmerk van leksikogrammatikale vastheid en die moontlikheid van grammatikale variasie in vaste uitdrukkings deur te onderskei tussen **substantiewe** en **formeel** vaste uitdrukkings<sup>8</sup>. Substantiewe vaste uitdrukkings is uitdrukkings waar geen van die elemente in die uitdrukking verander kan word sonder om die betekenis te verander nie (Croft en Cruse 2004:233). Die uitdrukking *dit reën katte en honde* kan byvoorbeeld nie met *dit reën beeste en varke* vervang word nie. Formeel vaste uitdrukkings is uitdrukkings waar ten minste een deel van die uitdrukking met ander komponente, wat sintakties en semanties ooreenstem, vervang kan word.

Leksikogrammatikale vastheid is terselfdertyd ook van toepassing op Fillmore, Kay en O’Connor (1988:505) se onderskeid tussen **grammatikale** en **ekstragrammatikale** vaste uitdrukkings. Grammatikale vaste uitdrukkings is uitdrukkings wat aan standaard sintaktiese vereistes voldoen, maar wat semanties onreëlmatig is. Die uitdrukking *om die emmer te skop* maak byvoorbeeld gebruik van standaard-grammatikale konvensies, maar die spreker kan nie noodwendig die semantiese betekenis van “om te sterf” aflei deur bloot die betekenis van die woorde in die uitdrukking te ken nie. Ekstragrammatikale vaste uitdrukkings bestaan uit onreëlmatige strukture en stem dus ooreen met Carstens (1990:193) se bespreking van uitdrukkings met sintaktiese idiosinkrasieë, byvoorbeeld *op hande wees, sy lyf jongkêrel hou, deur en deur* (kyk Afdeling 2.3.2). Agtergrondkennis oor die grammatika van die taal sal ’n spreker dus nie in staat stel om die betekenis van die uitdrukking af te lei nie (Croft en Cruse 2004:234-235).

In die volgende afdeling word die lig gewerp op die vyfde wesenskenmerk van institusionalisering.

### 2.3.5 Institusionalisering

Idiome en ander tipes vaste uitdrukkings kan gekenmerk word deur die eienskap van **institusionalisering** met “’n asimmetrie tussen betekenis en sintaksis” (Carstens 1990:207), aangesien die uitdrukking weens herhaaldelike gebruik deur taalgebruikers in ’n bepaalde konteks as ’n spesifieke sintaktiese eenheid erken word. Die gevolg is dat taalgebruikers die uitdrukking slegs nieletterlik interpreteer. Carstens (1990:207) onderskei tussen drie verskillende stadia in die standaardiseringsproses van uitdrukkings. Die eerste stadium is

---

<sup>8</sup> Fillmore, Kay en O’Connor (1988) maak gebruik van die term “idioom” om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukkings.

**nuutskepping** en verwys na die fase waartydens 'n nuwe uitdrukking geskep word. Die tweede stadium is wanneer taalgebruikers 'n bepaalde vorm weens **herhaaldelike blootstelling** kan herken. Institutionalisering word deur Hockett (1958:304), soos bespreek deur Carstens (1990:209), as 'n kenmerk van hierdie nuutskeppingstadium geklassifiseer, maar Carstens (1990:209) stem saam met die verduideliking deur Fernando en Flavell (1981:46) dat institutionalisering volwaardig plaasvind wanneer 'n uitdrukking in 'n woordeboek opgeneem word. Die taalgemeenskap is egter in hierdie tweede stadium nie noodwendig volkome bekend met die uitdrukking se betekenis nie. Carstens (1990:210-212) se derde stadium het te make met **leksikalisering** en behels eerstens 'n proses waar uitdrukkings deur die taalgemeenskap met 'n bepaalde betekenis geassosieer word en die uitdrukking gevolglik nonkomposisioneel geïnterpreteer word. Tweedens behels leksikalisering 'n stadium waar die grammatikale idiosinkrasieë in die taalgemeenskap vasgelê word.

Fillmore, Kay en O'Connor (1988:504) beskryf **idiomatiek** as 'n taalelement wat nie noodwendig korrek geïnterpreteer sal kan word deur sprekers wat slegs vertrouwd is met die grammatika en woordeskat van die taal nie. Fillmore, Kay en O'Connor (1988:504-505) onderskei op grond hiervan tussen dekodeerende en enkoderende vaste uitdrukkings. 'n **Dekoderende vaste uitdrukking** is 'n uitdrukking met idiomatiese betekenis waar 'n spreker nie vanuit 'n somtotaal van die betekenis van die konstituente sal kan aflei wat die dekodeerende vaste uitdrukking beteken nie. *Om die emmer te skop* is 'n voorbeeld van 'n dekodeerende vaste uitdrukking aangesien die betekenis "om te sterf" nie vanuit die konstituente se betekenis afgelei kan word nie. 'n **Enkoderende vaste uitdrukking** word gedefinieer as 'n uitdrukking met 'n idiomatiese betekenis waar 'n spreker die uitdrukking se betekenis sal kan aflei deur gebruik te maak van die standaard reëls van die grammatika. 'n Spreker is egter nie noodwendig daarvan bewus dat die uitdrukking 'n gestandaardiseerde wyse van spreke is nie. 'n Spreker sal byvoorbeeld kan aflei dat die uitdrukking *antwoord die foon* beteken om die foon op te tel en te sê hallo, maar sal nie noodwendig weet dat dit 'n standaard uitdrukking is nie. Sprekers sal dus kan aflei wat 'n enkoderende vaste uitdrukking beteken op grond van 'n verband tussen die idiomatiese en die letterlike elemente van die uitdrukking (Croft en Cruse 2004:232). Volgens Croft en Cruse (2004:232) is alle dekodeerende vaste uitdrukkings ook enkoderende vaste uitdrukkings aangesien taalgebruikers nie weet wat sekere uitdrukkings beteken nie ('n eienskap van dekodeerende vaste uitdrukkings) en dus ook nie sal weet dat die uitdrukkings konvensionele sêgoed in die volksmond is nie ('n eienskap van enkoderende vaste uitdrukkings).

Moon (1998:7) werp verder lig op die variasie te vinde in institutionalisering deur te verduidelik dat sekere uitdrukkings moontlik slegs in 'n bepaalde gedeelte van 'n taalgemeenskap gelokaliseer kan word. Nuwe uitdrukkings kan boonop ook beperk wees tot sekere variëteite of velde. Uitdrukkings kan terselfdertyd tot gebruik in 'n familiekring beperk wees en kan sodoende nie as volwaardige geïnstitusioneerde uitdrukkings beskou word nie. Moon (1998:7) lig verder ook die impak van diachroniese faktore op die proses van

institusionalisering uit deur te verduidelik hoedat vaste uitdrukkings kan ontwikkel en nie meer deel vorm van 'n taalgemeenskap se alledaagse leksikon nie, alhoewel die uitdrukkings op 'n vroeër stadium geïnstitusionaliseer was.

Carstens (1990:208) bespreek Hockett (1958) en verduidelik dat idioomvorming beide die institusionalisering van die uitdrukking in 'n bepaalde taalkring, en 'n element van kontekstuele of linguistiese eienaardigheid vereis. Combrink (1985:21) stem ooreen met Hockett (1958:304) deur te verduidelik dat 'n vaste uitdrukking<sup>9</sup> as eiesoortig geklassifiseer kan word, aangesien idiome nie deur die konvensionele grammatikareëls en kultuurnorme in Afrikaans omskryf kan word nie (Carstens 1990:208). Combrink (1985:21-27) onderskei gevolglik tussen die volgende tipes vaste uitdrukkings:

- **Semantiese idiome** waar betekenis nie vanuit die betekenis van die afsonderlike konstituente of morfeme afgelei kan word nie, byvoorbeeld *Die koeël is deur die kerk*.
- **Fonologiese idiome** waar idiomatiese betekenis deur 'n bepaalde uitspraak oorgedra word, byvoorbeeld *daar is pêre* (inplaas van die letterlike *daar is perde*) en *skote Petoors* (in plaas van *Pretorius*).
- **Morfologiese idiome** wat van onreëlmatige morfologiese transformasies gebruik maak, byvoorbeeld *veel groter* (waar *veel* 'n maatwoord is) teenoor *vele male* (waar *vele* 'n kwantor is) teenoor *veels geluk* (waar *veels* 'n versteende vorm van *veel* is).
- **Sintaktiese idiome** wat slegs 'n sekere sintaktiese transformasie kan ondergaan, byvoorbeeld *bid jou (dit) aan* teenoor *aanbid*. *Bid jou (dit) aan* is 'n ongrammatikale konstruksie wat sintaktiese reëls oortree aangesien die "bid" eerstens kan verwys na "aanbid" (onskeibare partikelwerkwoord) en die woord dus verkeerdelik in die uitdrukking geskei word. Die "bid" kan ook verwys na "om te bid" waar, in plaas van "vir" of "tot", die voorsetsel "aan" gebruik word. Die uitdrukking oortree dan steeds sintaktiese reëls aangesien die voorsetsel "aan" dan in die verkeerde posisie in die uitdrukking gebruik word (Carstens 1990:215-216).
- **Leksikale idiome** met unieke leksikale items, byvoorbeeld *aardjie na sy vaartjie*, *van babo na bibo stuur* en *die olel kry*.
- **Situasionele idiome** wat in verskillende kontekste gebruik kan word ten einde verskillende taalhandelinge uit te voer, byvoorbeeld *Ek kom nou-nou* en *bly te kenne*.

'n Teenstrydigheid is egter te vinde in die besprekings van situasionele idiome in Carstens (1990:217) en in Combrink (1985:27). Carstens (1990:217) verduidelik dat die afleiding gemaak kan word dat Combrink (1985:27) situasionele bevrorenheid as 'n eienskap van pragmatiese idiome ag en dat alle taaleenhede wat slegs in 'n bepaalde konteks deur bepaalde sprekers gebruik word dus ook as **pragmatiese idiome** beskou moet word. Die

---

<sup>9</sup> Combrink (1985) maak gebruik van die term "idioom" om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukkings.

uitdrukings *Ek verklaar julle nou man en vrou* en *Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees* word deur Carstens (1990:218) as voorbeelde hiervan bespreek.

Die wesenskenmerk van institutionalisering is verder ook op Fernando (1996) se sisteem van idioomklassifisering<sup>10</sup> van toepassing, aangesien uitdrukings in terme van die geïnstitutionaliseerde, funksionele kategorieë en die pragmatiese funksies wat die uitdrukings vervul (soos bespreek deur Liu 2008:20) geklassifiseer word. Fernando (1996) verdeel uitdrukings volgens drie tipes semantiese funksies: **voorstellend, interpersoonlik en relasioneel**.

Die meeste vaste uitdrukings val onder die kategorie van **voorstellende vaste uitdrukings**, aangesien dié tipe uitdrukings hoofsaaklik gebruik word ten einde inligting oor te dra. Voorstellende uitdrukings kan as **vaste uitdrukings wat 'n boodskap oordra** en as **vaste uitdrukings wat die aard van die inhoud karakteriseer**, verdeel word.

Uitdrukings wat 'n boodskap oordra word verder verdeel in die subsoorte:

- Aksies, byvoorbeeld *iemand se arm draai, die aap uit die mou laat, die kat uit die boom uit kyk*
- Gebeure, byvoorbeeld *die druppel wat die emmer laat oorloop, in duie stort*
- Situasies, byvoorbeeld *in die vaalwater/vaarwater, 'n gekroonde naarheid*
- Mense en dinge, byvoorbeeld *'n praatkous, 'n ongeskilde aartappel*
- Eienskappe en evaluerings, byvoorbeeld *die wysers terugdraai*
- Emosies, byvoorbeeld *in die wolke wees en groen (van afguns) wees*

Voorstellende vaste uitdrukings wat die aard van die inhoud weerspieël, word soortgelyk ook verdeel in **uitdrukings wat bepaalde inligting oordra** (byvoorbeeld *om die waarheid te sê*) en **uitdrukings wat onbepaalde inligting oordra** (byvoorbeeld *by wyse van spreke* en *om dit so uit te druk*).

Fernando (1996) se tweede tipe semantiese funksie, naamlik **interpersoonlike vaste uitdrukings**, is vaste uitdrukings wat gebruik word ten einde 'n bepaalde interaktiewe funksie oor te dra of om die aard van die boodskap te weerspieël (soos bespreek deur Liu 2008:21). Hierdie tipe uitdrukings is hoofsaaklik **uitinge gebaseer op formules** ('formulaic sayings'). Voorbeelde van interpersoonlike vaste uitdrukings sluit in *Hoe lyk dinge?* (begroeting), *om die waarheid te sê* (oordra van opregtheid), *jy slaan die spyker op die kop* (ooreenkoms) en *kort en kragtig* ('n versoek vir bondigheid).

**Relasionele vaste uitdrukings**, Fernando (1996) se derde tipe semantiese funksie, volgens Liu (2008:21), verwys na uitdrukings wat gebruik word ten einde 'n mate van kohesie by die gesprek of teks te voeg. *In teenstelling daarmee* (teenstellend), *aan die ander kant*

---

<sup>10</sup> Fernando (1996) maak gebruik van die term "idioom" om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukings.



(vergelykend) en *in die tussentyd* (toegewend) word deur Liu (2008:21) as voorbeelde van relasionele vaste uitdrukkings gelys.

De Beer (1989:127-140) ondersoek op soortgelyke wyse die klassifisering van vaste uitdrukkings volgens pragmatiese funksie, deurdat daar verwys word na **semiese** ('sememic') en **kulturele** vaste uitdrukkings as bepaalde soorte vaste uitdrukkings, gebaseer op Makkai (1972:169-179). Semiese vaste uitdrukkings, ook genoem kulturele pragmatiese vaste uitdrukkings, word gekenmerk deur die eienskap dat beide 'n letterlike en 'n figuurlike vlak van betekenis deur die betekenis van al die woorde wat in die uitdrukking gebruik word, afgelei kan word. Semiese vaste uitdrukkings staan dus in teenstelling met sintaktiese vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.3), waar die nieletterlike betekenis nie van die betekenis van die individuele konstituente afgelei kan word nie. Die spreker se letterlike interpretasie van die sintaktiese vaste uitdrukking is teoreties moontlik, maar kom in die algemeen selde voor weens taalgeregters se vertrouwdheid met die uitdrukking. Sekere spreekwoorde, beskryf as **spreekwoordidiome**, word deur De Beer (1989:137) aan hierdie kategorie toegeskryf wanneer hy verduidelik dat 'n lewensles in verskillende sintaktiese ongebonde vormaanpassings oorgedra word. Die uitdrukking *haastige hond verbrand sy mond* kan byvoorbeeld in die sinne *Alweer haastige hond, hê?* en *Onthou wat met die haastige hond gebeur het...* gebruik word.

**Semantiese vaste uitdrukkings** kan vervolgens in die volgende soorte verdeel word:

- **Sportidiome** ('first base' idioms') verwys na vaste uitdrukkings wat ontstaan vanuit 'n sportagtergrond en wat in verskillende omstandighede toegepas kan word, byvoorbeeld *dit is 'n uitklophou, kishou, die handdoek ingooi*.
- **Beleefdsheidsidiome** ('idioms of institutionalized politeness') is vaste uitdrukkings wat beleefde taalgeregters deur middel van 'n gestandaardiseerde vorm oordra, byvoorbeeld *kan jy...* en *gee jy om as ek...*
- **Indirektheidsidiome** ('idioms of institutionalized detachment or indirectness') word gedefinieer as semantiese vaste uitdrukkings wat 'n mate van afsydigheid en indirekte betrokkenheid oordra, byvoorbeeld *dit lyk of...* en *dit lyk nie of... nie*.
- **Vraag-en-stelling-idiome** ('idioms of proposals encoded as questions') verwys na vaste uitdrukkings wat 'n voorstel deur 'n vraag maak, byvoorbeeld *Hoe lyk dit met 'n drankie?*
- **Groetidiome** ('idioms of institutionalized greeting') maak gebruik van 'n vasgestelde formule vir 'n begroeting, byvoorbeeld *Hoe lyk dit?*
- **Spreekwoordidiome met 'n les** ('proverbial idioms with a 'moral') is 'n tipe vaste uitdrukking wat 'n morele insig oordra en wat ook tot 'n hoë mate deur kulturele agtergrond beïnvloed word, byvoorbeeld *Pasop, hy's 'n wolf in skaapsklere*.
- **Aanhalingsidiome** ('familiar quotations as idioms') is vaste uitdrukkings wat vanuit literêre werke (soms vanuit ander tale) en die Bybel vir gebruik in die alledaagse

leksikon aangepas word, byvoorbeeld *om te wees of nie te wees nie* en *Ek slaan my oë op na die berge*.

- **Onderbeklemtoningsidiome** ('idiomaticity in institutionalized understatement') is vaste uitdrukkings wat soortgelyk is aan litotes aangesien 'n bepaalde stelling op 'n indirekte, versagtende manier oorgedra word, byvoorbeeld *Die kos was glad nie goed nie* en *Ek was nie mal daaroor nie*.
- **Hiperboolidiome** is die teenoorgestelde van onderbeklemtoningsidiome en word deur oordrywing en hiperbool gekenmerk, byvoorbeeld *Sy het haar arms afgewerk vir hom*.

De Beer (1989:113-116) bespreek Makkai (1972) se derde kategorie van uitdrukkingsklassifisering, naamlik **kulturele vaste uitdrukkings**, deur te verduidelik hoedat die betekenis van kulturele vaste uitdrukkings deur die kulturele agtergrond (byvoorbeeld onderwys en opvoeding) van taalgebruikers bepaal word. Dié tipe vaste uitdrukkings kan dus verskillend deur verskillende sprekers geïnterpreteer word.

Liu (2008:21) ondersoek ook die invloed van onderwys en opvoeding op die skepping van vaste uitdrukkings. Volgens Liu (2008:21) is daar sekere skrywers van pedagogiese materiaal, wat gebruik word vir die onderrig en aanleer van vaste uitdrukkings, wat soortgelyk gebruik maak van 'n kategoriseringsstelsel waar vaste uitdrukkings in soorte verdeel word na aanleiding van die uitdrukkings se gebruik in 'n bepaalde genre. Die kategoriseringsstelsel word gebruik ten einde tweedetaalaanleerders te help om die klassifisering makliker te kan begryp. Daar kan gevolglik byvoorbeeld tussen idioome wat vanuit die besigheid- (*goedkoop is dubbel koop, iets kom jou duur te staan*), sport- (*die bal is in jou baan, die bal aan die rol sit*) en voedselbedryf (*om nie aan iets te byt nie, een vrot appel steek die ander aan*) ontstaan het, onderskei word. Die kategoriseringsstelsel maak gevolglik tot 'n mate onderskeid tussen tipes vaste uitdrukkings na aanleiding van die semantiese velde waarin die uitdrukkings aangetref word.

Die eienskap van vaste uitdrukkings as uitdrukkings met geïnstansionaliseerde, pragmatiese funksies is ook in die laaste klassifiseringskategorie van Fillmore, Kay en O'Connor (1988:506) merkbaar. Die klassifiseringsetiket behels die onderskeid tussen uitdrukkings met en uitdrukkings sonder pragmatiese funksie. **Vaste uitdrukkings met pragmatiese funksie** verwys na uitdrukkings wat 'n spesifieke pragmatiese rol vervul (byvoorbeeld *Hoe lyk dinge?*), terwyl **vaste uitdrukkings sonder pragmatiese funksie** (byvoorbeeld *oor die algemeen*) verwys na uitdrukkings wat in 'n neutrale konteks gebruik kan word. Verdere voorbeelde van vaste uitdrukkings met pragmatiese doeleindes behels byvoorbeeld beleefdheidsidiome (byvoorbeeld *Wat van iets om te drink?*) en groetidiome (byvoorbeeld *Wat sê jy?*), soos bespreek deur Makkai (1972:175).

In die volgende afdeling word die aandag gevestig op die ortografiese kriteria wat gebruik word om vaste uitdrukkings uit te ken.



### 2.3.6 Ortografiese kriteria

Omstredenheid kom in die veld van vaste uitdrukkings na vore in verband met die wesenskenmerk van die ortografiese kriteria wat vaste uitdrukkings omskryf. Moon (1998:2) klassifiseer vaste uitdrukkings as uitdrukkings bestaande uit slegs twee of meer woorde. Volgens Moon (1998:2) is daar 'n teenstrydigheid in die literatuur oor die argument in verband met hierdie kriteria vir vaste uitdrukkings. Aan die een kant meen sekere navorsers dat vaste uitdrukkings uit 'n minimum van twee of meer woorde moet bestaan. Aan die ander kant is navorsers ook van mening dat individuele terme ook as vaste uitdrukkings beskou kan word (vergelyk byvoorbeeld die uitdrukking *breek die ys* met die verwante term *ysbreker*).

Die debat aangaande die kriteria oor of **eenwoordige lekseme** ook as vaste uitdrukkings geklassifiseer kan word, word deur Liu (2008:4-6) aan die hand van prominente bronne uitgelig. Liu (2008:4) verduidelik dat die breedste definiëring van 'n vaste uitdrukking<sup>11</sup> deur Hockett (1958) gebruik word. Hockett (1958) definieer enige taalelement waar betekenis nie met behulp van die betekenis van die konstituente afgelei kan word nie, as 'n vaste uitdrukking. Beide individuele morfeme (*tele-*, *foon*, *klas*, *kamer*) en frases (*Hoe lyk dinge?*) kan dus in hierdie klassifiseringsstelsel as vaste uitdrukkings beskou word. Die voorbeeld van *kamer* teenoor *klaskamer* word bespreek deurdat daar verduidelik word dat *kamer* as 'n vaste uitdrukking geklassifiseer kan word, aangesien die betekenis nie vanuit die een morfeem afgelei kan word nie. Die woord se betekenis is arbitrêr en die leksikale eenheid se betekenis moet aangeleer word aangesien dit nie afgelei kan word nie. *Klaskamer* is egter nie 'n voorbeeld van 'n vaste uitdrukking nie omdat die betekenis deur die somtotaal van die individuele konstituente (*klas* en *kamer*) se betekenis afgelei kan word. Dit is dus moontlik om *klaskamer* se betekenis af te lei aangesien mens weet wat *klas* en *kamer* beteken.

Katz en Postal (1963), soos bespreek deur Liu (2008:5), ondersteun die argument dat **polimorfeme** ('polymorphemes') ook as vaste uitdrukkings<sup>12</sup> geklassifiseer kan word aan die hand van die argument dat polimorfeme ook die wesenskenmerk van nonkomposisionaleiteit vertoon. Daar word verduidelik dat 'n woord soos *kweekhuis* as 'n vaste uitdrukking beskou kan word aangesien die betekenis van "'n plek waar plante geplant word" nie deur die betekenis van die morfeme "kweek" en "huis" oorgedra word nie. 'n Woord soos *onveilig* is egter nie 'n vaste uitdrukking nie omdat die betekenis van "nie veilig nie" uit die betekenis van die konstituent "on" en "veilig" afgelei kan word (Liu 2008:5).

Daar word gevolglik deur Katz en Postal (1963) onderskei tussen **leksikale vaste uitdrukkings** ('lexical idioms') en **frase-vaste uitdrukkings** ('phrase idioms'). Leksikale vaste uitdrukkings verwys na polimorfeme wat deel vorm van die laagste sintaktiese kategorieë: selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoord (Liu 2008:5). Frase-vaste uitdrukkings val onder die hoër sintaktiese kategorieë: frases, gesegdes en sinne. Katz en Postal (1963) maak

---

<sup>11</sup> Hockett (1958) maak gebruik van die term "idioom" om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukkings. Dit sluit in eenwoordige lekseme en multiwoord eenhede.

<sup>12</sup> Katz en Postal (1963) maak gebruik van die term "idioom" om te verwys na verskillende tipes vaste uitdrukkings.

gebruik van die **generatief transformasionele** ('generative-transformational') **teoretiese raamwerk** ten einde te redeneer, in teenstelling met Fraser (1970) se definiëring van 'n vaste uitdrukking, dat frase-vaste uitdrukking nie produktief is nie en ook nie transformasies kan ondergaan nie ('transformation-permissible'). Leksikale vaste uitdrukking verskil ook van frase-vaste uitdrukking deurdat die twee tipes uitdrukking verskillend in die spreker se mentale leksikon gestoor word, aangesien enkele morfeme slegs met een betekenis gekoppel word, teenoor meerwoordige komposisies waarmee beide 'n letterlike en 'n idiomatiese betekenis geassosieer kan word.

Makkai (1972) ondersteun ook die argument dat polimorfeme as vaste uitdrukking beskou kan word, maar redeneer egter teen die argument van Katz en Postal (1963) deur te verduidelik dat woorde wat uit twee of meer **vrye morfeme** (stammorfeme) bestaan, ook as vaste uitdrukking geklassifiseer kan word (soos bespreek in Liu 2008:6). Polimorfeemwoorde wat uit een vrye morfeem en een of meer **gebonde morfeme** (byvoorbeeld, *bergagtig* wat bestaan uit die affiks en gebonde morfeem "agtig" en die vry morfeem "berg") bestaan, word nie as vaste uitdrukking beskou nie, aangesien die betekenis vanuit die konstituente afgelei kan word.

Makkai (1972) en Katz en Postal (1963) redeneer dus beide dat die betekenis van 'n vaste uitdrukking nie uit die betekenis van die konstituente afgelei kan word nie, maar verskil dus in terme van die klassifisering van woorde met een gebonde en een vrye morfeem as 'n volwaardige vaste uitdrukking (Liu 2008:6). Makkai (1972) onderskei gevolglik tussen **enkoderende / frase-vaste uitdrukking** ('phraseological idioms') wat frasewerkwoorde ('phrasal verbs') insluit, en **dekoderende / semantiese vaste uitdrukking** ('sememic idioms') wat gesegdes en spreekwoorde insluit. Enkoderende vaste uitdrukking word gedefinieer as die stabiele kollokasies wat eie aan 'n bepaalde taalgemeenskap is. Dekoderende vaste uitdrukking verwys na uitdrukking met 'n nieletterlike betekenis wat moontlik vir die taalgebruiker misleidend kan wees weens beide 'n letterlike en 'n idiomatiese betekenis (Liu 2008:6).

Weinreich (1969) klassifiseer **polimorfeme** egter nie as vaste uitdrukking nie en redeneer dat slegs **meerwoordige uitdrukking** as vaste uitdrukking beskou kan word (soos bespreek in Liu 2008:7).

Die volgende afdeling gee aandag aan die fonologiese kenmerk wat vaste uitdrukking onderskei.

### 2.3.7 Fonologiese kriteria

Die laaste wesenskenmerk van vaste uitdrukking behels dat vaste uitdrukking uitgeken kan word aan bepaalde fonologiese elemente wat die uitdrukking onderskei van gewone frases. Moon (1998:9) bespreek Van Lancker en Canter (1981) en Van Lancker, Canter en Terbeek (1981), waar daar geredeneer word dat fonologiese aspekte, byvoorbeeld **intonasie**, deur sprekers gebruik kan word om aan 'n gespreksgenoot leidrade te gee dat 'n uitdrukking se nonkomposisionele, figuurlike betekenis oorgedra word en nie die komposisionele, letterlike

betekenis nie. Volgens Van Lancker en Canter (1981) en Van Lancker, Canter en Terbeek (1981) kan letterlike interpretasies deur langer breuke tussen woorde en die langer uitspraak van woorde tydens gesprekvoering geïnsinueer word (Moon 1998:9).

Die konsep van fonologiese idiosinkrasieë stem ooreen met Combrink (1985), soos bespreek in Carstens (1990:213), se klassifisering van **fonologiese idiome** waar daar verduidelik word dat fonologiese kriteria in die vorm van 'n bepaalde uitspraak, gebruik kan word om die idiomatiese betekenis in plaas van die letterlike betekenis van 'n uitdrukking oor te dra, byvoorbeeld *daar is pêre* en *skote Petoors* (kyk Afdeling 2.3.5).

Die volgende afdeling bevat 'n samevatting van die navorsing oor die sewe karakteristieke eienskappe, soos in Afdeling 2.3.1 tot Afdeling 2.3.7 bespreek, waarna 'n taksonomie vir die annotering van die Varsgebek-data gepostuleer sal word.

### 2.3.8 Samevatting

Na aanleiding van die bevindinge van die literatuurstudie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat vaste uitdrukkings deur sekere wesenskenmerke uitgeken kan word. Die kriteria vir die wesenskenmerke is egter veranderlik aangesien vaste uitdrukkings variasie kan toon in terme van, byvoorbeeld, institusionalisering (met wisseling tussen algemene en skaars uitdrukkings), leksikogrammatikale vastheid (met wisseling tussen bevrore en onbevrore uitdrukkings) en nonkomposisionaliteit (Moon 1998:9). Die afleiding kan verder ook gemaak word dat die term **idioom** gebruik kan word as oorkoepelende term wat vir verskillende tipes vaste uitdrukkings gebruik word (Carstens 1990:182-183). Die verskil tussen 'n idioom en ander vaste uitdrukkings word egter meer in diepte in Afdeling 2.5 bespreek.

In terme van **nonkomposisionaliteit** kan die afleiding gemaak word dat vaste uitdrukkings bestaan uit individuele konstituente, maar 'n spreker kan nie altyd die idiomatiese betekenis aflei deur die somtotaal van die konstituente se individuele betekenis in ag te neem nie. Daar is dus 'n wisselende graad van verbintenis tussen die idiomatiese en die letterlike betekenis van vaste uitdrukkings. Sprekers wat nie bewus is van 'n vaste uitdrukking se idiomatiese betekenis nie, kan dus met bepaalde uitdrukkings die idiomatiese betekenis aflei deur middel van onder andere agtergrondskennis en komposisionele analise. Ander uitdrukkings kan egter totaal ondeursigtig wees weens geen korrelasie tussen die letterlike en idiomatiese betekenis nie. Die kenmerk van nonkomposisionaliteit het die gevolg gehad dat navorsing gedoen is oor die skepping van deursigtigheidskale om die graad van die verband tussen die verskillende betekenis van vaste uitdrukkings te omvat (vergelyk Carstens 1990:189-191).

Die tweede wesenskenmerk van vaste uitdrukkings is die konsep van **homonimie** wat behels dat vaste uitdrukkings beide 'n letterlike en 'n figuurlike betekenis oordra. Daar is egter omstredenheid in die navorsingsveld oor of uitdrukkings wat byvoorbeeld waarheidsvoorwaardes oortree of wat net 'n letterlike of net 'n idiomatiese betekenis het, maar wat steeds nonkomposisioneel is, as volwaardige vaste uitdrukkings geklassifiseer kan word.

Die idee dat 'n vaste uitdrukking as 'n **sintaktiese eenheid** optree behels dat vaste uitdrukkinge 'n bepaalde semantiese rol vul. Deur gebruik te maak van die wesenskenmerk van 'n sintaktiese eenheid as kriteria vir die klassifisering van vaste uitdrukkinge, kan uitdrukkinge verder verdeel word in tipes sintaktiese vaste uitdrukkinge op grond van 'n uitdrukking se semantiese funksie en die komposisie van die uitdrukking.

Die afleiding kan verder ook gemaak word dat vaste uitdrukkinge uit grammatiese en leksikale idiosinkrasieë kan bestaan, maar steeds 'n mate van **leksikogrammatikale vastheid** het, deurdat uitdrukkinge gekenmerk kan word deur transformasionele beperkinge ten einde te voorkom dat uitdrukkinge onwelgevormd of onkonvensioneel is. Sommige uitdrukkinge kan geen transformasies ondergaan nie, terwyl ander slegs beperkte vorme van verandering kan toon. Idioomklasse en etiketeringstelsels vir die onderskeid tussen idioome en ander vaste uitdrukkinge kan gevolglik geskep word op grond van die kriteria van 'n uitdrukking se transformasionele beperkinge (Bolinger 1975:53).

Die karakteristieke eienskap van **institusionalisering** behels dat vaste uitdrukkinge deur sprekers herken word as uitdrukkinge wat 'n idiomatiese betekenis oordra en dat taalgebruikers die uitdrukkinge onmiddellik idiomaties, in plaas van letterlik, interpreteer. Dit gebeur te danke aan die herhaaldelike gebruik en gevolglike blootstelling wat taalgebruikers aan die vaste uitdrukking het. Die afleiding kan gemaak word dat die skepping en institusionalisering van vaste uitdrukkinge as 'n konstante, variërende proses beskryf kan word, deurdat daar te alle tye onbekende vaste uitdrukkinge (byvoorbeeld nuutskeppings of uitdrukkinge wat slegs deur bepaalde taalgebruikers of in 'n bepaalde variëteit gebruik word) en geïnstitusionaliseerde uitdrukkinge (naamlik uitdrukkinge wat deur 'n bepaalde taalgroep herken en herhaaldelik gebruik word, alhoewel sprekers nie noodwendig bewus is van die konteks waaruit die uitdrukkinge ontstaan het nie) in 'n taal te vinde is.

Verdere omstredenheid is ook te vinde in die navorsingsveld van vaste uitdrukkinge in verband met die debat oor of 'n vaste uitdrukking slegs uit **twee of meer woorde** bestaan, of dat enkel woorde ook as volwaardige vaste uitdrukkinge geklassifiseer kan word. Omstredenheid in die veld is te wyte aan die feit dat die wesenskenmerk van nonkomposisionaaliteit steeds ter sprake is in 'n individuele term wanneer die betekenis nie uit die struktuur en die betekenis van die woord se individuele konstituente bepaal kan word nie.

Die laaste wesenskenmerk van vaste uitdrukkinge wat tydens die literatuurstudie bespreek is, behels die gebruik van **fonologiese kriteria** om onderskeid te tref tussen vaste uitdrukkinge en ander uitdrukkinge. Sekere vaste uitdrukkinge maak gebruik van onder andere 'n bepaalde uitspraak of intonasie om aan te dui dat die uitdrukking figuurlik gebruik word en dat dit dus 'n vaste uitdrukking is wat nie in die bepaalde konteks letterlik geïnterpreteer moet word nie. Dié wesenskenmerk is egter nie van toepassing op alle vaste uitdrukkinge nie, aangesien sekere uitdrukkinge standaard uitgespreek word en die spreker gevolglik gebruik moet maak

van ander ekstralinguistieke elemente, byvoorbeeld die konteks waarin die uitdrukking gebruik word, ten einde die uitdrukking idiomaties te interpreteer.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat daar heelwat variasie is in terme van die karakteristieke eienskappe van vaste uitdrukkings, aangesien die literatuur aandui dat sekere wesenskenmerke nie van toepassing is op al die uitdrukkings wat in die navorsing as voorbeelde van vaste uitdrukkings verskaf word nie. Die wesenskenmerke wat egter van toepassing is op alle vaste uitdrukkings word in die volgende afdeling gebruik ten einde 'n etiekstel te skep waarmee die Varsgebek-data in Hoofstuk 4 geannoteer sal word.

#### 2.4 Vaste uitdrukking: 'n Definisie

Op grond van die literatuurstudie in Afdeling 2.3, word daar in hierdie afdeling 'n werksdefinisie geformuleer vir die term "vaste uitdrukking". Dit word gedoen deur die kenmerke wat hier bo bespreek is, in ag te neem.

Eerstens word die karakteristieke eienskap van institusionalisering nie gebruik om die definisie te formuleer nie. Die aard van die Varsgebek-kompetisie veronderstel dat die uitdrukkings wat daarvoor ingeskryf word, nog nie tot 'n hoë mate geïnstitusioneel is nie. Die korpusfrekwensie van die vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data (en derhalwe die geïnstitusioneelheid van die uitdrukkings in geskrewe Afrikaans) word wel in Hoofstuk 4 gebruik om te besluit watter uitdrukkings verder geanaliseer behoort te word.

Die wesenskenmerk wat bepaal dat vaste uitdrukkings deur 'n fonologiese idiosinkrasie geïdentifiseer kan word, word insgelyks nie by die definisie ingesluit word nie, aangesien dié karakteristieke eienskap slegs van toepassing is op 'n beperkte aantal vaste uitdrukkings en dit dus nie as 'n universele wesenskenmerk van vaste uitdrukkings beskou kan word nie.

Vir die doelwit van die studie word eenwoordige lekseme nie as vaste uitdrukkings beskou nie aangesien die literatuur grotendeels aandui dat slegs multiwoordeenhede as vaste uitdrukkings beskou kan word. Eenwoordige lekseme is ook arbitrêr. Alhoewel die betekenis van 'n eenwoordige lekseem nie noodwendig direk afgelei kan word nie, moet sprekers die woord memoriseer om in die mentale leksikon 'n verbintenis tussen vorm en idiomatiese betekenis te vorm (Lui 2008:4). Aangesien die eenwoordige lekseem slegs uit een konstituent kan bestaan, voldoen dit dus nie aan die wesenskenmerk van nonkomposisionaleiteit waar betekenis nie afgelei kan word vanuit 'n samevoeging van die uitdrukking se individuele konstituente nie.

Die term **vaste uitdrukking** word, na aanleiding van die literatuurstudie in Afdeling 2.3 en die opmerkings hier bo, vir die doel van hierdie studie gedefinieer as enige uitdrukking wat:

- nonkomposisioneel is;
- homonimies is met beide 'n letterlike en 'n idiomatiese betekenis;
- as 'n sintaktiese eenheid funksioneer;

- leksikogrammatikaal vas<sup>13</sup> is met relatiewe leksikale integriteit;
- 'n multiwoordeenheid is.

In die volgende afdeling word die aandag deur middel van 'n literatuurstudie geplaas op die tipes vaste uitdrukkings wat in Afrikaans voorkom. Insigte uit die literatuur word daarna gebruik ten einde 'n terminologietaksonomie op te stel waarmee die Varsgebek-data in Hoofstuk 4 geannoteer sal word.

## 2.5 Afrikaanse vaste uitdrukkings

Vaste uitdrukkings word in Beter Afrikaans (2013b) beskryf as **multiwoordeenhede**, aangesien die woorde wat in die uitdrukking gebruik word, as 'n eenheid aangeleer word en ook oor die algemeen die sintaktiese funksie van 'n individuele woord vervul. Beter Afrikaans (2013b) onderskei tussen twee hoofsoorte multiwoordeenhede, naamlik **vaste uitdrukkings** en **vaste woordgroepe**. Volgens die Beter Afrikaans (2013b) kategoriseringsstelsel, is vaste uitdrukkings aan die een kant uitdrukkings wat uit twee of meer woorde bestaan en waarvan die woorde algemeen in 'n identiese volgorde gebruik word. Aan die ander kant is vaste woordgroepe uitdrukkings wat nonkomposisioneel saamgestel is, maar waar die betekenis steeds vanuit die uitdrukking se individuele konstituente (wat soms argaïese woorde of leenwoorde uit ander tale is) afgelei kan word. Vaste woordgroepe kan verder in vyf hooftipes verdeel word, naamlik **leenwoordgroepe** (byvoorbeeld *ad infinitum*), **voorsetselgroepe** (byvoorbeeld *op grond van*), **binomiale groepe** (byvoorbeeld *stap vir stap* en *sout en peper*), **multiwoord-eiename** (byvoorbeeld *Verenigde Nasies* en *Dooie See*) en **kollokasies** (byvoorbeeld *bose kringloop* en *nugter weet*).

Volgens Beter Afrikaans (2013b) kan vaste uitdrukkings verder in drie hooftipes verdeel word, naamlik **idiome** (byvoorbeeld *die kat uit die boom kyk*), **spreekwoorde** (byvoorbeeld *Geld wat sleg is, maak krom wat reg is.* of *Geld wat stom is, maak reg wat krom is.*) en **(slag)spreuke** (byvoorbeeld *Afrikaans digitaal*, *VivA se slagspreuk*) afhangende van die mate waartoe daar aan die uitdrukking verander kan word. Beter Afrikaans (2013b) dui aan dat idioome die meeste variasie kan toon (byvoorbeeld *Kyk maar die kat eers goed uit die boom.* teenoor *Hy kyk altyd eers die kat goed uit die boom.*), terwyl spreuke die hoogste mate van bevrorenheid het (byvoorbeeld *Die appel val nie ver van die boom nie.* teenoor *Die appel val werklik nie ver van die boom nie.*), aangesien die woorde in spreuke nie geredelik verandering kan toon nie.

Omstredenheid is egter te vinde in verband met die kategorisering en definiëring van die verskillende tipes vaste uitdrukkings in die Afrikaanse taal wanneer die etiketeringstelsels van verskillende bronne vergelyk word. 'n Literatuurstudie word gevolglik in die volgende afdelings uitgevoer om die inkonsekwentheid in bestaande literatuur aan te toon. Aangesien dit die resantste is, word die kategoriseringsstelsel van Beter Afrikaans (2013b) as basis gebruik en met die kategoriseringstelsels van ander bronne vergelyk. Die bevindinge van dié literatuurstudie word daarna gebruik ten einde 'n verdere etiketstel in Afdeling 2.5.4 op te

---

<sup>13</sup> "Leksikogrammatikaal vas" beteken dat die uitdrukkings tot 'n meerdere of mindere mate van konvensionele morfologiese en sintaktiese konstruksies gebruik maak.



stel waarmee die tipes vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data in Hoofstuk 4 geklassifiseer sal word.

### 2.5.1 Idioom

Beter Afrikaans (2013b) definieer 'n **idioom** as 'n uitdrukking wat as eenheid aangeleer moet word, aangesien die betekenis nie vanuit die betekenis van die individuele konstituente afgelei kan word nie. Daar word verder ook verduidelik dat die terme **gesegde** en **segswyse** as sinonieme vir idioom gebruik word en dat idiome gereeld, maar nie altyd nie, deel vorm van ander sinne. 'n Verdere eienskap is dat idiome tot 'n mindere of meerdere graad variasie in terme van woordkeuse kan toon. Sommige idiome is wel tot 'n hoër mate verstaanbaar, maar een of twee woorde in die uitdrukking kan in die uitdrukking vervang word – vergelyk *aardjie na sy vaartjie* (hy is soos sy vader) en *aardjie na haar vaartjie* (sy is soos haar vader).

De Beer (1989:1-19) ondersoek die sintaktiese en semantiese beskrywing van Afrikaanse idiome, en gee ook 'n definisie vir die term **idioom**. Volgens De Beer (1989:1-6) word terme soos uitdrukking, gesegde, segswyse, sinswending, uitdrukkingswyse en idiomatiese uitdrukking dikwels ook as leksikografiese benamings vir 'n idioom gebruik. De Beer (1989:6-10) bespreek verder ook hoe die term in woordeboeke gebruik word om te verwys na drie verskillende konsepte, naamlik:

1. 'n vaste uitdrukking waarvan die betekenis nie vanuit 'n somtotaal van die betekenis van die individuele dele bepaal kan word nie;
2. die idiomatiek in die taalgebruik van 'n bepaalde groep taalgebruikers (byvoorbeeld 'n volksgroep of 'n streek); en
3. 'n kenmerkende uitdrukkingswyse van 'n bepaalde skrywer of genre.

Die eerste betekenisonderskeiding is dus van toepassing op hierdie studie aangesien dit ooreenstem met die definisie wat deur Beter Afrikaans (2013b) gebruik word.

Soortgelyke navorsing is deur Kapp (2021) uitgevoer om die kategoriseringsstelsel van vaste uitdrukkings te ondersoek ten einde die teenstrydigheid in die veld te probeer uitklaar. 'n Idioom word deur haar gedefinieer as 'n vaste uitdrukking:

1. wat met 'n bepaalde woordorde saamgestel word en wat transformasionele beperkinge toon aangesien die uitdrukking nie altyd fleksie of afleiding kan vorm nie;
2. wat uitgeken kan word aan opvallende idiosinkrasieë – byvoorbeeld wat betref die betekenis of grammatikale struktuur daarvan; en
3. waarvan die betekenis nie vanuit die somtotaal van die individuele woorde se betekenis afgelei kan word nie.

*Die dam onder die eend uitruk, die aap uit die mou laat en te veel hooi op die vurk hê* word deur Kapp (2021) as voorbeelde van volwaardige idiome verskaf.

Beter Afrikaans (2013b) bespreek verder ook die terme cliché en pragmatiese idioom as terme wat met idioome geassosieer kan word. **Clichés** word gedefinieer as segswyses wat seggingskrag verloor het weens herhaaldelike gebruik (vergelyk byvoorbeeld *Sy skitter in haar afwesigheid*). Hierdie definisie stem ooreen met dié van De Beer (1989:19-20), waar clichés gedefinieer word as uitdrukkings met “’n eienaardige verdowwing of afslyting van die betekenis” weens die hoë frekwensie van gebruik in omgangstaal. As gevolg hiervan word die uitdrukkings oortollig en kan die uitdrukkings weggelaat of vervang word met alternatiewe leksikale elemente.

**Pragmatiese idioome** is segswyses wat herhaaldelik in alledaagse spreektaal voorkom. Die uitdrukking *Hoe lyk dinge?* word as voorbeeld deur Beter Afrikaans (2013b) genoem. Dié uitdrukking kan as alternatief vir die frase *Hoe gaan dit?* gebruik word. Pragmatiese idioome word gebruik om ’n bepaalde pragmatiese funksie te vervul en hou dus verband met Fillmore, Kay en O’Connor (1988:506) se onderskeid tussen uitdrukkings met en uitdrukkings sonder pragmatiese doeleindes (kyk Afdeling 2.3.5).

Na aanleiding van die bogenoemde drie bronne kan die gevolgtrekking gemaak word dat die wesenskenmerke van nonkomposisionaleiteit en leksikogrammatikale vastheid prominent ter sprake is by die definiëring van **idioom** as ’n tipe vaste uitdrukking. Die wesenskenmerk van ’n vaste uitdrukking as ’n sintaktiese eenheid is verder ook van toepassing op Beter Afrikaans (2013b) se definisie van ’n pragmatiese idioom.

### 2.5.2 Spreekwoord

**Spreekwoorde** word op Beter Afrikaans (2013b) beskryf as kort sinne:

- wat ’n bepaalde lewensles oordra;
- wat nie maklik variasie in terme van woordorde toon nie; en
- wat van generasie na generasie oorgedra word.

Volgens Beter Afrikaans (2013b) is spreekwoorde metafories van aard, aangesien daar geen verbintenis tussen die uitdrukking se letterlike en figuurlike betekenis is nie. Spreekwoorde is meestal bevrore en kan nie maklik variasie toon nie – vergelyk die aanvaarbare vaste uitdrukking *Die appel val nie ver van die boom nie* (kinders aard dikwels na hul ouers) met *Die perske val nie ver van die boom nie* (met geen figuurlike betekenis nie). Wanneer variasie wel voorkom, word dit dikwels vir komiese doeleindes ingespan (byvoorbeeld die spreekwoord *Wie heuning wil eet, moet steke verdra*. kan verander word na *Wie heuning wil eet, hoef nie steke te verdra nie*. in ’n reklameveldtog vir die bemarking van beskermende drag wat byboere dra).

De Beer (1989:15) stem ooreen met Beter Afrikaans (2013b) se beskrywing van spreekwoorde as multiwoordeenhede wat ’n lewenswaarheid oordra wanneer daar bespreek word hoedat “die spreekwoord ’n besondere wyse van verbinding van ’n algemeen toepasbare (selfs dikwels ‘figuurlike’) betekenis met ’n spesifiek toepasbare (of ‘letterlike’) betekenis is”. De



Beer (1989:12) bespreek ook hoedat spreekwoorde van idiome verskil deur aan te dui dat spreekwoorde as losstaande sinseenhede gebruik kan word. Die spreekwoord *die doel heilig die middele* kan byvoorbeeld as 'n selfstandige sin gebruik word, terwyl die idioom *om lang vingers te hê* slegs saam met ander sinskomponente gebruik kan word – vergelyk *Die man het lang vingers* en *Dit is duidelik dat ou Jan lang vingers het*. Kapp (2021) bespreek egter nie die karakteristieke eienskappe van 'n spreekwoord nie, maar verduidelik kortliks dat 'n spreekwoord as 'n tipe gesegde beskou kan word.

Die karakteristieke eienskappe van homonimie, 'n sintaktiese eenheid, en leksikogrammatikale vastheid is dus opvallend by die definiëring van 'n spreekwoord. Die afleiding kan gemaak word dat spreekwoorde van idiome verskil ten opsigte van die kriteria dat spreekwoorde eerstens gebruik word in die volksmond ten einde 'n lewensles oor te dra en tweedens dat spreekwoorde as 'n onafhanklike sinskonstruksie gebruik kan word.

### 2.5.3 Spreuk

**Spreuke** word deur Beter Afrikaans (2013b) gedefinieer as vaste sinne wat 'n waarheid oordra en waarby die betekenis van die woorde wat in die sin voorkom, gebruik kan word om die betekenis van die sin af te lei. Volgens Beter Afrikaans (2013b) is **spreekwoordelike uitdrukkings** 'n sinoniem vir spreuke. Twee verdere eienskappe van spreuke word ook deur Beter Afrikaans (2013b) uitgelig: Eerstens kan die woorde in 'n spreuk nie maklik verander word nie; en tweedens kan spreuke aan 'n bepaalde individu toegeskryf word, in teenstelling met spreekwoorde wat nie noodwendig met 'n bepaalde oorsprong geassosieer kan word nie. Die uitdrukking *Salomo het gesê: 'Gelukkig die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry.'* is gevolglik 'n voorbeeld van 'n spreuk omrede dit aan 'n spesifieke individu toegeskryf kan word en terselfdertyd ook 'n lewenswaarheid oordra.

Beter Afrikaans (2013b) verwys verder ook na **slagspreuke** (ook genoem **leuses**) as 'n tipe spreuk wat algemeen in die reklamebedryf, en meer spesifiek in advertensieveldtogte, voorkom. Viva se leuse, *Afrikaans digitaal*, kan derhalwe beskryf word as 'n voorbeeld van 'n slagspreuk. Op soortgelyke wyse word **motto's** deur Beter Afrikaans (2013b) gedefinieer as “persoonlike (slag)spreuke of waarhede wat dikwels voor in 'n boek gepubliseer word, of op iemand se Facebookprofiel geplaas word”.

De Beer (1989:17-18) ondersoek die verskille en ooreenkomste tussen spreuke en spreekwoorde. Volgens De Beer (1989:17) is spreuke vormlik soortgelyk aan spreekwoorde, maar spreuke het by 'n spesifieke persoon ontstaan, terwyl die oorsprong van spreekwoorde nie bepaal kan word nie. 'n Verdere verskil tussen spreuke en spreekwoorde is, volgens De Beer (1989:17), dat spreekwoorde een of ander algemene wysheid oordra en dat spreuke 'n morele insig in die vorm van 'n spesifieke normsiening oordra (vergelyk byvoorbeeld die algemene lewenswaarheid oorgedra in die spreekwoord *Die doel heilig die middele*. teenoor die spesifieke lewenswysheid oor familie wat deur die spreuk *'n Wyse seun maak sy vader en moeder bly; 'n dwase seun maak hulle hartseer*. oorgedra word.)

**Gevleuelde woorde** word ook deur De Beer (1989:18-19) bespreek as 'n tipe uitdrukking wat met spreuke verband hou, aangesien beide uitdrukkings vaste sinne met 'n bepaalde oorsprong (byvoorbeeld 'n spesifieke skrywer) is. Volgens De Beer (1989:19) dra gevleuelde woorde, in teenstelling met spreuke, nie noodwendig 'n normatiewe of morele element oor nie, byvoorbeeld *hoogmoed kom voor die val*.

Die konsep van 'n spreuk as 'n uitdrukking wat 'n lewensles oordra word ook deur Kapp (2021) bespreek. Volgens Kapp (2021) kan 'n spreuk as 'n kort, herkenbare sinskonstruksie wat 'n vermaning of lewensles oordra, geklassifiseer word. Kapp (2021) verduidelik verder dat spreuke van ander gesegdes (byvoorbeeld spreekwoorde of spreekwyses) verskil deurdat 'n spreuk gebruik word as 'n vermaning om 'n individu teen 'n sekere situasie te waarsku, terwyl ander gesegdes vir 'n individu as 'n vorm van vertroosting gesê word nadat 'n fout begaan is.

Daar kan tot die konklusie gekom word dat beide 'n spreuk en 'n spreekwoord uitdrukkings is wat gebruik word ten einde 'n morele insig mee te deel. Onderskeid kan desnieteenstaande tussen dié twee tipes vaste uitdrukkings getref word, aangesien 'n spreuk, in teenstelling met 'n spreekwoord, aan 'n bepaalde persoon toegeskryf kan word.

#### 2.5.4 Samevatting

In Afdeling 2.2 tot Afdeling 2.4 van hierdie hoofstuk is daar aangedui dat terme soos **idioom**, **spreuk**, **spreekwoord**, **gesegde**, **segswyse**, **spreekwoordelike / idiomatiese uitdrukking**, **sinswending** en **segswyse** as sinonieme en verwante terme gebruik word wanneer vaste uitdrukkings bespreek word. Daar is derhalwe in Afdeling 2.5 gepoog om kenmerke te identifiseer op grond waarvan hierdie tipes uitdrukkings in literatuur oor Afrikaanse vaste uitdrukkings, van mekaar onderskei kan word. Op grond van die kategorisering van Beter Afrikaans (2013b), is daar aangedui dat die mate van 'n vaste uitdrukking se bevrorenheid as beslissende faktor gebruik word om te onderskei tussen drie verskillende hoof tipes vaste uitdrukkings, naamlik idiome, spreekwoorde en spreuke. Hier onder word die definisie en onderskeidende kenmerke van elkeen van hierdie tipes vaste uitdrukkings samevattend uiteengesit.

'n **Idioom** kan gedefinieer word as 'n uitdrukking, bestaande uit 'n vaste woordgroep, wat nonkomposisioneel saamgestel is, aangesien die idiomatiese betekenis van die uitdrukking nie uit die somtotaal van die betekenis van die uitdrukking se individuele konstituente bepaal kan word nie. Idiome kan deur grammatikale en sintaktiese idiosinkrasieë uitgeken word, maar word hoofsaaklik gekenmerk deur 'n mate van bevrorenheid en leksikogrammatikale vastheid. 'n Verdere eienskap van idiome is dat die uitdrukkings afhanklike bousels is wat in 'n bepaalde woordorde tesame met ander elemente gebruik word om 'n volwaardige sin te vorm. Sekere idiome word daarby ook gebruik ten einde 'n bepaalde pragmatiese funksie in 'n gesprek uit te oefen.

'n **Spreekwoord** kan gedefinieer word as 'n uitdrukking, bestaande uit 'n kort sin, wat 'n lewensles deel, en wat van generasie tot generasie as 'n eenheid oorgedra en aangeleer word. Spreekwoorde is meer bevrore as idiome, maar kan ook weens hul nonkomposisionele

samestelling as metafories beskou word. **Slagspreuke, leuses en gevleuelde woorde** kan almal as tipes spreekwoorde beskou word.

’n **Spreuke** kan gedefinieer word as ’n uitdrukking, bestaande uit ’n woordgroep of sin, wat gebruik word om ’n morele waarheid weer te gee. Die onderskeidende kenmerk van ’n spreuk is dat dit altyd aan ’n spesifieke persoon toegeskryf kan word. Dié tipe vaste uitdrukking is die meeste versteend en vertoon dus die hoogste mate van bevrorenheid in terme van transformasionele beperkinge.

## 2.6 Slot

In Hoofstuk 2 is ’n bespreking gegee van die teoretiese komponente in verband met die term **vaste uitdrukking**. Die doelwit van die hoofstuk was eerstens om die terminologiese teenstrydighede in bestaande literatuur oor vaste uitdrukkings, spesifiek met verwysing tot die verskillende eienskappe en die verskillende benamings vir vaste uitdrukkings en tipes vaste uitdrukkings, op te klaar. Om dit te doen is daar eerstens in Afdeling 2.2 ’n inleidende literatuurstudie uitgevoer waarin resente navorsing in die veld van vaste uitdrukkings en idiomatiese taalgebruik ondersoek is. Daar is aangedui dat daar baie min resente navorsing in Afrikaans gedoen is oor hierdie tema.

Die klem is in Afdeling 2.3 geplaas op ’n literatuurstudie van die aard van vaste uitdrukkings. Die bespreking in hierdie afdeling is in sewe subafdelings verdeel wat elk verband hou met ’n wesenskenmerke wat potensieel gebruik kan word om tussen verskillende tipes vaste uitdrukkings te onderskei, naamlik:

- die nonkomposisionele aard van vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.1);
- die homonimiese aard van vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.2.);
- vaste uitdrukkings as sintaktiese eenhede (kyk Afdeling 2.3.3);
- die leksikogrammatikale vastheid van vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.4);
- die geïnstitutionaliseerdheid van vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.5);
- ortografiese kriteria wat met vaste uitdrukkings verband hou (kyk Afdeling 2.3.6); en
- die fonologiese eienskappe van vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 2.3.7).

Hierdie kenmerke is daarna in Afdeling 2.4 gebruik om ’n werksdefinisie vir die term **vaste uitdrukking** daar te stel. Vir die doeleindes van hierdie studie word ’n vaste uitdrukking gedefinieer as ’n uitdrukking wat:

- nonkomposisioneel saamgestel is;
- homonimies is met beide ’n letterlike en ’n idiomatiese betekenis;
- as ’n sintaktiese eenheid funksioneer;
- leksikogrammatikaal vas is met relatiewe leksikale integriteit; en
- ’n multiwoordeenheid is.

In Afdeling 2.5 is ’n oorsig gegee oor die verskillende tipes vaste uitdrukkings wat al in Afrikaans beskryf is, en op die terminologie wat daarvoor in die Afrikaanse literatuur gebruik

word. Daar is spesifiek gefokus op terme wat dikwels met die konsep van vaste uitdrukking geassosieer word en as sinonieme en subordinate vir die konsep gebruik word. Daar is derhalwe aangedui dat idioome (Afdeling 2.5.1), spreekwoorde (Afdeling 2.5.2) en spreuke (Afdeling 2.5.3) as die hoofipes vaste uitdrukkinge in Afrikaans onderskei kan word. Elke een van hierdie terme is gedefinieer en die onderskeidende eienskappe van elk is bespreek.

Op grond van die literatuurstudie wat in hierdie hoofstuk uitgevoer is, kan daar nou 'n stel kriteria opgestel word wat gebruik kan word om Afrikaanse vaste uitdrukkinge te kategoriseer. Hierdie kriteria word gebruik om eerstens die vaste uitdrukkinge in die Varsgebek-data te identifiseer, en tweedens om dit te annoteer. Hierdie kriteria kan soos volg saamgevat word:

1. 'n Idioom word vir doeleindes van die annotasie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:
  - relatiewe leksikale integriteit vertoon;
  - nonkomposisioneel saamgestel is; en
  - deel van 'n ander sin kan vorm.
  
2. 'n Spreekwoord word vir doeleindes van die annotasie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:
  - tot 'n hoë mate bevrore is en minimale variasie kan toon;
  - nonkomposisioneel saamgestel is;
  - onafhanklik gebruik kan word;
  - 'n lewensles bevat; en
  - 'n onbekende oorsprong het.
  
3. 'n Spreuk word vir doeleindes van die annotasie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:
  - tot 'n hoë mate bevrore is en minimale variasie kan toon;
  - nonkomposisioneel saamgestel is;
  - onafhanklik gebruik kan word;
  - 'n lewensles bevat; en
  - aan 'n spesifieke individu toegeskryf kan word.

Alvorens daar in Hoofstuk 4 beskryf word hoe hierdie kriteria gebruik is om die Varsgebek-data te annoteer, word daar in Hoofstuk 3 gefokus op 'n literatuurstudie rakende die kognitiewe semantiek. Daar word ook 'n oorsig gegee oor bestaande literatuur rakende tot watter semantiese velde die Afrikaanse vaste uitdrukkinge algemeen behoort. Die literatuurstudie in Hoofstuk 3 dien dan as teoretiese agtergrond vir 'n bespreking van die semantiese velde waarin die geïdentifiseerde uitdrukkinge in die Varsgebek-data aangetref word.

## Hoofstuk 3: Kognitiewe semantiek en semantiese velde: 'n Literatuurstudie

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die fokus geplaas op die veld van die kognitiewe semantiek en die semantiese velde waarin bestaande, gekonvensionaliseerde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word. Die doel van die hoofstuk is om die teoretiese agtergrond van kognitiewe semantiek, semantiese velde, en dan meer spesifiek die semantiese velde waarin gekonvensionaliseerde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word, te ondersoek. Die ondersoek word gebruik ten einde 'n samevatting van die algemeenste semantiese velde waarin tradisionele Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word, op te stel. Daar kan dan, sodra daar geïdentifiseer is tot watter semantiese velde die vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data behoort, bepaal word of daar uit ander semantiese velde as in die verlede geput word om hedendaagse vaste uitdrukkings in Afrikaans te skep.

In Afdeling 3.2 word 'n oorsig gegee van bestaande literatuur oor die veld van die kognitiewe semantiek. In Afdeling 3.3 word die konsep van semantiese velde bespreek. Meer spesifiek word daar in Afdeling 3.3 ondersoek ingestel na die aard van semantiese velde, waarna die belangrikheid van semantiese velde vir hierdie studie bespreek word. Semantiese velde wat dikwels die bron was vir gekonvensionaliseerde Afrikaanse vaste uitdrukkings, word in Afdeling 3.4 aan die hand van voorbeelde bespreek. Afdeling 3.5 stel ondersoek in na ander invloede wat bygedra het tot die skepping van sekere tradisionele Afrikaanse vaste uitdrukkings en die hoofstuk word dan in Afdeling 3.6 afgesluit met 'n samevatting van die bevindinge.

### 3.2 Die kognitiewe semantiek: 'n Oorsig

'n Belangrike onderdeel van hierdie studie is om die semantiese onderbou van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings te ondersoek. Dit word gedoen deur gebruik te maak van die kognitiewe semantiek (vergelyk, onder andere, Lakoff 1987; Lakoff en Johnson 1980; Talmy 2000 en 2003) wat 'n deelteorie is van die kognitiewe linguistiek. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om te weet hoe vaste uitdrukkings in die mentale leksikon gestoor en gebruik word. Dit is dus belangrik om te ondersoek en omskryf wat presies kognitiewe semantiek is en hoe die navorsingsveld aansluit by die studie van vaste uitdrukkings.

#### 3.2.1 Wat is die kognitiewe semantiek?

Die **kognitiewe semantiek** ondersoek die verbintenis tussen taal, betekenis en menslike denkprosesse (Croft en Cruse 2004:105). Die studieveld fokus op die studie van semantiek vanuit 'n kognitiewe perspektief en is gebaseer op die beginsel dat daar 'n nou verband is tussen die menslike kapasiteit om taal te kan prosessee en algemene, menslike kognitiewe prosesseringsmodelle. Die kognitiewe semantiek ondersoek gevolglik hoe taal geïnterpreteer, geprosessee en verwerp word (Masuda, Arnett en Labarca 2015:1) en fokus op die studie van taal as 'n mentale begrip teenoor die idee dat die betekenis van 'n uitdrukking geassosieer word met 'n fisiese voorwerp of aksie (Gärdenfors 1999:19). "Die

kognitiewe semantiek sien die proses van betekenisoordrag as deel van 'n kognitiewe proses wat 'n idiosinkratiese resultaat (die figuurlike betekenis en die totstandkoming van 'n idioom) lewer" (Bosman 2007:476).

Binne die kognitiewe semantiek word daar van die vooronderstelling uitgegaan dat die betekenis van 'n uitdrukking verbind is aan 'n kognitiewe begrip, in direkte teenstelling met 'n realistiese benadering van betekenis gekoppel aan 'n fisiese voorwerp of aksie (Gärdenfors 1999).

Die struktuurering en verhouding tussen woorde, uitdrukkings en konsepte is 'n belangrike onderdeel van die kognitiewe semantiek (Talmy 2011). "Hierdie gestruktureerdheid van die leksikon hou verband met die mens se struktuurering of ordening van sy kenniswereld" (De Stadler 1991:61). Roux (2012:12) som dit op deur te verduidelik hoedat 'n individu die kapasiteit het "om sy ervaring van die werklikheid te kategoriseer. Daarom kan woorde en lekseme beskou word as name van kategorieë in ons menslike ervaring." Die gebruikskonteks moet gevolglik in ag geneem word, aangesien 'n spreker se taalgebruik direk verbind is met die spreker se individuele konteks.

Die fokus van kognitiewe semantiek op die konseptuele struktuurering van 'n taal is dus te vinde in die studie van semantiese velde. In die hieropvolgende Afdeling 3.3 volg 'n bespreking van semantiese velde. Daar word bespreek wat presies 'n semantiese veld is, wat die invloed van semantiese velde is en hoekom dit belangrik is om semantiese velde te bestudeer.

### 3.3 Semantiese velde

In die veld van kognitiewe semantiek word die argument gevoer dat individue gebruik maak van konseptuele kategorisering ten einde betekenis in 'n taal te vind (Lakoff 1988, Talmy 2000). Volgens Moe 2003:215 kan **semantiese velde** beskryf word as die kategorisering van en die leksikale/semantiese verhouding tussen verskillende woorde of uitdrukkings op grond van 'n gemeenskaplik onderwerp of tema. Verhoudings kan tussen die woorde en uitdrukkings geskep word op grond van die semantiese veld wat dien as 'n mentale web wat die verskillende konsepte verbind tot 'n eenheid. 'n Oorkoepelende tema kan so gevestig word tussen die verskeie woorde en uitdrukkings. Roux (2012:13-14) verduidelik dat menslike ervaring daarom 'n belangrike ondersoekpunt is wanneer daar gekyk word na die mens se kategoriseringsgeneigdheid, aangesien individue woorde verskilend kan kategoriseer op grond van persoonlike waarneming en ervaring.

Woorde wat tot 'n spesifieke semantiese veld behoort, word verbind deur leksikale verhoudings ('lexical relations') (SIL International s.a.). Die konsepte van kollokasies en paradigmavorme is ook van toepassing op leksikale verhoudings. Kollokasies verwys na woorde wat dikwels sintagmaties in dieselfde konteks voorkom (vergelyk *voël* en *vlieg*). Paradigmavorme verwys na woorde waartussen spesifieke leksikale verhoudings bestaan, byvoorbeeld antonieme en sinonieme. *Baie* en *min* is voorbeelde van antonieme (in die semantiese veld van kwantiteit), en *mooi* en *pragtig* is voorbeelde van sinonieme (in die

semantiese veld van kwaliteit) (SIL International s.a.). 'n Ander vorm van leksikale verhoudings is hiponomie. 'n Voorbeeld hiervan is die verhouding tussen die woorde *roofdier* en *leeu*. *Roofdier* is 'n generiese term en *leeu* 'n meer spesifieke term, maar beide terme kom voor in die semantiese veld van diere.

Die studie van semantiese velde het voortgevloei uit 'n behoefte wat ontstaan het tydens die skep van tesourusse (Zakharov 2019:234), aangesien woorde in tesourusse juis saam geranskik word op grond van die semantiese velde waartoe hulle hoort. Die manier waarop vaste uitdrukkings in hierdie studie in semantiese velde gekategoriseer word, stem ooreen met die indeling wat tipies in tesourusse gemaak word, alhoewel tesourusse fyner indelings gebruik wat gebaseer is op die verhoudings tussen woorde en konsepte, en konsepte en woorde (Kim 1973:151-152).

Vir die doel van hierdie studie word die aandag op semantiese velde geplaas ten einde te kan bepaal of die nuwe vaste uitdrukkings wat in die Varsgebek-data voorkom, tot dieselfde semantiese velde behoort as tradisionele vaste uitdrukkings wat geïnstusionaliseer is. Die semantiese veld waarin 'n uitdrukking hoort, verskaf inligting oor die konteks waarin die vaste uitdrukkings ontstaan het. As daar dus vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data is wat uit nuwe, voorheen ongeïdentifiseerde semantiese velde kom, kan dit 'n aanduiding wees van verskuiwing in die semantiese velde wat in die lewens van Afrikaanssprekendes van belang is.

Die aandag word in die hieropvolgende Afdeling 3.4 geplaas op die semantiese velde waarin tradisionele Afrikaans vaste uitdrukkings aangetref word.

### 3.4 Die semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word

Die semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word, word in hierdie afdeling bespreek. Die term **gevestigde vaste uitdrukking** word hier gebruik om te verwys na Afrikaanse vaste uitdrukkings wat sodanig geïnstusionaliseer is, dat dit in leksikografiese of ander taalkundige bronne opgeneem is. Dit moet dus onderskei word van **nuwe vaste uitdrukkings** wat uitdrukkings is wat deel van die Varsgebek-data is.

Die bespreking in hierdie afdeling word gebaseer op bestaande literatuur en poog om die hoofipes semantiese velde wat reeds voorheen geïdentifiseer is as onderliggend aan gevestigde vaste uitdrukkings, te noem en te bespreek. Voorbeelde van gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings, tesame met 'n betekenisverklaring en 'n kort omskrywing van die vaste uitdrukking, word vir elke semantiese veld gegee.

Die semantiese velde van SIL International (s.a.) word as basis gebruik vir die semantiese kategorieë van vaste uitdrukkings. Die gevestigde vaste uitdrukkings wat as voorbeelde bespreek word, is geneem uit die besprekings van De Beer (1989) en Luther (2017). Die semantiese velde wat bespreek word, is **taal en denke** (Afdeling 3.4.1), **die heelal en die**



**skepping** (Afdeling 3.4.2), **sosiale gedrag** (Afdeling 3.4.3), **werk en die loopbaan** (Afdeling 3.4.4), **die individu** (Afdeling 3.4.5) en **daaglikse lewe** (Afdeling 3.4.6).

### 3.4.1 Taal en denke

In die semantiese veld **taal en denke** is denke, gevoelens, die siel, onderrig en emosies van belang (SIL International s.a.). Stories speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van taal aangesien kennis en taal van geslag tot geslag oorgedra moet word ten einde die konstante ontwikkeling van 'n taal en die institusionalisering van vaste uitdrukkings in die volksmond te verseker. In Afdeling 3.4.1.1 gaan spesifiek gekyk word na die semantiese veld **stories** as onderliggend aan gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings.

#### 3.4.1.1 Stories

Stories speel 'n kardinale rol in die alle kulture (Van Rooyen s.a.). Dit kan daarom te wagte wees dat verskillende tipes stories 'n invloed sou uitoefen op Afrikaanse vaste uitdrukkings. In hierdie afdeling word Afrikaanse vaste uitdrukkings wat kom uit die velde **Griekse en Romeinse mitologie** (Afdeling 3.4.1.1.1), die **Middeleeue** (Afdeling 3.4.1.1.2) en tradisionele **fabels en verhale** (Afdeling 3.4.1.1.3) bespreek.

##### 3.4.1.1.1 Griekse en Romeinse mitologie

Luther (2017) verduidelik dat heelwat Afrikaanse vaste uitdrukkings<sup>14</sup> die **Griekse en Romeinse mitologie** as bron het. Voorbeelde van dié tipe uitdrukkings word hier onder bespreek.

- *Dit is jou Achilleshiel / Agilleshiel*

Die uitdrukking word gebruik om te verwys na 'n individu se swakpunt en het ontstaan na aanleiding van die verhaal van Achilles, 'n Griekse held van die Trojaanse Oorlog, soos beskryf in die Griekse digter Homerus se epiiese gedig *Illias*. Volgens mitologie was Achilles 'n legendariese held met net een swakheid, naamlik sy hak, wat gelei het tot sy dood nadat hy met 'n pyl in sy hak geskiet is (Prinsloo 2004:6).

- *Iemand met twee gesigte / Iemand is 'n tweegesig / Iemand met 'n Janusgesig*

Die uitdrukking verwys na die mitologiese god Janus in die Romeinse mitologie. Volgens mitologie het Janus twee gesigte en die uitdrukking word dus gebruik om te verwys na 'n onbetroubare (tweegesig-) persoon (Prinsloo 2004:92, 146).

- *Dit is my muse*

Die uitdrukking word gebruik om te verwys na 'n individu se bron van inspirasie en word meestal gebruik in verband met die kunste. Die uitdrukking het ontstaan uit die Griekse mitologie van die Muses, die nege dogters van Zeus en Mnemosune, wat die godinne van verskillende vorme van kuns, wetenskap en literatuur was (De Wet 2011:337-338).

- *Die Trojaanse perd inbring*

Volgens Prinsloo (2004:275) beteken die uitdrukking *die Trojaanse perd inbring* om onbewustelik deur mens se eie dade die moontlikheid van gevaar te skep. Die uitdrukking het ontstaan uit die mitologiese verhaal uit die Trojaanse Oorlog, waar die inwoners van die Troje deur Griekse soldate verslaan is. Die inwoners is verslaan nadat 'n beeld van 'n houtperd in

---

<sup>14</sup> Luther (2017) maak gebruik van die term "idioom" om te verwys na al die tipes vaste uitdrukkings, insluitend beide enkelwoord- en frase-uitdrukkings.

die stad ingebring is en die inwoners sodoende onbewustelik die soldate, wat binne in die hol houtperd weggekrui het, binne die stad toegelaat het.

#### 3.4.1.1.2 Middeleeue

Verskeie vaste uitdrukkings in die Afrikaanse taal het vanuit die riddertydperk gedurende die **Middeleeue** ontstaan (Luther 2017). Die uitdrukkings wat hier onder bespreek word, is voorbeelde van dié tipe.

- *In die stof byt*

*In die stof byt* word as vaste uitdrukking gebruik om die situasie wanneer iemand sneuwel, te beskryf (De Wet 2011:446). Luther (2017) verduidelik dat die uitdrukking ontstaan het tydens die riddertydperk waar ridders tydens toernooie met steekwapens moes baklei en die verloorder gevolglik op 'n sandbedekte veld geval het wanneer hy verloor het en van sy perd af gestoot is.

- *Iemand iets diets maak*

Volgens Prinsloo (2004:56) beteken hierdie uitdrukking om iemand iets te leer en hul iets te laat glo. Die uitdrukking het ontstaan tydens die Middeleeue waar dit gebruik is om te verduidelik dat iets duideliker gemaak is in die volkstaal sodat die volk, die gewone mense, dit makliker kon verstaan.

- *'n Blok aan iemand se been wees*

Hierdie uitdrukking word gebruik om iets of iemand wat 'n mens se aksies en planne belemmer te beskryf (Prinsloo 2004:32). Volgens Luther (2017) het die uitdrukking ontstaan as gevolg van die blokke hout wat om 'n gevangene se bene geplaas is om te verhoed dat hul probeer ontsnap.

- *Gou op jou perdjie wees*

Nog 'n vaste uitdrukking wat tydens die Middeleeue ontstaan het, is *gou op jou perdjie wees*, wat beteken om vinnig kwaad te word. Die uitdrukking het ook te make met die riddertydperk, waar ridders mekaar vinnig uitgedaag het tot 'n tweegeveg op hulle perde wanneer 'n ridder sy humeur verloor het (Prinsloo 2004:275-276).

#### 3.4.1.1.3 Fabels en verhale

Verskeie vaste uitdrukkings word geassosieer met **fabels en verhale**. Volgens Luther (2017) het verskeie uitdrukkings in die Afrikaanse taal hul ontstaan te danke aan oeroue fabels. Ander vaste uitdrukkings het ontstaan gebaseer op geskiedkundige gebeure en verhale wat as stories in die volksmond oorgedra word. Voorbeelde van sodanige uitdrukkings word hier onder bespreek.

- *Boontjie kry sy loontjie*

Dié uitdrukking het ontstaan gebaseer op die Nederlandse verhaal van Ertjie, Boontjie, Strooitjie en Kooltjie Vuur (Prinsloo 2009:40). Volgens die verhaal het Boontjie, Strooitjie en Kooltjie Vuur by 'n stroom aangekom. Strooitjie het aangebied om 'n brug oor die stroom te wees ten einde die res te help om die stroom oor te steek. Boontjie het gevolglik oor Strooitjie na die ander kant van die stroom geloop, maar toe Kooltjie Vuur die stroom wou oorsteek, het sy hitte veroorsaak dat Strooitjie begin brand en in die rivier geval het. Kooltjie Vuur het

gevolglik ook in die rivier geval en gesterf. Boontjie het die gebeure van die ander kant van die stroom af sien gebeur, en het begin lag en gevolglik gebars (De Wet 2011:58). Die uitdrukking word dus gebruik om te verduidelik dat elke individu sy verdiende loon kry.

- *Vat jou goed en trek*(, Ferreira)

Volgens *Die Boervrou* van Oktober 1926, het die uitdrukking ontstaan uit die liedjie *Vat jou goed en trek*, Ferreira, geskryf deur Annie Molony (Prinsloo 2004:97). Volgens die verhaal waarop die liedjie gebaseer is, het 'n ryk boer 'n stuk grond vir kontant gekoop. Die vorige eienaar, Ferreira, het geweier om die grond te verlaat. Die liedjie is daarna geskryf en by 'n dansgeleentheid in die buurt opgevoer. Weens vernedering het Ferreira die volgende môre die grond wat hy verkoop het, verlaat (Prinsloo 2004:97). Die uitdrukking word dus gebruik as 'n bevel dat iemand moet weggaan.

- *Suur druiwe*

Luther (2017) verduidelik dat die uitdrukking *suur druiwe* ontstaan het uit die fabel van Esposus. Volgens die verhaal kon Jakkals nie die tros druiwe hoog in die boom bykom nie en hy het gevolglik vir almal gesê dat die druiwe suur is, ten einde sy teleurstelling 'n geheim te hou. Die uitdrukking kan gevolglik gebruik word wanneer jy iets as onbelangrik beskryf wanneer jy dit nie kan kry nie, alhoewel jy dit eintlik graag self wou hê (Prinsloo 2004:66).

Die Afrikaanse taal en kultuur word dus tot 'n groot mate deur stories, fabels en verhale beïnvloed, en uitdrukkings in die taal ontstaan weens stories wat van geslag tot geslag oorgedra word. In Afdeling 3.4.2 gaan nog 'n semantiese veld waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings aangetref word, naamlik **die heelal en die skepping**, bespreek word.

### 3.4.2 Die heelal en die skepping

Die Afrikaanse taal en kultuur is tot 'n groot mate beïnvloed deur die heelal en die skepping (Luther 2017). In die Afrikaanse taal, kan daar byvoorbeeld opgemerk word dat vele vaste uitdrukkings ontstaan het uit woordeskat wat verband hou met die plante- en diereryk.

#### 3.4.2.1 Diere en plante

Volgens Luther (2017) het verskeie uitdrukkings ontstaan vanuit ouer generasies waar mense nader aan die natuur gelewe het aangesien mense meer op die natuur staat gemaak het vir, onder andere, boerdery. Voorbeelde van uitdrukkings wat oor diere en plante handel, word hier onder bespreek.

- *So doof soos 'n kwartel wees*

Dié uitdrukking word gebruik om 'n persoon wat nie kan hoor nie, te beskryf (De Wet 2011:90) en het ontstaan uit 'n bygeloof in die Afrikaanse boeregemeenskap, wat beweer het dat kwartels doof is. Hierdie bygeloof was gebaseer op die feit dat kwartels in tye van gevaar op die grond rondskarrel, in plaas daarvan om weg te vlieg.

- *Die hasepad kies*

Hierdie uitdrukking word gebruik wanneer iemand of iets vinnig wegvlug en is geïnspireer deur hase se geaardheid om vinnig te vlug in tye van gevaar (Luther 2017).

- *Iemand is 'n lelie van die vlei*

De Wet (2011:306) dui aan dat dié uitdrukking gebruik kan word om iemand wat “rein en onskuldig” is, te beskryf, omdat die lelies se wit kleur ’n konnotasie is vir “reinheid”.

In terme van die semantiese veld van die heelal en die skepping, kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar heelwat Afrikaanse vaste uitdrukkings ontstaan het, moontlik weens die leefwyses van ouer generasies, nadat sprekers deur die diere- en planteryk geïnspireer is. In Afdeling 3.4.3 word gefokus op vaste uitdrukking wat tot semantiese velde in die veld van **sosiale gedrag** behoort.

### 3.4.3 Sosiale gedrag

In die proses van taalontwikkeling is ’n sterk korrelasie tussen taal en kultuur in die samelewing sigbaar, aangesien taal ’n wyse van kommunikasie tussen individue is en gevolglike ’n manier is vir ’n individu om emosies en idees oor te dra op grond van visuele en nievisuele ervarings (Aikhenvald en Storch 2013). Dit is dus te verstane dat verskeie vaste uitdrukkings uit sodanige sosiale konvensies sou ontstaan.

In die volgende afdeling (Afdeling 3.4.3.1) word gefokus op die invloed van **geloof** op gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings, deur spesifiek te bespreek hoe verskeie Afrikaanse uitdrukkings uit gegewens in die Bybel ontstaan het. In Afdeling 3.4.3.2 verskuif die fokus na **sosiale aktiwiteite** en voorbeelde van Afrikaanse vaste uitdrukkings wat tot die semantiese veld **sport** behoort, word bespreek.

#### 3.4.3.1 Geloof

In die Afrikaanse taal speel die Christelike **geloof** ’n belangrike rol (Oliver 2008:316). Verskeie vaste uitdrukkings in die Afrikaanse taal kan gevolglik toegeskryf word aan ’n ontstaan vanuit die Bybel. “Die rede hiervoor was dat die mense wat Afrikaans as moedertaal gepraat het, die inhoud van die Bybel baie goed geken het en dit direk op hulle daaglikse lewens van toepassing gemaak het” (Oliver 2008:316). Dié vaste uitdrukkings behoort tot die semantiese velde van sosiale gedrag in die kategorie van geloof en Christenskap (SIL International s.a.).

##### 3.4.3.1.1 Die Bybel

Voorbeelde van uitdrukkings wat vanuit die **Bybel** ontstaan het, sluit in:

- *Daar is nog koring in Egipte*

Die uitdrukking kan gebruik word om ’n moedelse individu te motiveer en hul hoop te gee dat die moeilike omstandighede sal verbeter. Die uitdrukking is geïnspireer deur Genesis 42:1-2 waar Jakob sy seuns na Egipte stuur om koring te gaan koop tydens ’n tyd van groot hongersnood in die land (Prinsloo 2004:184).

- *Die klein jakkalsies wat die wingerd verniel*

Die uitdrukking word gebruik om te verduidelik dat klein dingetjies die meeste probleme kan veroorsaak, en is aangepas uit Hooglied 2:15 (Luther 2017).

- *Jou eersgeboortereg vir ’n pot lensiesop verkoop*

Die gebeure van Génesis 25, waar Esau sy eersgeboortereg verruil vir ’n pot lensiesop, het aanleiding gegee tot die skepping van hierdie uitdrukking. Dit kan gebruik word om te verwys

na 'n individu wat iets waardevol (byvoorbeeld talente) verruil vir iets wat minder waardevol is (De Wet 2011:437).

- *Die skille val van iemand se oë af*

Prinsloo (2004:319) verduidelik dat dié uitdrukking uit Handeling 9:18, waar Saulus weer kon sien nadat daar iets soos skille van sy oë afgeval het, ontstaan het. Die uitdrukking word dus gebruik wanneer 'n mens begin om 'n saak beter te verstaan.

#### 3.4.3.2 Sosiale aktiwiteite

'n Taal word ook tot 'n hoë mate beïnvloed deur sosiale interaksie en die sosiale aktiwiteite waaraan taalsprekers deelneem (Caronia 2021:1). In Suid-Afrika en die Afrikaanse kultuur is sport (byvoorbeeld, rugby, krieket en sokker) en die kyk van sportbyeenkomste 'n algemene tydverdryf vir Suid-Afrikanners. Verskeie Afrikaanse vaste uitdrukking is gevolglik deur sport geïnspireer.

##### 3.4.3.2.1 Sport

Voorbeelde van uitdrukkinge wat tot die semantiese velde van sport behoort, word hier onder bespreek.

- *Om handdoek in te gooi*

Die uitdrukking het ontstaan in 'n bokskonteks en beteken "om op te gee". Die vaste uitdrukking is die gevolg van die tradisie waar 'n bokser se afrigter 'n handdoek in die bokskryt gooi om aan te dui dat die bokser nie verder gaan boks nie (De Wet 2011:170).

- *Iemand vir 'n ses slaan*

Volgens De Wet (2011:418) word die uitdrukking gebruik om die situasie te beskryf wanneer iemand verbaas is en deur iets stom geslaan word. Die uitdrukking het waarskynlik ontstaan uit krieket, waar 'n kolwer ses lopies kan kry vir 'n spesifieke hou.

Die volgende semantiese veld, naamlik **werk en loopbaan**, word in Afdeling 3.4.4 bespreek.

#### 3.4.4 Werk en loopbaan

Aangesien individue baie tyd aan werk spandeer, is dit ook natuurlik dat verskeie uitdrukkinge tot die semantiese velde van werk en loopbane behoort. In die Afrikaanse taal is daar verskeie vaste uitdrukkinge wat deur die **beroep**, en meer spesifiek die beroep van **seevaart**, geïnspireer is. Voorbeelde van dié tipe vaste uitdrukkinge word in Afdeling 3.4.4.1 bespreek. In Afdeling 3.4.4.2 word **landbou**- en **boerdery**-geïnspireerde vaste uitdrukkinge bespreek. Vaste uitdrukkinge wat tot die semantiese veld van **finansies** en **geld** behoort, word in Afdeling 3.4.4.3 bespreek.

##### 3.4.4.1 Beroep

Verskeie woorde en vaste uitdrukkinge behoort tot die semantiese veld **beroep**. Temas in die beroepdomein sluit in werk wat te make het met lap, minerale, hout, handewerk, kuns, die land, water en masjiene (SIL International s.a.). In die Afrikaanse taal is daar talle vaste uitdrukkinge wat tot die semantiese veld van **seevaart** behoort. Voorbeelde van dié tipe vaste uitdrukkinge word in die hieropvolgende Afdeling 3.4.4.1.1 bespreek.

#### 3.4.4.1.1 Seevaart

Verskeie uitdrukkings het ontstaan in die Afrikaanse taal uit die semantiese veld van **seevaart** weens die belangrike rol wat seevaart in die lewens van die vroeë Kaapse koloniste gespeel het (De Beer 1989:190). Voorbeelde van vaste uitdrukkings uit die seevaarddomein, word hier onder bespreek.

- *Iemand van bakboord na stuurboord stuur*

Dié vaste uitdrukking word gebruik wanneer 'n persoon sonder 'n doel rondgestuur word (De Wet 2011:33). Die vaste uitdrukking het ontstaan in 'n seevaartkonteks waar *bakboord* na die linkerkant van 'n boot/skip verwys wanneer daar in die rigting van die voorkant gekyk word. *Stuurboord* verwys na die regterkant van die boot/skip. Hierdie uitdrukking het dus ontstaan uit die omstandighede waar 'n individu doelloos van een kant van die boot/skip na die ander gestuur word (Van Heerden 2015). Volgens De Wet (2011:32) is *iemand van babo na bibo stuur* 'n alternatiewe vorm van die vaste uitdrukking. Dié alternatiewe vorm het moontlik ontstaan vanuit die Nederlandse uitdrukking *van bikboord naar bakboord zenden* (Meijer 1919:19).

- *Iemand kom met die nagskuit saam*

*Iemand kom met die nagskuit saam* is 'n vaste uitdrukking wat gebruik word wanneer 'n persoon graag wil deel wees van 'n gesprek, maar nie noodwendig bewus is waaroor die gesprek handel nie (De Wet 2011:342). Die uitdrukking het ontstaan uit die situasie waar die nagskuit in die aande vanaf die see deurgekeer het nadat mense alreeds gaan slaap het (Universität Wien s.a.).

- *Om iets oor 'n ander boeg te gooi*

Volgens De Wet (2011:54) beteken dié uitdrukking om 'n saak vanuit 'n ander perspektief te benader. Die uitdrukking het te make met die feit dat 'n boeg verwys na die geboë deel van die boot of skip. "Wanneer 'n skip oor of op 'n ander boeg gewend (gegooi/gedraai) word, gaan die skip as gevolg van die rigtingverandering van die seile teen die wind, op 'n ander sy lê en sodoende word die koers verander" (Liebenberg 1975-1995:21).

- *Jou seebene kry*

*Jou seebene kry* is 'n uitdrukking wat gebruik word wanneer 'n individu, nes 'n matroos, gemaklik op 'n seevarende boot kan loop (Prinsloo 2004:308).

- *Om nie die mas te kan opkom nie*

Prinsloo (2004:222) verduidelik dat *mas* verwys na 'n lang paal wat gebruik is om seile op te hou en dat daar van matrose verwag is om die paal alleen te kon opklim na bo. Die uitdrukking beteken dus dat iemand nie iets onafhanklik kan doen nie en dus hulp benodig. Die uitdrukking het ontstaan uit Nederlandse seevaartterminologie; oorspronklik as die uitdrukking *hij zal de mast wel opkrijgen* (Otto en Boekkooi 2020).

#### 3.4.4.2 Landbou

Agrariese leefwyses het ook aanleiding gegee tot die skepping van vaste uitdrukkings wat handel oor **landboubedryghede**. As gevolg hiervan kan vele Afrikaanse vaste uitdrukkings verbind word met **boerdery**.

##### 3.4.4.2.1 Boerdery

Voorbeelde van vaste uitdrukkings wat uit die tradisionele plaaslewe ontstaan het, word hier onder bespreek.

- *Bokerf trek*

*Bokerf trek* word volgens Prinsloo (2004:38) gebruik om 'n moeilike situasie te beskryf en 'n voorbeeld van hoe die uitdrukking gebruik sal word sluit in *Die droogte laat die boere bokerf trek*. "Die strop wat om die trek-os se nek na die jukskei gevat is, kon in een van 'n hele paar kerwe geplaas word. Hoe hoër die kerf was, hoe stywer het die strop om die trekdier se nek getrek. Die dier het dus swaargekry" (De Wet 2011:56).

- *Een brandsiek skaap steek die hele trop aan*

Hierdie uitdrukking word gebruik om te verduidelik dat een persoon se slegte daede ook 'n slegte reputasie vir die hele groep sal gee (De Wet 2011:422). Die uitdrukking kom vanaf die veltoestand van skaapbrandsiekte, 'n hoogs aansteeklike siekte wat deur kontak van een dier na die ander oorgedra word (Veeplaas 2021).

- *Die voortou neem*

*Die voortou neem* beteken "om leiding te neem" en het ontstaan uit die era van ossewaens. Die uitdrukking is geïnspireer deur die tradisie waar 'n touleier voor die osse moes loop terwyl hy die tou vashou ten einde te verseker dat die span osse in die regte rigting beweeg (De Wet 2011:484).

- *Agteros kom ook in die kraal*

Die vaste uitdrukking word gebruik "wanneer 'n stadige persoon 'n bietjie bemoedig word" (De Wet 2011:18). Die uitdrukking kom ook uit die gebruik van ossewaens, waar elke os 'n spesifiek plek gehad het vir die trek van die wa. Dit was dan opvallend dat die osse in dieselfde orde na die kraal beweeg het sodra die osse uitgespan is, met die agteros wat dan laaste by die kraal aankom.

In die volgende afdeling word vaste uitdrukkings wat in die semantiese veld **finansies** aangetref word, bespreek.

#### 3.4.4.3 Finansies

Die ekonomie en spesifiek geld speel 'n belangrike rol in die samelewing. Gevolglik is daar ook heelwat Afrikaanse vaste uitdrukkings wat tot die semantiese veld **geld** behoort.

##### 3.4.4.3.1 Geld

Geld en finansies is iets waarmee mense elke dag te doen het. Dit is dus juis te wagte dat daar ook heelwat vaste uitdrukkings vanuit die domein van geld sou ontstaan. Verskeie van hierdie uitdrukkings word egter hedendaags grotendeels gebruik weens tradisie aangesien die



uitdrukkings gebruik maak van verouderde geldeenhede en sprekers nie meer weet hoe die uitdrukkings ontstaan het nie. Voorbeelde van die tipe vaste uitdrukkings word hier onder bespreek.

- *Om jou pennies om te draai / Om 'n oulap twee keer om te draai*

*Om jou pennies om te draai* beteken om spaarsamig te wees en verwys na pennies, ook bekend as 'n "oulap", wat 'n ou muntstuk met 'n waarde van ongeveer een sent is (De Wet 2011:379). Die uitdrukking verwys na die gebruik waar mense aangeraai is om hulle muntstukke om te draai voor hulle dit uitgee om sodoende nie dadelik hul geld op (onnodige) dinge te spandeer nie. Volgens die gebruik kan mens dus eers iets koop sodra die muntstuk vir 'n tweede keer (vir 'n tweede item) omgedraai is.

- *Suinig met die pennies, rojaal met die ponde*

Prinsloo (2004:274) verduidelik dat dié uitdrukking beteken om spaarsamig en versigtig te wees met klein dinge, maar om onverskillig met belangriker, groter dinge te werk. 'n Pennie het ongeveer die waarde van een sent gehad, terwyl 'n pond gelykstaande was aan 12 pennies.

- *Hoeveel onse in 'n pond?*

Dié vaste uitdrukking word gebruik wanneer iemand verduidelik dat "ons" iets gedoen het en die spreker dan skertsend vra wie almal by die aksie betrokke was. Die uitdrukking het ontstaan uit die verouderde geldeenheid waar een pond gelyk was aan 16 onse (De Wet 2011:358).

Die volgende semantiese velde wat bespreek gaan word, is die semantiese veld **die individu**.

#### 3.4.5 Die individu

**Die individu** is nog 'n voorbeeld van 'n semantiese veld wat 'n impak gehad het op die oorsprong en institusionalisering van verskeie Afrikaanse vaste uitdrukkings. In Afdeling 3.4.5.1 gaan die fokus geplaas word op vaste uitdrukkings wat tot die semantiese veld van die **menslike liggaam** behoort. Afdeling 3.4.5.2 gaan daarna die klem plaas op Afrikaanse vaste uitdrukkings wat tot die semantiese veld van die **dood** behoort.

##### 3.4.5.1 Die menslike liggaam

Voorbeelde van vaste uitdrukkings wat tot die semantiese velde van die menslike liggaam behoort, word hier onder bespreek.

- *Om jou kop oor iets te breek*

Die uitdrukking word gebruik wanneer iemand oor iets stres of oor iets bekommerd is (Prinsloo 2004:180) en dus hul "kop breek" deur herhaaldelik aan die onderwerp te dink.

- *Om op iemand se nek te lê*

*Om op iemand se nek te lê* is 'n vaste uitdrukking wat gebruik word wanneer iemand 'n oorlas van hulself maak (Hoogenhout en Schoeman 1925:56). Volgens De Wet (2011:345), sal 'n voorbeeld wees wanneer 'n persoon dikwels by sy bure kuier en verwag dat hulle al die

onkoste moet dek. Daar kan dan gevolglik gesê word: *Hy lê op sy bure se nek*. Die uitdrukking vergelyk dus die gevoel waar jou lugweg toegedruk word met die gevoel van irritasie en ongerief wanneer 'n ander persoon vir jou 'n las is.

- *Dis neusie verby!*

Die vaste uitdrukking word gebruik wanneer 'n saak afgehandel is en daar niks verder gedoen kan word nie (De Wet 2011:347). Prinsloo (2004:241) verduidelik dat die uitdrukking ontstaan het uit die beginsel dat iets by mens se neus verby is en dat jy dit dan net kan ruik en nie meer kan sien nie.

- *Iets het voete gekry*

Die uitdrukking word gebruik wanneer iets vermis is en die vermoede is dat die item(s) gesteel is (De Wet 2011:482). Die idee word geskep dat die verlore item(s) "voete" gekry het, weggehoop het en dus nou vermis is.

- *Iemand se oë is groter as hul maag*

Volgens Hoogenhout en Schoeman (1925:58) word die uitdrukking *iemand se oë is groter as hul maag* gebruik wanneer 'n persoon meer kos in hul bord skep of vra vir meer kos as wat hulle kan opeet. Toe die persoon die kos gesien het, het die kos baie aanloklik gelyk en weens gulsigheid het die persoon dus te veel kos ingeskep.

#### 3.4.5.2 Die dood

Die dood is 'n onvermydelike deel van menswees, en dit is dus logies dat daar ook verskeie vaste uitdrukkinge uit die semantiese veld **die dood** ontstaan het. Voorbeelde van die tipe vaste uitdrukkinge word hier onder bespreek.

- *Om met een voet in die graf te staan*

Die uitdrukking kan gebruik word om 'n persoon wat oud is te beskryf en verwys dus na die persoon se nabye dood (De Wet 2011:482). Die woord *voet* kan ook met *been* vervang word, terwyl *wees* 'n plaasvervanger vir *staan* kan wees (Prinsloo 2004:99).

- *Om voor dooimansdeur te kom*

*Om voor dooimansdeur te kom* is 'n uitdrukking wat gebruik word wanneer 'n mens iewers aankom, maar niemand is tuis nie. Die uitdrukking kan ook gebruik word wanneer iemand om hulp of ondersteuning vra en die versoek word geïgnoreer (Hoogenhout en Schoeman 1925:15). Prinsloo (2004:62) verduidelik dat die uitdrukking ontstaan het uit die Nederlandse uitdrukking *aan dove mans deur kloppen*, wat beteken "om te klop, maar nie gehoor te word nie; die *dooimansdeur* is dus 'n verbouing van *dowemansdeur*."

- *Die doodskleed het nie sakke nie*

Prinsloo (2004:62) verduidelik dat die uitdrukking gebruik word om 'n individu te herinner dat mens nie enige besittings kan saamneem nadat mens sterf nie. 'n "Doodskleed" verwys na die klere van 'n lyk, en die uitdrukking is gebruik om mense te herinner om nie slegs op rykdom te fokus nie aangesien mens nie geld of materiële dinge kan hou as mens sterf nie.

- *'n Kleintjie/Broertjie dood hê aan iets*

Volgens De Wet (2011:252) word dié uitdrukking gebruik wanneer 'n individu nie iets kan verdra nie en dit verag. Daar kan dus gesê word *Hy het 'n kleintjie dood aan hoogmoed* om te verduidelik dat 'n persoon nie hou van hoogmoedige individue nie. Die uitdrukking kom vanuit die Nederlandse uitdrukking *ergens een broertjie dood aan hebben* en verwys na die situasie waar iemand se broer gesterf het weens 'n spesifieke sieke en waar die siekte nou gehaat word (Onze Taal s.a.).

In Afdeling 3.4.6 gaan die fokus geplaas word op verskeie vaste uitdrukkinge wat tot die semantiese veld **daaglikse lewe** behoort.

### 3.4.6 Daaglikse lewe

Die **daaglikse lewe** en 'n individu se leefstyl is 'n verdere belangrike tema en semantiese veld wat bygedra het tot die skepping van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkinge. **Kos** is 'n voorbeeld van 'n tema uit dié semantiese veld wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van verskeie gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkinge. Die tema van kos word in die volgende afdeling in meer diepte bespreek.

#### 3.4.6.1 Kos

Verversings en eetgerei is 'n belangrike deel van 'n mens se lewe en dit het dus gelei tot die skepping van verskeie vaste uitdrukkinge. Voorbeelde van vaste uitdrukkinge wat deur kos geïnspireer is, word hier onder bespreek.

- *Die gort is gaar*

*Die gort is gaar* beteken dat 'n moeilike situasie ontstaan het en verwys na afdoppte korrels gars (De Wet 2011:156). Die uitdrukking beskryf dus "'n mens se gemoed wat in ongeduld begin kook totdat jy uitbars" (Prinsloo 2004:98).

- *Vars botter en warm brood is die ou man se bittere dood*

Die uitdrukking word gebruik wanneer 'n ouer man met 'n baie jonger vrou trou (Bosman 2007:478). Bosman (2007:478) verduidelik dat die uitdrukking 'n voorbeeld van 'n spreekwoord is en dat 'n spreker vanuit die woorde *bittere dood* sal kan aflei dat die uitdrukking idiomaties is. Die idee word geskep dat 'n jong vrou vir die ouer man aanloklik lyk (soos vars botter en warm brood), maar vir hom probleme kan veroorsaak (soos sy bittere dood).

- *Iets vir 'n appel en 'n ei verkoop/koop*

Wanneer daar gesê word dat iets *vir 'n appel en 'n ei* gekoop word, beteken dit dat die item(s) baie goedkoop is (Kritzinger, de Villiers en Pienaar 1927). Die woord *ei* in die uitdrukking is 'n verkorting vir die woord *eier* (Prinsloo 2004:13). Die uitdrukking het moontlik ontstaan vanuit 'n ou ruilhandelstelsel waar appels en eiers as goedkoop items beskou is wat mens vir ander items kon verruil (Liebenberg 1975-1995:13).

- *Iemand 'n poets bak*

*Iemand 'n poets bak* beteken “om iemand 'n streep te trek” (De Wet 2011:388). Prinsloo (2004:279) verduidelik dat die woord *poets* uit Nederlands kom en moontlik afgelei is van die Duitse woord *Putze* wat beteken “grap”.

- *Om jou brood aan albei kante gebotter te wil hê*

Die uitdrukking beskryf die situasie wanneer 'n individu probeer om al die sukses en voordele vanuit 'n saak te kry (De Wet 2011:60). Bosman (2009:477) verduidelik dat die uitdrukking moontlik kom vanaf die Engelse uitdrukking *to butter one's bread on both sides*.

### 3.4.7 Samevatting

Uit die bevindinge van Afdeling 3.4.1 tot Afdeling 3.4.6 blyk dit dat geïnstitutionaliseerde Afrikaanse vaste uitdrukkinge tot verskillende semantiese velde behoort. Die volgende domeine is voorbeelde van domeine waarin verskeie gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkinge aangetref word:

- Griekse en Romeinse mitologie
- Middeleeue
- Fabels en verhale
- Diere en plante
- Die Bybel
- Sport
- Seevaart
- Boerdery
- Geld
- Die menslike liggaam
- Die dood
- Kos

Die nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkinge in die Varsgebek-data word in Hoofstuk 4 aan die hand van die bostaande lys geannoteer ten einde te bepaal of die nuwe vaste uitdrukkinge tot dieselfde of tot nuwe semantiese velde behoort. Daar word dan vasgestel of daar uit nuwe semantiese velde geput word om hedendaagse Afrikaanse vaste uitdrukkinge te skep.

Uit die bespreking van byvoorbeeld die uitdrukkinge *om voor dooimansdeur te kom* (kyk Afdeling 3.4.5.2) en *iemand 'n poets bak* (kyk Afdeling 3.4.6.1) kom die idee na vore dat Afrikaanse vaste uitdrukkinge ook deur ander tale beïnvloed word. In die volgende afdeling gaan die fokus geplaas word op hoe ander tale, sowel as verskeie ander faktore, 'n impak gehad het op die ontstaan van Afrikaanse vaste uitdrukkinge.

### 3.5 Invloede op Afrikaanse vaste uitdrukkinge

Afrikaanse vaste uitdrukkinge word tot 'n groot mate beïnvloed deur ekstralinguistiese en kontekstuele faktore (vergelyk Afdeling 3.4). Die literatuurstudie in Afdeling 3.4 het aangedui dat vaste uitdrukkinge deur ander tale beïnvloed kan word. Die invloed van **ander tale** op die ontstaan van Afrikaanse vaste uitdrukkinge word in die hieropvolgende Afdeling 3.5.1 bespreek. In Afdeling 3.5.2 word die fokus geplaas op hoe kontekstuele faktore bydra tot die skepping van vaste uitdrukkinge deur ondersoek in te stel na Afrikaanse vaste uitdrukkinge

wat uit **ouer leefwyses** ontstaan het. In Afdeling 3.5.3 word die fokus geplaas op **eienaamverbleking** in Afrikaanse vaste uitdrukkings.

### 3.5.1 Ander tale

Talle Afrikaanse vaste uitdrukkings is gebaseer op vaste uitdrukkings wat ontleen is uit ander tale. Sommige van die uitdrukkings is direkte vertalingsekwivalente van uitdrukkings in ander tale, terwyl ander uitdrukkings slegs gebaseer is op leenwoorde. 'n Paar van hierdie tipe vaste uitdrukkings word hier onder bespreek.

- *In die grammadoelas* (Afrikatale)

*In die grammadoelas* word gebruik om te beskryf dat iemand in 'n moeilike situasie gedompel is, of ver en afgeleë is. Die uitdrukking het moontlik ontstaan uit Xhosa of Zulu en is gebaseer op die woord *amaduli* wat beteken "heuwels" (Prinsloo 2004:100).

- *Muisneste hê* (Nederlands)

*Muisneste hê* is 'n vaste uitdrukking gevorm uit die Nederlandse woord *muizenissen* en beskryf iemand wat verlief is (Prinsloo 2004:234).

- *Om die emmer te skop* (Engels)

*Om die emmer te skop* beteken om te sterf (De Wet 2011:112). Die uitdrukking is 'n vertaling van die Engelse uitdrukking *to kick the bucket*. Prinsloo (2004:75) verduidelik dat die uitdrukking moontlik 'n voorbeeld van 'n foutiewe leenvertaling is aangesien *bucket* moontlik na 'n balk waaraan geslagte diere gehang is, verwys het. Die dier kon dus moontlik tydens hulle laaste stuiptrekkings voor hul dood aan die balk geskop het.

- *Om in die fleur van jou lewe te wees* (Frans)

*Fleur* beteken "blom" in Frans. Die uitdrukking *om in die fleur van jou lewe te wees* beteken dus om nog jonk te wees (De Wet 2011:121) as gevolg van die konnotasie van nuwe lewe wat met blomme gepaard gaan.

- *'n Vals alarm* (Italiaans)

*'n Vals alarm* beskryf 'n situasie waar 'n onnodige opskudding ontstaan het. Die uitdrukking het ontstaan uit die Italiaanse *all'arme* wat beteken "na die wapens" en wat dus gebruik is om mense te waarsku om gereed te maak vir 'n moontlike gevaar (Prinsloo 2004:11).

### 3.5.2 Ouer leefwyses

Verskeie Afrikaanse vaste uitdrukkings het ook ontstaan uit die **ouer leefwyses**, soos ouer geslagte se trekkersbestaan (Luther 2018a). Die uitdrukkings word steeds in die Afrikaanse taal as 'n vorm van tradisie gebruik, alhoewel sprekers nie noodwendig meer vertrouwd is met die uitdrukkings se oorsprong nie. Voorbeelde van dié tipe uitdrukkings word hier onder bespreek.

- *Iemand se doppie het geklap*

*Iemand se doppie het geklap* is 'n tradisionele vaste uitdrukking wat gebruik word om te sê dat 'n persoon gesterf het. Prinsloo (2004:63) verduidelik dat die vaste uitdrukking geïnspireer

is deur die gebruik van gewere waar die kruit met 'n koperdoppie ontsteek is. "As jou doppie dus geklap het, het dit beteken dat die koeël afgevuur is en die geweer verder nutteloos was" (Prinsloo 2004:63).

- *Om nie by/vir iemand te kan kers vashou nie*

Hoogenhout en Schoeman (1925:41) verduidelik dat die uitdrukking gebruik word om te sê dat iemand nie dieselfde goeie kwaliteite as iemand anders het nie. Die uitdrukking het oorspronklik ontstaan uit die era van ambagsmanne voor die gebruik van elektrisiteit, waar daar van 'n vakleerling verwag is om 'n kers vir hul meester vas te hou. Die vakleerling moes die kers vashou om die werksarea vir die meester te belig en om te kan leer by die meester wanneer hy die meester se take observeer (Prinsloo 2004:164). As 'n vakleerling nie die regte vaardighede gehad het om later self 'n meester te word nie, is daar gesê dat die individu nie eers bekwaam genoeg was om die kers vir sy meester vas te hou nie.

- *Lont ruik*

Volgens Prinsloo (2004:211) het die uitdrukking *lont ruik* ontstaan uit die gebruik van pangewere waar lont gebruik is om die kruit in die gewere aan die brand te steek. Die uitdrukking beteken om agterdogtig te word en om onraad te merk, en is geïnspireer deur die konteks waar soldate kon weet dat gevaar nader wanneer hulle lont kon ruik.

### 3.5.3 Eienaamverbleking

Sommige gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings word ook gekenmerk deur die gebruik van eiename en deur **eienaamverbleking**. Eienaamverbleking verwys na die proses om 'n idiomatiese betekenis te heg aan 'n soortnaam wat ontstaan het uit 'n eienaam (Beter Afrikaans 2023a). Die proses is meestal merkbaar in die verskeidenheid uitdrukkings wat geïnspireer is deur mansname (Luther 2018b). Voorbeelde van die tipe uitdrukkings word vervolgens bespreek.

- *Liewer bang Jan as dooie Jan*

*Liewer bang Jan as dooie Jan* is 'n uitdrukking wat beteken dat iemand eerder versigtig optree as om 'n gevaarlike risiko te neem (Prinsloo 2004:145).

- *Tot by oom Daantjie in die kalwerhok jaag*

De Wet (2011:360) verduidelik dat die uitdrukking gebruik word wanneer 'n individu sonder ophou aanhou om iets te doen. *Tot by oom Japie in die kamer* word deur Luther (2018b) as 'n alternatiewe vorm van die uitdrukking bespreek.

- *Om met Jan Tuisbly se karretjie te ry/gaan*

Die uitdrukking beteken om by die huis te bly en nie na enige plek te gaan nie.

- *Die ware Jakob*

*Die ware Jakob* word gebruik om die regte weergawe van iets of iemand te beskryf. Die uitdrukking behoort ook tot die semantiese veld van die Bybel. Die uitdrukking verwys na die Bybelse verhaal van Jakob en Esau waar Jakob sy pa se seën in die plek van sy broer wou

ontvang en gevolglik homself vermom het en gemaak het of hy sy harige broer Esau was (De Wet 2011:208).

In Afrikaans is die meeste uitdrukkings wat gebruik maak van persoonsname en eienaamverbleking gebaseer op mansname, maar daar is egter ook voorbeelde van uitdrukkings met vroulike name.

- *Antjie Taterat*

*Antjie Taterat* word gebruik om te verwys na iemand wat baie skinder. 'n Voorbeeldsin van hoe die naam gebruik kan word, is *Antjie Taterat was bedrywig* (De Wet 2011:25) wat beteken dat daar in 'n spesifieke situasie baie geskinder is.

- *Grote Griet!*

Die uitdrukking word gebruik om verbasing aan te toon. Alternatiewe vorme vir die uitdrukking sluit in *o, (my) Griet* of *goeie Griet(jie)* (Luther 2019).

- *Martha trek haar kop weg*

*Martha trek haar kop weg* is 'n uitdrukking waar die son as "Martha" gepersonifieer word om te verduidelik dat die son besig is om te sak (De Wet 2011:325). Luther (2019) verduidelik verder dat dié benoeming van die son in die Overberg-omgewing ontstaan het en dat verskillende vorme van die uitdrukking gebruik kan word – vergelyk *Martha trek water* en *Martha sit al op die berg*.

- *Om Kaatjie Langnek te soen*

Volgens De Wet (2011:221) word die uitdrukking gebruik vir iemand wat baie drink – vergelyk *Hy soen Kaatjie Langnek*.

#### 3.5.4 Samevatting

Verskeie gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkings is beïnvloed deur kontekstuele faktore. Ander tale het 'n impak op die skepping van vaste uitdrukkings wanneer vertalingsekwivalente vir vaste uitdrukkings in ander tale geskep word of wanneer leenwoorde gebruik word as basis van 'n nuwe vaste uitdrukking. Leefwyses beïnvloed op soortgelyke wyse ook die institusionaliseringsproses van nuwe vaste uitdrukkings. In Afrikaans is daar ook verskeie vaste uitdrukkings wat ontstaan het uit ouer eras waar individue 'n heeltemal anderse leefwyse gehad het as wat Afrikaanse sprekers in die 21ste eeu beleef. Die tradisionele Afrikaanse vaste uitdrukkings is egter uit tradisie in die volksmond behou, alhoewel sprekers nie altyd meer vertrou is met die betekenis of die semantiese velde waarin die uitdrukkings aangetref word nie. Die gebruik van persoonsname is ook 'n belangrike aspek wat die skepping van Afrikaanse vaste uitdrukkings beïnvloed wanneer 'n spesifieke karaktereienskap met 'n spesifieke naam geassosieer word.

#### 3.6 Slot

In Hoofstuk 3 is die aandag gevestig op 'n bespreking van die kognitiewe semantiek en semantiese velde. In Afdeling 3.1 is die hoofstuk ingelei, waarna daar in Afdeling 3.2 'n definisie gegee is van die kognitiewe semantiek. Die onderwerp van semantiese velde is in



Afdeling 3.3 bespreek. Daar is aangetoon dat dit vir die doeleindes van hierdie studie belangrik is om semantiese velde te ondersoek, aangesien die semantiese veld 'n refleksie is van 'n vaste uitdrukking se oorsprong, en die studie van semantiese velde dus inligting verskaf oor die ontwikkeling en groei van 'n taal.

In Afdeling 3.4 is die semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkinge aangetref word, geïdentifiseer. Hierdie domeine is die Griekse en Romeinse mitologie, die Middeleeue, fabels en verhale, diere en plante, die Bybel, sport, seevaart, boerdery, geld, die menslike liggaam, die dood, en kos. In die daaropvolgende Afdeling 3.5 is verskillende aspekte wat tot die skepping van geïnstitutionaliseerde Afrikaanse vaste uitdrukkinge bygedra het, bespreek. In die afdeling is spesifiek lig gewerp op hoe Afrikaanse uitdrukkinge beïnvloed is deur ander tale, deur ouer leefwyses, en deur eienaamverbleking en die gebruik van persoonsname.

Die doel van hierdie hoofstuk was uiteindelik om agtergrondinligting te verkry oor die semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukkinge aangetref word. Die bevindinge van die hoofstuk, spesifiek die Afdeling 3.4.7 se lys van algemene semantiese velde waarin Afrikaanse vaste uitdrukkinge aangetref word, gaan in Hoofstuk 4 gebruik word ten einde die subvrae van die studie se tweede navorsingsvraag te beantwoord wat handel oor die semantiese velde waarin nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkinge aangetref word.

Voordat die semantiese velde waarin die nuwe uitdrukkinge in die Varsgebek-data aangetref word, ondersoek word, moet daar egter eers in Hoofstuk 4 gekyk word na die metodologie van die studie se korpusanalise. Die Varsgebek-data moet ook aan die hand van Hoofstuk 2 se terminologietaksonomie geannoteer word ten einde te bepaal watter van die inskrywings as volwaardige vaste uitdrukkinge geklassifiseer en gekategoriseer kan word.

## Hoofstuk 4: 'n Kognitief semantiese analise van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die Varsgebek-data geannoteer ten einde die vraag te beantwoord of Afrikaanssprekers in geskrewe taal gebruik maak van nuwe vaste uitdrukkings wat nog nie formeel in bronne opgeteken is nie. Die data word aan die hand van die terminologietaksonomie wat vir die identifisering (kyk Afdeling 2.4) en kategorisering (kyk Afdeling 2.5.4) van vaste uitdrukkings gepostuleer is, geannoteer.

In Afdeling 4.2 word die metodologie van die studie bespreek en in Afdeling 4.3 word die korpusanaliseproses beskryf. In Afdeling 4.4 word die resultate van die korpusanalise bespreek, waarna Afdeling 4.5 'n samevatting van Hoofstuk 4 bevat.

### 4.2 Metodologie

#### 4.2.1 Die datastel

Die data wat tydens die studie gebruik word bestaan uit die inskrywings wat ontvang is tydens die Varsgebek-kompetisie<sup>15</sup>. Die Varsgebek-kompetisie was 'n inisiatief van VivA en is aangebied in 2016 en 2017. Die inisiatief was daarop gemik om lede van die publiek die geleentheid te gee om nuwe Afrikaanse woorde, uitdrukkings, frases, idiome of vergelykings in te stuur met die doel om 'n kontantprys te wen. Daar was nie 'n beperking op die aantal inskrywings wat individue kon instuur nie. Die inskrywings moes in Afrikaans wees, alhoewel inskrywings met leenwoorde of niestandaardwoorde ook aanvaar is (VivA s.a.). Deur 'n inskrywing vir die kompetisie in te stuur, het individue die nuwe woorde of uitdrukkings aan die Afrikaanse gemeenskap vir gebruik beskikbaar gestel (VivA s.a.). Kopiereg word dus nie voorbehou nie. Die datastel met Varsgebek-inskrywings wat van VivA ontvang is, lys geen persoonlike inligting van die individue wat inskrywings vir die kompetisie ingestuur het nie.

#### 4.2.2 Die korpusse

Die volgende twee korpusse is in hierdie ondersoek gebruik: die VivA Omvattend-korpus (KPO) (VivA 2023a) en die VivA Eksklusief-korpus (KPE) (VivA 2023b).

KPO is bedoel vir bona fide-navorsers, maar die korpus kan nie afgelaai word nie. 'n Aansoekvorm moet op die Viva-webtuiste ingevul word om toegang tot die korpus te verkry. Die korpus bevat 299,539,233 woorde en was, ten tyde van hierdie ondersoek, saamgestel uit die volgende korpora:

Naam	Aantal woorde
Afrikaanse Leipzig-korpus	122,213,769
NCHLT-Afrikaanse korpus	2,229,214
NWU/ATKV-Taalgenootkorpus	1,271,347

<sup>15</sup> Geskrewe toestemming is van VivA ontvang vir die gebruik van die Varsgebek-data vir die studie. Die nodige erkenning is aan die begin van die verhandeling aan VivA gegee.

NWU/ATKV-Tienertoneelkorpus	3,497,773
NWU/Lapa-korpus	19,990,705
NWU/Maroela Media-korpus	41,684,489
PUK/Protea Boekhuis-korpus	10,492,467
RSG-nuuskorpus	23,428,287
Taalkommissie-korpus	47,321,344
VivA Spraakkorpus	363,756
Wikipedia-Afrikaanse korpus	27,046,082

KPE is ook beskikbaar vir bona fide-navorsers, maar 'n aansoekvorm moet ingestuur word waarop navorsers aandui dat die korpus vir 'n spesifieke projek gebruik gaan word ten einde toegang tot die korpus te verkry. KPE het, ten tyde van hierdie ondersoek, 64,508,637 woorde bevat en bestaan uit die volgende korpora:

Naam	Aantal woorde
NWU/Kommentaarkorpus	43,415,430
NWU/THT-korpus	19,343,422
Watkykjy.co.za-korpus	1,749,785

Beide KPO en KPE is in hierdie studie gebruik om die voorkomsvrekwensie van nuwe vaste uitdrukkings in die Varsgebek-data te bepaal. KPO is gebruik om die voorkomsvrekwensie van die vaste uitdrukkings in geredigeerde en semigeredigeerde data te bepaal, terwyl KPE gebruik is om die uitdrukkings se voorkomsvrekwensie in ongeredigeerde data te bepaal.

#### 4.2.3 Die navorsingsfases

Die navorsingsfases word soos volg opgedeel:

- Fase 1: Organisering van data
- Fase 2: Onderskeid tussen nuwe en erkende uitdrukkings of nuutskeppings
- Fase 3: Annotering van vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie
- Fase 4: Identifisering van tipes vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie
- Fase 5: Korpusanalise van vaste uitdrukkings
- Fase 6: Identifisering van semantiese velde

Die proses waartydens die Varsgebek-data bewerk is, word vervolgens in Afdeling 4.3 beskryf.

### 4.3 Data-analise

#### 4.3.1 Fase 1: Organisering van data

Fase 1 van die studie se data-analise het gefokus op die **organisering** van die Varsgebek-data ten einde te bepaal hoeveel nuwe woorde of uitdrukkings vir die kompetisie ingeskryf is. Tydens die fase is die inskrywings eerstens verkort en saamgevat, aangesien sommige van die inskrywings lang beskrywings in die VivA dokument gehad het. Waar individue meer as een

uitdrukking, gesegde of nuutskepping in een inskrywing gekombineer het, is die verskillende uitdrukkings geskei en in die studie se datastel aangedui as verskillende inskrywings. Daarna is inskrywings wat meer as een keer vir die kompetisie ingeskryf is, uit die datastel verwyder. Laastens is onvolledige inskrywings waar individue nie die inskrywingsvorm vir die kompetisie volledig ingevul het nie, uit die data verwyder. Die oorspronklike dokument het aangedui dat 721 inskrywings vir die Varsgebek-inisiatief ontvang is.

Tydens die data-organisering is ses nuwe inskrywings by die datastel van die studie gevoeg, soos hier bo uiteengesit. Die verwerkte totaal inskrywings vir die kompetisie was dus 727 inskrywings. Die data het drie onvolledige inskrywings gehad wat uit die studie se datastel verwyder is. Die data het ook 75 inskrywings gehad wat twee of meer keer in die data voorgekom het en 'n totaal van 82 herhaalde inskrywings is uit die datastel verwyder. Die finale datastel bestaan dus uit 642 volledige inskrywings.

#### 4.3.2 Fase 2: Onderskeid tussen nuwe en erkende uitdrukkings of nuutskeppings

Die doel van Fase 2 van die data-analise was om onderskeid te tref tussen **nuwe en erkende uitdrukkings of nuutskeppings**. Hierdie fase het ten doel om reeds gevestigde uitdrukkings uit die datastel te verwyder, aangesien die fokus van hierdie studie nuwe vaste uitdrukkings is. In hierdie fase is die inskrywings opgesoek in die soekenjin op die VivA-webtuiste. Die soekenjin het, ten tye van hierdie ondersoek, aangedui of 'n woord of uitdrukking verskyn in een van die volgende bronne:

- CText® Afrikaanse SkryfGoed 6: Speltoetser
- CText® Afrikaanse SkryfGoed 6: Tesaurus
- CText® TransTips: Woordelys
- VivA Vertaal
- VivA Advies
- VivA Taalwenke
- Kuberwoordeboek
- VivA/RSG Uitspraaklys
- Longman-HAT Essensiële Woordeskat
- Drietalige Wynindustriewoordeboek
- Sterrekundewoordeboek
- Annerlike Afrikaans
- Wat Praat Jy!
- Tweetalige Voorsetselwoordeboek
- Entrepreneurskapwoordeboek
- Woordeboek van nuttige Afrikaanse kombinasies (Kollekasiewoordeboek)
- Statistiekwoordeboek
- Afrikaanse Voël naamgroep
- Paramediese Vakwoordeboek
- Fisikawoordeboek
- Sciwoord Chemiewoordeboek
- Wikipedia

- Wiktionary
- Kookkuns.com
- Nuwerwetse Politieke Woordeboek
- Kom kuier in Afrikaans
- FAK Noodhulptermlys
- Prolingua-termlyste
- Meertalige Inligtings- en Kommunikasietegnologie Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Kuns en Kultuur Intermediêre Fase Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Lewensoriëntering Intermediêre Fase Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige MIV/VIGS Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Parlementêre/Politiese Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Sokker Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Verkiesingsterminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Wiskunde Intermediêre Fase Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Tweetalige Engels - Afrikaans Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Natuurwetenskappe Intermediêre Fase Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Meertalige Menslike, Sosiale, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Intermediêre Fase Terminologielys van die Departement Kuns en Kultuur
- Koronatermelys
- Wikipedia Rekenaartermelys

’n Varsgebek-inskrywing wat in enige van hierdie bronne gevind is, is beskou as reeds gekonvensionaliseerd en is daarom uit die data vir hierdie studie verwyder. Daar is 46 uitdrukkings op hierdie manier uit die data verwyder. Hierdie uitdrukkings is opgeneem in Addendum A. Die studie se datastel bestaan gevolglik uit 596 inskrywings wat nuwe Afrikaanse uitdrukkings is en dus nog nie in bronne opgeteken is nie.

#### 4.3.3 Fase 3: Annotering van vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie

Fase 3 van die data-analise het gefokus op die annotering van die 596 oorblywende nuwe Afrikaanse uitdrukkings en woorde. Vir die annoteringsproses is daar gebruik gemaak van die terminologietaksonomie wat in Afdeling 2.4 opgestel is. Ten einde te bepaal of ’n inskrywing ’n vaste uitdrukking is, is daar gekyk of die inskrywing voldoen aan al vyf die volgende vereistes:

- Die uitdrukking moet nonkomposisioneel saamgestel wees.
- Die uitdrukking moet homonimies wees met beide ’n letterlike en ’n idiomatiese betekenis.
- Die uitdrukking moet as ’n sintaktiese eenheid funksioneer;

- Die uitdrukking moet leksikogrammatikaal wees met relatiewe leksikale integriteit;
- Die uitdrukking moet 'n multiwoordeenheid wees.

Fase 3 van die data-analise het aangedui dat 143 uit die 596 wel vaste uitdrukkinge is en aan al vyf die vereistes wat hier bo genoem is, voldoen. Hierdie 143 inskrywings met hul betekenis en 'n gebruiksvoorbeeld word gelys in Addendum B.

4.3.4 Fase 4: Identifisering van tipes vaste uitdrukking volgens die terminologietaksonomie  
Tydens Fase 4 van die data-analise is die 143 nuwe vaste uitdrukkinge geannoteer volgens soort na aanleiding van die taksonomie wat vir dié doeleinde in Afdeling 2.5.4 opgestel is. Die nuwe vaste uitdrukkinge is dus verdeel in idiome, spreekwoorde en spreuke. Vaste uitdrukkinge is as spreuke geannoteer in gevalle waar die inskrywings aangedui het dat die vaste uitdrukking by 'n spesifieke persoon gehoor is.

Nadat die annotasie van die 143 nuwe vaste uitdrukkinge uitgevoer is, is daar bevind dat die vaste uitdrukkinge bestaan uit 133 idiome en tien spreekwoorde.

Die volgende tien vaste uitdrukkinge is as nuwe spreekwoorde geïdentifiseer (kyk Addendum B vir betekenisverklarings en gebruiksvoorbeelde):

1. *'n donkie kan vir 'n perd deurgaans as hy net sy bek hou*
2. *die boom wat jy vandag plant se vrugte moet jy môre eet*
3. *dis die klein druiwekorreltjies wat die vate volmaak*
4. *leuens kom met die haas, maar die waarheid kom met die skilpad*
5. *mense kan nie leuens gaan jag as jy nie jou honde kos gegee het nie*
6. *mense wat in glashuise woon, moet in die donker uittrek*
7. *Noord en Suid van die Limpopo bly dieselfde rondkop gediertes*
8. *selds 'n klip kan dryf, selds 'n engel kan sink*
9. *soek die skaduwee van jou somer voorspoed en die son van jou winter leed*
10. *tydens 'n droogte voorsien 'n kaktus jou van water*

#### 4.3.5 Fase 5: Korpusanalise van vaste uitdrukkinge

Fase 5 van die data-analise het die korpusanalise van die 143 nuwe vaste uitdrukkinge uit die Varsgebek-data behels. Elke vaste uitdrukking is met trefwoorde in beide KPO en KPE gesoek ten einde die voorkomingsfrekwensie van die vaste uitdrukkinge in Afrikaanse korpora te bepaal. Dit is gedoen om die tweede navorsingsvraag te antwoord oor watter nuwe vaste uitdrukkinge gereeld in Afrikaanse korpora voorkom.

Die korpusanalise het aangedui dat 47 van die 143 nuwe vaste uitdrukkinge in Afrikaanse korpora voorkom. Die uitdrukkinge wat in die korpora gevind is, word met betekenisverklarings, gebruiksvoorbeelde uit die korpora, en voorkomingsfrekwensie in Addendum C gelys.

Die tweede navorsingsvraag van die studie het egter spesifiek behels om te bepaal watter nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkinge **gereeld** in Afrikaanse korpora voorkom. Daar is daarom verder gefokus op vaste uitdrukkinge wat meer as een keer in die korpora voorkom. Die volgende 33 vaste uitdrukkinge het meer as een keer in Afrikaanse korpora voorgekom (kyk Addendum C vir betekenisverklarings en gebruiksvoorbeelde):

1. *iets loop soos stroop*
2. *om op die treinspoor te speel*
3. *die kite gaan nie vlieg nie*
4. *om jou gat in 'n krul te ruk*
5. *om 'n toon te klap*
6. *so uit soos koekies in die weeshuis*
7. *om op Avbob se voorstoep te speel*
8. *om iemand vir 'n pop te vat*
9. *so slim soos 'n boom vol uile*
10. *om nie 'n filter te hê nie*
11. *om nie net spek te skiet nie, maar om met die hele vark te gooi*
12. *om jou kuite styf te trek*
13. *om op 'n stasie te wees*
14. *die ding ruk*
15. *om blink gedrink te wees*
16. *wat weet 'n mol van kaas?*
17. *om so los soos 'n tuinhekkie te wees*
18. *om so los soos Tastic rys te wees*
19. *op soos ou kos*
20. *iets is sommer ligte musiek*
21. *om te gaan seep koop*
22. *om iemand vir 'n apie te vat*
23. *om die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis te wil wees*
24. *om net stompies op te tel*
25. *klein katjies*
26. *om sonder arms rond te staan*
27. *so stil soos 'n landmyn*
28. *om iemand 'n pampoer in die hol te rol*
29. *om met jou voet in die stiebeuel te staan*
30. *die gala is aan*
31. *elke moer wil 'n ertappel wees*
32. *iemand se donkie draf*
33. *om links verby te hou*

#### 4.3.6 Fase 6: Identifisering van semantiese velde

Tydens Fase 6 van die data-analise is die semantiese velde waarin die 33 vaste uitdrukkings (wat meer as een keer in korpora voorkom) aangetref word, ondersoek ten einde die subvrae van die tweede navorsingsvraag van die studie te beantwoord. Die semantiese velde van SIL International (s.a.) is gebruik as basis vir die analise van die nuwe vaste uitdrukkings. Elkeen van die 33 vaste uitdrukkings is individueel ondersoek ten einde te identifiseer tot watter semantiese veld die vaste uitdrukkings behoort. Die semantiese velde is vervolgens in verskillende vlakke verdeel, soos uiteengesit in SIL International (s.a.). Die bevindinge word hier onder weergegee.



**1. iets loop soos stroop**

Betekenis: Daar is geen probleme nie.

Semanties soortgelyk: *iets verloop seepglad (gevestig)*

Semantiese veld

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

**2. om op die treinspoor te speel**

Betekenis: Om in 'n gevaarlike situasie betrokke te wees. Gebruik as 'n waarskuwing.

Semanties soortgelyk: *om met vuur te speel (gevestig)*  
*??<sup>16</sup> om op Avbob se voorstoep te speel (nuut)*

Addisionele opmerkings: Die korpusanalise het aangedui dat die uitdrukking ook gebruik kan word om vir 'n irriterende individu te sê om weg te gaan, i.e. *Bly eerder net stil en gaan speel op die treinspoor!*

Semantiese veld

Vlak 1 – Fisiese aksies

Vlak 2 – Beweging

Vlak 3 – Reis

Vlak 4 – Spoorweë

**3. die kite gaan nie vlieg nie**

Betekenis: iets gaan nie gebeur nie.

Semanties soortgelyk: *die vlieër gaan nie op nie (gevestig)*

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Speel

Vlak 4 – Vlieër oplaat

---

<sup>16</sup> 'n Dubbele vraagteken word gebruik om aan te dui dat 'n aparte analise van die genoemde vaste uitdrukking ook bespreek word in hierdie navorsingsfase.

**4. om jou gat in 'n krul te ruk**

Betekenis: Om jousef te vererg.

Semanties soortgelyk: *om jou gat op 'n knop te ruk* (gevestig)  
*om jou gat op 'n stok te steek* (gevestig)  
*??om jou kuite styf te trek* (nuut)

Alternatiewe vorm(e)<sup>17</sup>: *om jou stert in 'n krul te ruk*  
*om jou agterent in 'n krul te trek*  
*om jousef in 'n krul te ruk*  
*om jou agterstewe in 'n krul te laat trek*

Semantiese veld

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

**5. om 'n toon te klap**

Betekenis: Om vinnig weg te hardloop.

Semanties soortgelyk: *om te laat waai* (gevestig)  
*om jousef uit die voete te maak* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

**6. so uit soos koekies in die weeshuis**

Betekenis: Iets sal nooit gekry of bereik word nie.

Semanties soortgelyk: *so skaars soos hoendertande* (gevestig)

Alternatiewe vorm(e): *om te droom van koekies in 'n kindershuis*

Semantiese veld

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

<sup>17</sup> Alternatiewe vorme word telkens gelys soos wat dit in die korpora aangetref is.

**7. om op Avbob se voorstoep te speel**

Betekenis: Om in 'n gevaarlike situasie betrokke te wees. Gebruik as 'n waarskuwing.

Semanties soortgelyk: *om met vuur te speel* (gevestig)  
*??om op die treinspoor te speel* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *om op Avbob se stoep te speel*

Semantiese veld

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die dood

Vlak 3 – Begrafnisonderneming

**8. om iemand vir 'n pop te vat**

Betekenis: Om iemand vir 'n gek te hou.

Semanties soortgelyk: *om iemand sand in die oë te strooi/gooi* (gevestig)  
*om van iemand 'n apie te maak* (gevestig)  
*??om iemand vir 'n apie te vat* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *om iemand vir 'n pop te vang*

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Speel

**9. so slim soos 'n boom vol uile**

Betekenis: Gesê van 'n beterweterige persoon.

Semanties soortgelyk: *so slim soos die houtjie van die galg* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

**10. om nie 'n filter te hê nie**

Betekenis: Om te praat sonder om ernstig te dink oor wat jy sê.

Semanties soortgelyk: *om 'n wag voor jou mond te plaas* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Taal en denke

Vlak 2 – Kommunikasie

Vlak 3 – Om met ander te praat

**11. om nie net spek te skiet nie, maar om met die hele vark te gooi**

Betekenis: Om baie te jok.

Semanties soortgelyk: *om gaar duiwe te skiet* (gevestig)  
*om iets uit jou duim uit te suig* (gevestig)  
*om te lieg soos 'n tandetrekker* (gevestig)  
*??om iemand 'n pampoer in die hol te rol* (nuut)

Semantiese veld 1

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

Semantiese veld 2

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

**12. om jou kuite styf te trek**

Betekenis: Om jouself te vererg.

Semanties soortgelyk: *om jou gat op 'n knop te ruk* (gevestig)  
*om jou gat op 'n stok te steek* (gevestig)  
*??om jou gat in 'n krul te ruk* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *om jou kuite styf te maak*

Semantiese veld

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

**13. om op 'n stasie te wees**

Betekenis: Om dronk te wees.

Semanties soortgelyk: *om die druiwewa/druiwekar te ry* (gevestig)  
*iemand het by die druiwekar afgeval* (gevestig)  
*om hoenderkop te wees* (gevestig)  
*iemand het kromhoutsap gedrink* (gevestig)  
*om getrek te wees* (gevestig)  
*??om blink gedrink te wees* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *om op 'n stasie te raak*

Semantiese veld

Vlak 1 – Taal en denke

Vlak 2 – Kommunikasie

Vlak 3 – Radio

Vlak 3 – Radio

**14. die ding ruk**

Betekenis: Dit gaan goed.

Semanties soortgelyk: *dit gaan jou blikkies* (gevestig)  
*dit gaan voor die wind met iemand* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Fisiese aksies

Vlak 2 – Beweging

**15. om blink gedrink te wees**

Betekenis: Om dronk te wees.

Semanties soortgelyk: *om die druiwewa/druiwekar te ry* (gevestig)  
*iemand het by die druiwekar afgeval* (gevestig)  
*om hoenderkop te wees* (gevestig)  
*iemand het kromhoutsap gedrink* (gevestig)  
*om getrek te wees* (gevestig)  
*??om op 'n stasie te wees* (nuut)

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Drink

**16. wat weet 'n mol van kaas?**

Betekenis: Beskrywing vir 'n onkundige persoon.

Alternatiewe vorm(e): *wat weet 'n mol van kaas af?*

Semantiese veld 1

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

Semantiese veld 2

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

**17. om so los soos 'n tuinhekkie te wees**

Betekenis: Om vrye tyd beskikbaar te hê (1). Ook 'n beskrywing vir 'n persoon wat losbandig lewe (2).

Semanties soortgelyk: ??*om so los soos Tastic rys te wees (2 - nuut)*  
*om panties/broekies met pap rekke te dra (2 - nuut)*

Alternatiewe vorm(e): *om so los soos 'n voorhekkie te wees*  
*iemand is lossier as 'n tuinhekkie*

Addisionele opmerking: Die korpusanalise het aangedui dat die uitdrukking hoofsaaklik gebruik word om die tweede betekenis van 'n losbandige persoon oor te dra.

Semantiese veld

Vlak 1 – Werk en loopbaan

Vlak 2 – Geboue

Vlak 3 – Werf

**18. om so los soos Tastic rys te wees**

Betekenis: Beskrywing vir 'n persoon wat losbandig lewe.

Semanties soortgelyk: ??*om so los soos 'n tuinkekkie te wees (nuut)*  
*om panties/broekies met pap rekke te dra (nuut)*

Alternatiewe vorm(e): *iemand is lossier as Tastic rys*

Semantiese veld

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

**19. op soos ou kos**

Betekenis: Om baie moeg te wees.

Semanties soortgelyk: *om pootuit te wees (gevestig)*  
*so moeg soos drie (gevestig)*  
*om nie op jou stukke te wees nie (gevestig)*  
*my gat is lam (nuut)*  
*jy kan met my huisies bou (nuut)*  
*iemand se poep is koud (nuut)*

Alternatiewe vorm(e): *so op soos ou brood*  
*so op soos ou sop*  
*so op soos ou skoene*

Semantiese veld

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos



**20. iets is sommer ligte musiek**

Betekenis: Sêding om te bevestig dat iets nie moeilik is nie.

Semanties soortgelyk: *iets is vir iemand sommer 'n brekfis* (gevestig)  
*??klein katjies* (nuut)  
*iets is nie pap en vleis nie* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *iets is nie ligte musiek nie*

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Musiek

**21. om te gaan seep koop**

Betekenis: Gesê wanneer 'n kind se pa verdwyn het.

Semantiese veld

Vlak 1 – Werk en loopbaan

Vlak 2 – Finansies

Vlak 3 – Finansiële transaksies

Vlak 4 – Koop

**22. om iemand vir 'n apie te vat**

Betekenis: Om iemand vir 'n gek te hou.

Semanties soortgelyk: *om iemand sand in die oë te strooi/gooi* (gevestig)  
*om van iemand 'n apie te maak* (gevestig)  
*??om iemand vir 'n pop te vat* (nuut)

Alternatiewe vorm(e): *om iemand vir 'n aap te vat*

Semantiese veld

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

**23. om die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis te wil wees**

Betekenis: Om altyd die middelpunt van die belangstelling te wil wees.

Semanties soortgelyk: *om in die kollig te wil wees* (gevestig)

Alternatiewe vorm(e): *om die bruid op elke bruilof en die lyk op elke begrafnis te wil wees*  
*om die bruidegom op elke bruilof en die lyk op elke begrafnis te wil wees* (Verwysing na 'n man)

Semantiese veld 1

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Lewe

Vlak 3 – Troue

Semantiese veld 2

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die dood

Vlak 3 – Begrafnis

**24. om net stompies op te tel**

Betekenis: 'n Persoon kom in die middel van 'n gesprek en dink hulle weet waaroor die gesprek gaan.

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Rook

**25. klein katjies**

Betekenis: Dit is maklik om iets te doen.

Semanties soortgelyk: *iets is vir iemand sommer 'n brekfis* (gevestig)  
*??iets is sommer ligte musiek* (nuut)  
*iets is nie pap en vleis nie* (nuut)

Semantiese veld

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

**26. om sonder arms rond te staan**

Betekenis: Om ledig rond te staan en om niks te doen om te help nie.

Semanties soortgelyk: *om met gevoude arms te sit* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

**27. so stil soos 'n landmyn**

Betekenis: Beskrywing vir 'n persoon wat kalm voorkom, maar dan uitbars wanneer iemand hulle kwaad maak.

Semanties soortgelyk: *stille water, diepe grond, onder draai die duiwel rond* (gevestig)

Alternatiewe vorm(e): *so stil soos 'n stootskraper*

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Geweld

Vlak 3 – Wapen

**28. om iemand 'n pampoens in die hol te rol**

Betekenis: Om vir iemand te jok.

Semanties soortgelyk: *om gaar duiwe te skiet* (gevestig)  
*om iets uit jou duim uit te suig* (gevestig)  
*om te lieg soos 'n tandetrekker* (gevestig)  
*??om nie net spek te skiet nie, maar om met die hele vark te gooi* (nuut)

Semantiese veld 1

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

Semantiese veld 2

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

**29. om met jou voet in die stiebeuel te staan**

Betekenis: As jy 'n persoon skakel of onverwags arriveer, en iemand is op die punt om te vertrek.

Semantiese veld 1

Vlak 1 – Die individu

Vlak 2 – Die menslike liggaam

Semantiese veld 2

Vlak 1 – Fisiese aksies

Vlak 2 – Beweging

Vlak 3 – Reis

Vlak 4 – Perdry

**30. die gala is aan**

Betekenis: 'n Groot ding het sopas begin.

Semanties soortgelyk: *die poppe is aan die dans* (gevestig)

Semantiese veld

Vlak 1 – Sosiale gedrag

Vlak 2 – Sosiale aktiwiteite

Vlak 3 – Sosiale geleentheid

**31. elke moer wil 'n ertappel wees**

Betekenis: Almal wil die beste, mooiste, slimste of rykste wees.

Semantiese veld

Vlak 1 – Daaglikse lewe

Vlak 2 – Kos

Vlak 3 – Tipes kos

**32. iemand se donkie draf**

Betekenis: Gesê van iemand wat voor slaap tyd knorrig raak.

Semantiese veld

Vlak 1 – Die heelal en die skepping

Vlak 2 – Diere en plante

**33. om links verby te hou**

Betekenis: Om te besluit om nie iets te doen nie en om iets te vermy.

Semantiese veld


Vlak 1 – Fisiese aksies

Vlak 2 – Beweging


Vlak 3 – Rigting

4.4 Bespreking van resultate


Grafiek 1 illustreer Fase 1 van die data-analise (Afdeling 4.3) wat gefokus het op die organisering van die Varsgebek-inskrywings.



Tydens Fase 2 is die erkende vaste uitdrukkings uit die datastel verwyder ten einde 'n lys van slegs nuwe uitdrukkings saam te stel (kyk Grafiek 2).




Tydens Fase 3 van die data-analise is die nuwe inskrywings geannoteer aan die hand van die terminologietaksonomie wat in Afdeling 2.4 vir die doel gepostuleer is. Die annotasie in Fase 3 het aangedui dat 143 van die 596 inskrywings van die Varsgebek-kompetisie nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings is (kyk Grafiek 3). Uit die datastel voldoen dus slegs 23.99% van die data aan die eis van nuwe uitdrukkings en die vaste-uitdrukkingkriteria wat in Afdeling 2.4 gestel is.



Fase 4 van die data-analise het gefokus op die kategorisering van die vaste uitdrukkings volgens die verskillende tipes vaste uitdrukkings, soos bespreek in Afdeling 2.5.4. Die uitdrukkings is dus verdeel in idioome, spreekwoorde en spreuke. Nadat die 143 nuwe vaste

uitdrukking ontleed is, is daar bevind dat die nuwe vaste uitdrukking bestaan uit 133 idioome en 10 spreekwoorde (kyk Grafiek 4).




Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die meeste nuutgeskepte Afrikaanse vaste uitdrukkinge idiome is. Daar is geen spreuke geïdentifiseer in die lys van nuwe vaste uitdrukkinge nie. Dit is omdat geen van die vaste uitdrukkinge in die datastel voldoen het aan die vereiste van spreuke dat dit “aan ’n spesifieke individu toegeskryf kan word” nie. Dit is te wyte aan die feit dat daar nie by die inskrywings aangedui is dat die uitdrukking net deur ’n spesifieke persoon gebruik word nie. Die vermoede is dat spreuke langer vat om in die alledaagse volksmond geïnstansionaliseer te word. Wanneer dit slegs in die gesproke taal versprei word, is sprekers nie altyd bewus van waar ’n uitdrukking ontstaan nie. Sprekers weet ook nie dat die spreuk formeel aan ’n spesifieke individu in ’n geskrewe bron (i.e. prosa of poësie) toegeken kan word nie.

Fase 5 het ’n korpusanalise van die 143 nuwe vaste uitdrukkinge in die Varsgebek-datastel behels. Die voorkomsvrekwensie van elke uitdrukking is bepaal deur dit op te soek in VivA se KPO en KPE. Die korpusanalise het aangedui dat 47 van die 143 nuwe vaste uitdrukkinge wel in Afrikaanse korpora voorkom, wat dus die studie se tweede navorsingsvraag (Is daar vaste uitdrukkinge wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, wat gereeld in Afrikaanse korpora voorkom?) beantwoord (kyk Grafiek 5). Die bevindinge dui aan dat uitdrukkinge in Afrikaans konstant ontwikkel aangesien daar nuwe vaste uitdrukkinge in die taal te vinde is wat nog nie formeel in bronne opgeteken is nie.



**Grafiek 5: Samestelling van data na Fase 5**



Uit die 596 volledige Varsgebek-inskrywings, is dus slegs 7.88% van die data nuwe vaste uitdrukkings wat in Afrikaanse korpora voorkom. Die minimum voorkomingsfrekwensie was een en die maksimum was 57. Veertien (29.78%) van die 47 nuwe vaste uitdrukkings het slegs een keer in een van die korpusse voorgekom. Die mening dat Afrikaanssprekendes nie meer vaste uitdrukkings gebruik nie, blyk dus nie heeltemal waar te wees nie. Sommige van die nuwe uitdrukkings in die Varsgebek-data kom wel in korpora voor en daar sou aangeneem kon word dat daar ook 'n groot klomp ander, nuwe uitdrukkings voorkom wat nie vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is nie. Meer navorsing moet dus hieroor gedoen word om vas te stel wat presies die gebruiksfrekwensie van Afrikaanse vaste uitdrukkings is. Die gebruiksfrekwensie van vaste uitdrukkings in gesproke Afrikaans moet ook ondersoek word.


Daar sou aangeneem kon word dat die meeste van die nuwe uitdrukkings meer in KPE as in KPO sou voorkom, aangesien KPE bestaan uit ongeredigeerde tekste, wat dus nader aan gesproke Afrikaans is. Aangesien nuwighede in taal dikwels in die gesproke variant begin, sou dit dus logies wees dat nuwe vaste uitdrukkings meer dikwels in KPE sou voorkom. Fase 5 van die data-analise het egter aangedui dat die nuwe uitdrukkings 184 (48.17%) keer in KPO voorgekom het en 198 (51.83%) keer in KPE. Die nuwe vaste uitdrukkings kom dus amper ewe veel in geredigeerde en in ongeredigeerde geskrewe bronne voor, wat aandui dat die geïdentifiseerde nuwe vaste uitdrukkings in beide formele en informele geskrewe kontekste gebruik kan word.

Fase 6 van Afdeling 4.3 se data-analise het gefokus op die identifisering van die semantiese velde waarin die nuwe vaste uitdrukkings wat twee of meer keer in Afrikaanse korpora voorkom, aangetref word (kyk Grafiek 8 vir 'n opsomming van die datasamestelling soos in Fase 6 bevind). Die semantiese velde wat in hierdie fase geïdentifiseer is, is soos volg:


- Kommunikasie

- Diere en plante
- Sosiale aktiwiteite
- Geboue
- Menslike liggaam
- Lewe
- Die dood
- Kos


**Grafiek 6: Voorkomingsfrekwensie van semantiese domeine - Laagste vlak (Deel 1)**



**Grafiek 7: Voorkomingsfrekwensie van semantiese domeine - Laagste vlak (Deel 2)**



**Grafiek 8: Voorkomingsfrekwensie van semantiese domeine -  
Vlak 1**



Die mees prominente semantiese velde was kos (8 uitdrukkings), diere en plante (6 uitdrukkings) en die menslike liggaam (6 uitdrukkings). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n groot deel van die nuwe vaste uitdrukkings in die Varsgebek-dataset tot dieselfde semantiese velde behoort as tradisionele vaste uitdrukkings (kyk Afdeling 3.4.7). Die vermoede is dat dié semantiese velde prominent is in beide tradisionele en nuwe vaste uitdrukkings weens die kardinale rol wat kos, diere en plante, en die menslike liggaam in die leefwêreld van Afrikaanssprekendes speel.

Sosiale aktiwiteite is ook 'n algemene semantiese veld waarin die nuwe vaste uitdrukkings aangetref word. Die nuwe vaste uitdrukkings wat tot hierdie domein behoort, word beïnvloed deur sosiale geleenthede, speel, drink, musiek en rook. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die nuwe vaste uitdrukkings weerspieël hoe individue in die moderne samelewing meer vryheid geniet en alternatiewe bronne van vermaak en plesier het, in teenstelling met vroeër generasies waar vaste uitdrukkings grotendeels deur sport geïnspireer is, in terme van die semantiese veld van sosiale aktiwiteite.

#### 4.5 Samevatting

Afdeling 4.1 het Hoofstuk 4 ingelei waarna daar in Afdeling 4.2 'n oorsig gegee is oor die metodologie wat in die studie gebruik is. Die dataset, die geraadpleegde korpusse en die navorsingsfases van die studie is bespreek. In Afdeling 4.3 is die data-analise vir die studie bespreek. Die analise het bestaan uit die volgende ses fases:

- Fase 1: Organisering van data (Afdeling 4.3.1)
- Fase 2: Onderskeid tussen nuwe en erkende uitdrukkings of nuutskeppings (Afdeling 4.3.2)

- Fase 3: Annotering van vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie (Afdeling 4.3.3)
- Fase 4: Identifisering van tipes vaste uitdrukkings volgens terminologietaksonomie (Afdeling 4.3.4)
- Fase 5: Korpusanalise van vaste uitdrukkings (Afdeling 4.3.5)
- Fase 6: Identifisering van semantiese velde (Afdeling 4.3.6)

In Afdeling 4.4 is die resultate van Afdeling 4.3 se data-analise bespreek, en die tweede navorsingsvraag van die studie, sowel as die subvrae van die tweede navorsingsvraag, is beantwoord. In Hoofstuk 5 word die studie saamgevat. Aanbevelings vir verdere navorsingsmoontlikhede, na aanleiding van die bevindinge van hierdie studie, word ook in Hoofstuk 5 bespreek.

## Hoofstuk 5: Slot

Daar word dikwels beweer dat Afrikaanse mense nie meer kreatief gebruik maak van idiome (en ander vaste uitdrukings) in hul skryf- en spreektaal nie. Hierdie studie het gepoog om hierdie bewering te ondersoek. Die vermoede was dat daar wel dikwels van idiome gebruik gemaak word in hedendaagse Afrikaans, maar dat hierdie idiome nog nie opgeteken en bestudeer is nie. Die doel van hierdie studie was derhalwe om vas te stel of die vermoede te bevestig dat Afrikaanssprekers wel nog gebruik maak van vaste uitdrukings, maar dat dié uitdrukings egter nog nie formeel in beskikbare bronne opgeteken is nie. 'n Belangrike onderdeel van hierdie studie was om ook die semantiese velde van nuwe Afrikaanse vaste uitdrukings te ondersoek.

Die nuwe vaste uitdrukings wat in hierdie studie ondersoek is, was afkomstig uit inskrywings wat in 2016 en 2017 voorgelê is vir die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se Varsgebek-kompetisie. Die studie het ook gebruik gemaak van korpusdata in VivA se Korpusportaal: Omvattend (KPO) en Korpusportaal: Eksklusief (KPE) ten einde die gebruiksfrekwensie van die nuwe vaste uitdrukings vanuit die Varsgebek-data in geskrewe Afrikaans te bepaal.

Deel 1 (Hoofstuk 2) van die studie was 'n eerste literatuurstudie wat ten doel gehad het om uiteindelik vas te stel wat die aard van vaste uitdrukings is, om sodoende die verskillende tipes Afrikaanse vaste uitdrukings te definieer. Op grond van die definisies wat aangetref is in die geraadpleegde literatuur is 'n terminologietaksonomie gepostuleer waarmee die Varsgebek-data in Deel 3 (Hoofstuk 4) van die studie geannoteer is. Tydens Deel 2 (Hoofstuk 3) van die studie is daar deur 'n tweede literatuurstudie ondersoek ingestel na bestaande literatuur oor die kognitiewe semantiek en die semantiese velde waarin tradisionele, gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukings aangetref word. Tydens Deel 3 van die studie is 'n korpusanalise uitgevoer waartydens die Varsgebek-data volgens die nuwe terminologietaksonomie vir Afrikaanse vaste uitdrukings geannoteer is en die gebruiksfrekwensie van die vaste uitdrukings in Afrikaanse korpora bepaal is. Die semantiese velde waarin die nuwe vaste uitdrukings aangetref word, is geanaliseer en is daarna vergelyk met die semantiese velde waarin (op grond van die bevindinge van Deel 2) tradisionele, gevestigde Afrikaanse vaste uitdrukings aangetref word.

Die volgende drie navorsingsvrae is aan die begin van die studie gestel en kan as volg beantwoord word:

- **Navorsingsvraag 1:** Watter tipes vaste uitdrukings kan in Afrikaans onderskei word en hoe behoort elkeen van hierdie tipes gedefinieer te word?

Afrikaanse vaste uitdrukings kan gekategoriseer word as idiome, spreekwoorde en spreuke.

'n Idioom is vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:

- relatiewe leksikale integriteit vertoon;
- nonkomposisioneel saamgestel is; en



- deel van 'n ander sin kan vorm.

'n Spreekwoord is vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:

- tot 'n hoë mate bevrore is en minimale variasie kan toon;
- nonkomposisioneel saamgestel is;
- onafhanklik gebruik kan word;
- 'n lewensles bevat; en
- 'n onbekende oorsprong het.

'n Spreuk is vir die doeleindes van hierdie studie gedefinieer as 'n multiwoordeenheid wat:

- tot 'n hoë mate bevrore is en minimale variasie kan toon;
- nonkomposisioneel saamgestel is;
- onafhanklik gebruik kan word;
- 'n lewensles bevat; en
- aan 'n spesifieke individu toegeskryf kan word.

- **Navorsingsvraag 2:** Is daar vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, wat gereeld in Afrikaanse korpora voorkom?

Uit die nuwe vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, het 47 ten minste een keer in KPO en/of KPE voorgekom (kyk Afdeling 4.3.5). Alhoewel die voorkomingsfrekwensie van hierdie uitdrukkings as relatief laag geag kan word, sou daar op grond van die korpusresultate aangevoer kon word dat hierdie 47 uitdrukkings nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings is wat gereeld in Afrikaanse korpora voorkom.

- **Navorsingsvraag 2 Subvraag 2.1:** Tot watter semantiese velde behoort die vaste uitdrukkings wat vir die Varsgebek-kompetisie ingeskryf is, en wat met 'n relatief hoë frekwensie in Afrikaanse korpora voorkom?

Die 33 geïdentifiseerde nuwe vaste uitdrukkings wat twee of meer kere in Afrikaanse korpora voorkom, behoort tot die volgende semantiese velde:

- Kommunikasie
- Diere en plante
- Sosiale aktiwiteite
- Geboue
- Menslike liggaam
- Lewe
- Die dood
- Kos

Dit blyk dus dat daar nie op nuwe semantiese velde staatgemaak word wanneer nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings geskep word nie, aangesien al hierdie domeine reeds in die literatuur geïdentifiseer is as semantiese velde waarin gevestigde Afrikaanse uitdrukkings aangetref word. Al hierdie domeine is egter deurgaans belangrik in die leefwêreld van die Afrikaanssprekende – in die verlede en tans – en daarom is dit nie vreemd dat hierdie selfde domeine steeds gebruik word wanneer nuwe uitdrukkings geskep word nie.

### 5.1 Verdere navorsing

Die studie is uitgevoer ten einde die leemte in resente navorsing oor Afrikaanse vaste uitdrukkings in die algemeen, en oor die Varsgebek-data spesifiek, te vul. Meer navorsing moet egter nog oor verskeie aspekte wat in hierdie studie aan bod gekom het, gedoen word. Eerstens kan die terminologietaksonomie wat geskep is vir die annotasie van die Varsgebek-data verder getoets word om seker te maak dat die kriteria wat hier geïdentifiseer is vir die subkategorisering van vaste uitdrukkings ook in ander studies bruikbaar is. Vervolgens kan die Varsgebek-inskrywings wat nie in hierdie studie bespreek is nie, ook verder ondersoek word. Hierdie studie het net van twee korpuse gebruik gemaak om vas te stel of die nuwe uitdrukkings in Afrikaans gebruik word en soortgelyke soektogte kan ook in die toekoms in ander korpuse gedoen word om die gebruiksfrekwensie van die tersaaklike vaste uitdrukkings te ondersoek. Sodra daar groot, bruikbare gesprokekorpusdata vir Afrikaans beskikbaar is, moet die gebruiksfrekwensie van die uitdrukkings ook daarin getoets word.

Die Varsgebek-data verteenwoordig ook maar net een bron van potensiële nuwe Afrikaanse vaste uitdrukkings. Ten einde regtig te bepaal of Afrikaanse mense inderdaad minder vaste uitdrukkings gebruik, sal ander bronne van sulke nuwe uitdrukkings ook gevind moet word. Hierdie uitdrukkings kan dan aan 'n soortgelyke proses as die een wat in hierdie studie gevolg is, onderwerp word om vas te stel of dit dalk algemeen in Afrikaans gebruik word.

Laastens behoort hierdie selfde studie ook oor 'n paar jaar met meer resente korpora uitgevoer te word. Sodoende kan daar dan vasgestel word of (a) die vaste uitdrukkings wat in hierdie studie ondersoek is, se voorkomsvrekwensie verander het, en (b) of daar dalk ander Varsgebek-inskrywings is wat op daardie tydstip gereeld in Afrikaans gebruik word.

## Hoofstuk 6: Bibliografie

- Aikhenvald, A.Y. & Storch, A. 2013. *Perception and cognition in language and culture*. Leiden: Brill.
- Barker, G. & Sorhus, H. 1975. *The importance of fixed expressions in oral spontaneity: Volume 1*. Ottawa: Public Service Commission of Canada.
- Barnes, A.S.V. 1968. *Afrikaanse spreekwoorde gesegdes en ander uitdrukkinge*. Johannesburg: Nasou Beperk.
- Beter Afrikaans. 2013a. Eienaamverbleking. *Beter Afrikaans*.  
<https://www.beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=142>
- Beter Afrikaans. 2013b. Uitdrukkinge en segswyses. *Beter Afrikaans*.  
<https://www.beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=95>
- Beuke-Muir, C. 2012. Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkinge: 'n Makrostrukturele beskouing. *Lexikos* 9(1):258-268. DOI: <https://doi.org/10.5788/9-1-925>
- Bolinger, D. 1975 [1968]. *Aspects of language*. Tweede uitgawe. New York, NY: Harcourt Brace Jovanovich.
- Bosman, N. & Taljard, E. 2021. A cross-linguistic study of BLOOD metaphors in Afrikaans and Northern Sotho. *Language Matters* 52(1):3-29. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.1080/10228195.2020.1854331>
- Bosman, N. 2007. 'Brood' en 'botter': Figuurlike taalgebruik in Afrikaans en die Motiveringsteorie. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 25(4):473-485. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.2989/16073610709486476>
- Bosman, N. 2015. EET en DRINK in Afrikaans - 'n Leksikaal-semantiese ondersoek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(1):123-146. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.17159/2224-7912/2015/v55n1a9>
- Botha, J.P. 1985. Die normering van Afrikaanse taalgebruik soos beoefen in die skool en die Universiteit. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* 1985(10):345-365.
- Botha, R.P., Kroes, G. & Winckler, C.H. 1994. *Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkinge*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- Botha, W.F. 1991. Die lemmatisering van uitdrukkinge in verklarende Afrikaanse woordeboeke. *Lexikos* 1(1):21-36.
- Brand, D. 1936. *Drietalige idioomboek in Afrikaans, Engels, Duits*. Kaapstad: Juta.
- Cacciari, C. & Tabossi, P. 1993. *Idioms – Processing, structure, and interpretation*. Hillsdale, MI: Lawrence Erlbaum Associates.

- Caronia, L. 2021. *Language and social interaction at home and school*. Amsterdam: John Benjamins Publishing.
- Carstens, A. 1990. *Die komposisionaaliteitsbeginsel en die grammatika van Afrikaans*. Doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- Combrink, J.G.H. 1985. Idiome en idioomonderrig. *Klasgids* 20(2):21-28.
- Combrink, J.G.H. 1993. *Daar is 'n spreekwoord wat sê... Uit ander tale en uit Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Croft, W. & Cruse, D.A. 2004. *Cognitive linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Dąbrowska, A. 2018. *A syntactic study of idioms: Psychological states in English and their constraints*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Davis, J., Mengersen, K., Bennett, S. et al. 2014. Viewing systematic reviews and meta-analysis in social research through different lenses. *SpringerPlus* 3(511):1-9. DOI: <https://doi.org/10.1186/2193-1801-3-511>
- De Beer, J.A. 1989. *'n Sintaktiese en semantiese beskrywing van Afrikaanse idiome*. Doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- De Stadler, L.G. 1991. Sintagmatiese leksikale betrekkings in Afrikaans. *Lexikos* 1(1):61-82. DOI: <https://doi.org/10.5788/1-1-1149>
- De Wet, J. 2011. *Wat praat jy! Afrikaanse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings met verklarings*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Dinah, M.M. 2020. Using idioms and proverbs as an indigenous psychological way in rehabilitating juvenile offenders: a wellness perspective. *Indilinga African Journal of Indigenous Knowledge Systems* 19(2):245-256.
- Fernando, C. & Flavell, R. 1981. *On idiom – Critical views and perspectives*. Exeter: University of Exeter.
- Fernando, C. 1978. Towards a definition of idiom, its nature and function. *Studies in Language* 2(3):313-343. DOI: <https://doi.org/10.1075/sl.2.3.03fer>
- Fernando, C. 1996. *Idioms and idiomaticity*. Oxford: Oxford University Press.
- Fillmore, C.J., Kay, P. & O'Connor, M.C. 1988. Regularity and idiomaticity in grammatical constructions: The case of *let alone*. *Language* 64(3):501-538. DOI: <https://doi.org/uplib.idm.oclc.org/10.2307/414531>
- Fraser, B. 1970. Idioms within a Transformational Grammar. *Foundations of Language* 6(1):22-42.

- Gärdenfors, P. 1999. Some tenets of cognitive semantics. In: Allwood, J. & Gärdenfors, P. (eds) *Cognitive semantics: Meaning and cognition*. Amsterdam: John Benjamins Publishing, pp. 19-36.
- Glucksberg, S. 1993. Idiom Meanings and Allusional Context. In: Cacciari, C. & Tabossi, P. (reds). *Idioms – Processing, structure, and interpretation*. Hillsdale, MI: Lawrence Erlbaum Associates, pp. 3-26.
- Gouws, R.H. 1989 [1984]. Leksikale semantiek. In: Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, J.G.H. et al. (reds). *Inleiding tot Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 382-411.
- Gouws, R.H. 2013. Die leksikografiese aanbieding en behandeling van vaste uitdrukkings. *Lexikos* 23(1):135-149.
- Grant, L. & Bauer, L. 2004. Criteria for re-defining idioms: Are we barking up the wrong tree? *Applied Linguistics* 25(1):38-61. DOI: <http://dx.doi.org/10.1093/applin/25.1.38>
- Hockett, C.F. 1958. *A course in modern linguistics*. New York, NY: The Macmillan Company.
- Hoogenhout, P.I. & Schoeman, J.J.A. 1925. *Afrikaanse idiome, spreekwoorde en segswyses*. Kaapstad: Maskew Miller.
- Kapp, S. 2021. Uit wie se mond hoor jy die waarheid? *Maroela Media*, 8 November 2021. <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/taalgebruik/uit-wie-se-mond-hoor-jy-die-waarheid/>
- Katz, J.J. & Postal, P. 1963. The semantic interpretation of idioms and sentences containing them. *MIT Research Laboratory of Electronic Quarterly Progress Report* 70:275-282.
- Kim, C. 1973. Theoretical foundations of thesaurus-construction and some methodological considerations for thesaurus-updating. *Journal of the American Society for Information Science* 24(2):148-156. DOI: <https://doi.org/10.1002/asi.4630240210>
- Kritzinger, M.S.B, de Villiers, A.A.M. & Pienaar, E.J. 1927. *Afrikaanse spreekwoorde, gesegdes, ens*. Pretoria: Van Schaik.
- Lakoff, G. & Johnson, M. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1987. *Woman, fire, and dangerous things: What categories reveal about the mind*. Chicago, IL: University of Chicago Press.
- Lakoff, G. 1988. Cognitive semantics. In: Eco, U., Santambrogio, M. & Violi, P. (reds). *Meaning and mental representations*. Bloomington: Indiana University Press, pp. 119-154.
- Liebenberg, H. 1975-1995. Stories oor die herkoms en betekenis van Afrikaanse idiome, segswyses en woorde. Taaloord, s.a. <https://www.taaloord.co.za/idiome.htm#idiome1>

- Liu, D. 2008. *Idioms – Description, comprehension, acquisition and pedagogy*. New York, NY: Routledge.
- Luther, J. 2017. Spontaan oor die lippe. *VivA*, 10 Julie 2017. <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/273-ou-nuwe-idiome>
- Luther, J. 2018a. Groentesop en vrugteslaai. *VivA*, 1 Junie 2018. <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/384-groente-vrugte-idiome>
- Luther, J. 2018b. Gawies, jopies en brawe Hendrikke. *VivA*, 19 Oktober 2018. <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/430-mansname-in-uitdrukings>
- Luther, J. 2019. Kaatjie en klaar. *VivA*, 17 Augustus 2019. <https://viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/505-kaatjie>
- Makkai, A. 1972. *Idiom structure in English*. The Hague: Mouton & Co.
- Malherbe, D.F. 1924. *Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme*. Bloemfontein: Naspers.
- Maltese, A., Scifo, L., Fratantonio, A. et al. 2012. Linguistic prosody and comprehension of idioms and proverbs in subjects of school age. *Procedia Social and Behavioral Sciences* 69(2012):2027-2035. DOI: <https://doi.org/10.1016/j.sbspro.2012.12.161>
- Mapadimeng, M. 2018. Youth theory in South Africa: An indigenous African perspective derived from Sepedi idioms and proverbs. *Southern African Journal for Folklore Studies* 28(1):1-13. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.25159/1016-8427/4292>
- Masuda, K., Arnett, C. & Labarca, A. 2015. *Cognitive linguistics and sociocultural theory: Applications for second and foreign language teaching*. Berlin: De Gruyter.
- Mbiti, J.S. 2002. The African Proverbs Project and after. *Lexikos* 12(2002):256-263. DOI: <https://doi.org/10.5788/12-0-773>
- McLachlan, T. 2015. Die Afrikaanse idioom onder druk: Oor die gebruik van Afrikaans in die openbare domein. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(3):512-521. DOI: <https://doi-org.uplib.idm.oclc.org/10.17159/2224-7912/2015/v55n3a14>
- Meijer, C.H.P. 1919. *Woorden en uitdrukkingen, verklaard*. Amsterdam: Maatschappij voor Goede en Goedkoope Lectuur.
- Meyer, C.F. 2002. *English corpus linguistics: An introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Meyer, N., Eksteen, M. & Du Toit, E. 2022. *Meer bek as binnegoed* het baie om die lyf: 'n onderhoud oor die ATKV se idiome-bordspeletjie. *Litnet*, 26 Mei 2022. <https://www.litnet.co.za/met-meer-bek-as-binnegoed-het-baie-om-die-lyf-n-onderhoud/>
- Moe, R. 2003. Compiling dictionaries using semantic domains. *Lexikos* 13(2011):215-223.

- Moon, R. 1998. *Fixed expressions and idioms in English*. Oxford: Clarendon Press.
- Motjuoadi, D.C.M. 1991. *The Southern Sotho proverb: A linguistic analysis*. Meesters proefskrif. Universiteit van Johannesburg.
- Newmeyer, F.J. 1974. The regularity of idiom behaviour. *Lingua* 34(4):327-342. DOI: [https://doi.org/10.1016/0024-3841\(74\)90002-3](https://doi.org/10.1016/0024-3841(74)90002-3)
- Oliver, E. 2008. Die invloed van die Christelike geloof op die Suid-Afrikaanse samelewing: navorsingsartikel. *In die Skriflig* 42(2):305-326.
- Onze Taal. s.a. Waar komt de uitdrukking *ergens een broertje dood aan hebben* vandaan en wat wordt ermee bedoeld? *Onze Taal*, s.a. <https://onzetaal.nl/schatkamer/lezen/uitdrukkingen/ergens-een-broertje-dood-aan-hebben>
- Otto, A. & Boekkooi, E. 2020. Die herkoms van 'n aantal Afrikaanse uitdrukkinge wat verband hou met die see. *Litnet*, 2 Julie 2020. <https://www.litnet.co.za/die-herkoms-van-n-aantal-afrikaanse-uitdrukkinge-wat-verband-hou-met-die-see/>
- Prinsloo, A.J. 2004. *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.
- Roux, A.J.G. 2012. Kognisieswerkwoorde in Afrikaans. Doktorale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- Sekotlong, M.R. 1998. *Emergent idioms in Northern Sotho*. MA-verhandeling. Universiteit van Johannesburg.
- SIL (Summer Institute of Linguistics) International. s.a. Semantic domains. *SIL International*, s.a. <https://semdom.org/description>
- Swiegers, J.J. 2011. Wat praat jy! Afrikaanse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkinge met verklarings, Johanna de Wet: boekbespreking. *South African Journal of Cultural History* 25(1):197-198.
- Talmy, L. 2000. *Toward a cognitive semantics. Volume 1: Concept structuring systems*. Cambridge, MA: Massachusetts Institute of Technology Press.
- Talmy, L. 2003. *Toward a cognitive semantics. Volume 2: Typology and process in concept structuring*. Cambridge, MA: Massachusetts Institute of Technology Press.
- Talmy, L. 2011. Cognitive semantics: An overview. In: Maienborn, C., Von Stechow, P. & Portner, P. (eds). *Semantics: An international handbook of natural language meaning. Volume 1*. Berlin: De Gruyter, pp. 622-642.
- Universität Wien. s.a. Ou en nuwe spreekwoorde in die kollig. *Universität Wien*, s.a. <https://aie.univie.ac.at/oor-afrikaans/grammatika/300-spreekwoorde/>



- Van Heerden, S. 2015. WAT Woord van die Week: bakboord en stuurboord. *Maroela Media*, 9 Februarie 2015. <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/taaloffie/wat-woord-van-die-week-bakboord-en-stuurboord/>
- Van Lancker, D. & Canter, G.J. 1981. Idiomatic versus literal interpretations of ditropically ambiguous sentences. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research* 24(1):64-69. DOI: <https://doi.org/10.1044/jshr.2401.64>
- Van Lancker, D., Canter, G.J., & Terbreek, D. 1981. Disambiguation of ditropic sentences: acoustics and phonetic cues. *Journal of Speech, Language, and Hearing Research* 24(3):330-335. DOI: <https://doi.org/10.1044/jshr.2403.330>
- Van Niekerk, A.E. 1992. Kollokasies: 'n Leksikografiese perspektief. *Lexikos* 2(1):254-264. DOI: <https://doi.org/10.5788/2-1-1137>
- Van Niekerk, A.E. 2021. Idiomatiese taalgebruik as 'n vorm van teiken-markbeelding in Afrikaanstalige advertensies: 'n Relevansieteorie-onderzoek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 61(4-1):987-1019. DOI: <https://doi.org/uplib.idm.oclc.org/10.17159/2224-7912/2021/v61n4-1a3>
- Van Rooyen, W. s.a. Die waarde van stories. *Afrikaanse Onderwysnetwerk*. <https://aonetwerk.co.za/die-waarde-van-stories/>
- Van Wyk, E.B. & Bushney, M.J. 1989. Linguistiese eienskappe van spreekwoorde in Noord-Sotho. *South African Journal of African Languages* 9(3):127-133. DOI: <https://doi.org/uplib.idm.oclc.org/10.1080/02572117.1989.10586790>
- Veeplaas. 2021. Brandsiekte: Kry die groot jeuk onder beheer. *AgriOrbit*, 2 Junie 2021. <https://agriorbit.com/brandsiekte-kry-die-groot-jeuk-onder-beheer/>
- VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans). 2023a. Korpusportaal: Omvattend 1.6. Beskikbaar by: <http://viva-afrikaans.org>. Datum van gebruik: 27 September 2023.
- VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans). 2023b. Korpusportaal: Eksklusief 1.16. Datum van gebruik: 27 September 2023.
- VivA (Virtuele Instituut vir Afrikaans). s.a. Varsgebek – vir nuwe Afrikaans. VivA. [https://viva-afrikaans.org/index.php?option=com\\_content&view=article&id=144](https://viva-afrikaans.org/index.php?option=com_content&view=article&id=144)
- Weinreich, U. 1969. Problems in the analysis of idioms. In: Puhvel, J. (red.). *Substance and structure of language*. Berkeley, CA: University of California Press, pp. 23-82.
- Weinreich, U. 1980. *On semantics*. Philadelphia, PA: University of Pennsylvania Press.
- Wood, M.M. 1981. *A definition of idiom*. Bloomington, IN: Indiana University Linguistics Club.
- Zakharov, V. 2019. Ways of automatic identification of words belonging to semantic field. *Journal of Linguistics* 70(2):234-243. DOI: <http://dx.doi.org/10.2478/jazcas-2019-0054>

## Addendum A: Gekonvensionaliseerde uitdrukkings wat vir Varsgebek ingeskryf is

1.	<i>bantam(s)</i>	<b>Betekenis:</b> Die delwersnaam vir uitskotgruis. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die bantam word met grawe opgeskep.</i>
2.	<i>buite weste</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gesê word wanneer iemand groot skrik. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die man het hom buite weste geskrik.</i>
3.	<i>die kat loop / sit op die stoof</i>	<b>Betekenis:</b> Gebruik wanneer daar min geld in die huis is en die stoof dus nie aangeskakel is om kos voor te berei nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit is alweer daardie tyd van die maand wanneer die kat op die stoof sit.</i>
4.	<i>dis nou maar wors</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking gebruik om aan te dui dat iets seker is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit is nou maar wors dat die span die wedstryd gaan wen.</i>
5.	<i>dommie</i>	<b>Betekenis:</b> Delwerstaal vir 'n delwersif of gruiswasmasjien. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>'n Dommie word by die myn gebruik.</i>
6.	<i>flippen</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gebruik word vir beklemtoning om frustrasie aan te dui en wat dien as 'n eufemisme vir die woord "fokken". <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek weet nie wat die flippen antwoord is nie!</i>
7.	<i>gebraaide duiwe vlieg in niemand se mond in nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gesê word wanneer iemand baie gemaksugtig is en net bedien wil word. Die uitdrukking skep dus die idee dat inspanning vereis word ten einde iets te bereik. 'n Alternatiewe vorm vir die uitdrukking is: <i>Gebraaide hoenders vlieg niemand in die mond nie</i> (De Wet 2011:184). <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die gebraaide duiwe moet nog net in jou mond invlieg.</i>

8.	<i>grootvoet(e)</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Olifant. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons het baie grootvoete in die wildtuin gesien.</i>
9.	<i>"kadawerig" / kadaweragtig</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Byvoeglike naamwoord om iemand wat nie beweeg of aktief is nie te beskryf. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die leerders lyk altyd kadaweragtig wanneer hulle in die wiskunde klas is.</i>
10.	<i>kampernoelie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Eetbare sampioen <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die resep bevat ook kampernoelies.</i>
11.	<i>katotjie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Blik of houer waarin iets gekook word. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons kook water vir koffie in die katotjie oor die vuur.</i>
12.	<i>kinderharp</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Eienaam vir 'n spesifieke sangbundel met Christelike liedere. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons sing 'n psalm uit die Kinderharp.</i>
13.	<i>koffie en melk</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Beskrywing van 'n gemengde huwelik tussen 'n blanke en 'n nieblanke individu. Die uitdrukking kan ook gebruik word om te verwys na die kinders uit hierdie tipe huwelik. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit is 'n koffie-en-melk huwelik.</i>
14.	<i>koop se gat sit/is oop, en betaal se gat sit/is kaal</i>	<b>Betekenis:</b> As mens skuld maak, is dit moeilik om terug te betaal. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie geld leen nie. Koop se gat is oop, betaal se gat is kaal.</i>
15.	<i>korrigeerlak</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Middel wat gebruik word om geskrewe foute te suiwer deurdat die middel oor die teks gesmeer word en daarna dan oor die wit middel geskryf word. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die gebruik van korrigeerlak tydens 'n eksamen is verbode, en leerders moet eerder 'n streep deur verkeerde antwoorde trek.</i>

16.	<i>kroon</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Ou muntstuk. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Krone is as geldeenheid tydens vroeër jare gebruik.</i>
17.	<i>leen jou ore uit aan iedereen wat 'n tong het, moenie jou tong uitleen aan iedereen wat ore het nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Aanhaling deur die Afrikaanse digter C.J. Langenhoven. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy kan jou ore uitleen aan iedereen wat 'n tong het, maar waak daarteen om jou tong uit te leen aan iedereen wat ore het.</i>
18.	<i>lunsriem</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gebruik word om iemand wat vuil is of voel te beskryf. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Daardie man is so vuil soos 'n lunsriem, want hy bad nooit nie.</i>
19.	<i>metjies</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Alternatiewe woord vir "vuurhoutjies". <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy het die vuur met metjies aangesteek.</i>
20.	<i>my hart bloei vir jou</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking gebruik om vertroosting aan te dui en om simpatie teenoor iemand uit te spreek. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>My hart het werklik vir die verloorspan gebloei.</i>
21.	<i>nie te vars nie</i>	<b>Betekenis:</b> Figuurlik gebruik vir iets wat nie suiwer is nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Na drie biere klink die man nie te vars nie.</i>
22.	<i>om die duiwel by die Satan te gaan verkla</i>	<b>Betekenis:</b> Om 'n saak nutteloos by iemand te gaan aanmeld wat net so korrup of sleg is soos die een wat die kwaad gepleeg het. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy is nou net besig om die duiwel by Satan te verkla.</i>
23.	<i>om die muggie uit te skep en die kameel in te sluk</i>	<b>Betekenis:</b> Om te fokus op onbelangrike dinge en dan die belangriker sake te ignoreer. 'n <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy skep die muggie uit jou beker uit, maar sluk die kameel in.</i>
24.	<i>om getrek te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om dronk te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy was so getrek soos 'n 1977 Venter sleepwaentjie.</i>

25.	<i>om iemand te lem</i>	<b>Betekenis:</b> Om iemand met 'n mes te steek. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Tydens die rooftog is die man gelem en is sy beursie gesteel.</i>
26.	<i>om iets/iemand onder die gat te skop</i>	<b>Betekenis:</b> Om iets of iemand te kritiseer en nie ernstig op te neem nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Waak daarteen om jou eerste plan onder die gat te skop.</i>
27.	<i>om in die rug geskop te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om swanger te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sy is weer in die rug geskop.</i>
28.	<i>om nie die skerpste potlood in die blikkie/sakkie/pakkie te wees nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Skertsende opmerking gesê van iemand wie nie baie slim is nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is nou nie juis die skerpste potlood in die pakkie nie.</i>
29.	<i>ongeskraapte / halfgeskraapte afval</i>	<b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n onopgevoede persoon. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is maar net halfgeskraapte afval.</i>
30.	<i>onkantig</i>	<b>Betekenis:</b> Moeilik. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is onkantig.</i>
31.	<i>op die lip</i>	<b>Betekenis:</b> Afrikaanse weergawe van die uitdrukking <i>on the tip of my tongue</i> , wat beteken dat iemand aan 'n woord dink, maar nie op die gegewe oomblik die regte woord kan onthou nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die woord is op my lippe.</i>
32.	<i>opskeploer / opskeppieler</i>	<b>Betekenis:</b> Wanneer iemand elke keer kom kuier net voordat die mense opskep vir ete. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die seun opskeploer gereeld by die bure.</i>
33.	<i>rooskleurig</i>	<b>Betekenis:</b> Figuurlik gebruik om te verwys na iets belowend of mooi. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die pa was alles behalwe rooskleurig van aangesig toe sy seun gevra het of hy sy vader se kar kon leen.</i>

34.	<i>sleep</i>	<b>Betekenis:</b> Om met iemand te kys of om iemand se meisie of kêrel te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is my sleep.</i>
35.	<i>snuffie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Nuwe modegier. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>'n Denimbaadjie is die nuutste snuffie.</i>
36.	<i>stuk</i>	<b>Betekenis:</b> Jou meisie of kêrel. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sannie is my stuk.</i>
37.	<i>verdroog</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Byvoeglike naamwoord wat gebruik word om iets wat uitgedroog is, te beskryf. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die biltong is verdroog.</i>
38.	<i>van die wieg tot die graf</i>	<b>Betekenis:</b> Vir altyd. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die man was van die wieg tot die graf 'n goeie en eerlike mens.</i>
39.	<i>saans gousblom, soggens molshoop</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gesê word wanneer iemand laat wakker bly en dan baie moeg is in die oggend. 'n Alternatiewe vorm vir die uitdrukking is <i>vanaand kaatjie van die baan, môre dooie bobbejaan.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die dogtertjie was gisteraand gousblom, maar is vanmôre molshoop.</i>
40.	<i>so mal soos 'n haas</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gebruik om 'n individu wat waansinnig optree, te beskryf. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>James spring van die dak af in die swembad. Hy is so mal soos 'n haas.</i>
41.	<i>swaelhoutjie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Vuurhoutjie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek steek die vuur aan met 'n swaelhoutjie.</i>

42.	<i>twee gelowe/nasies op een kussing</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n Uitdrukking wat gebruik word wanneer twee individue vanuit verskillende kulture, gelowe of nasies met mekaar trou.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Twee nasies op een kussing en die duiwel daartussen!</i></p>
43.	<i>te klein vir 'n tafeldoek en te groot vir 'n servet</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n Beskrywing vir jong kinders wat te oud is om met klein kindertjies te speel en te jonk is om met die volwassenes te gesels.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Lisa is te klein vir 'n tafeldoek en te groot vir 'n servet.</i></p>
44.	<i>vinjette</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n Kort stukkie prosa. Ook die gegraveerde prentjie aan die begin of slot van die hoofstukke van 'n boek, of op die titelblad van die boek.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die boek het 'n interessante vinjet op die titelblad.</i></p>
45.	<i>vonkpos</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n E-pos.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek stuur gou vir my baas 'n vonkpos.</i></p>
46.	<i>werfetter</i>	<p><b>Betekenis:</b> Iets of iemand onbetroubaar.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die man is 'n regte werfetter aangesien hy nie altyd betyds by die werk is nie.</i></p>

## Addendum B: Nuwe vaste uitdrukkings wat deel is van die Varsgebek-data

1.	<i>'n bul en 'n hings baklei in iemand</i>	<b>Betekenis:</b> Om ongeduldig of geïrriteerd te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hier baklei 'n bul en 'n hings in my.</i>
2.	<i>'n donkie kan vir 'n perd deurgaans as hy net sy bek hou</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Dwaas kan as 'n intelligente individu beskou word as hy nie praat nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moet liewers niks sê nie. Selfs 'n donkie kan vir 'n perd kan deurgaans as hy net sy bek hou.</i>
3.	<i>as die skoene jou pas, maak jou veter vas</i>	<b>Betekenis:</b> Sarkastiese opmerking gebruik om aan te dui dat iemand moet voortgaan waarmee hulle besig is al stem die spreker nie met hulle saam nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>As die skoene jou dan pas, maak jou veter vas! Doen wat jy wil.</i>
4.	<i>as die vuur reg is, moet jy braai</i>	<b>Betekenis:</b> Mens moet elke geleentheid wat op jou pad kom ten volle benut. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>as dit pap reën, moet jy skep</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Lewenswysheid is om te weet dat as die vuur reg is, moet jy braai.</i>
5.	<i>die bakke raas</i>	<b>Betekenis:</b> Wanneer mens nie baie geld het nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek kan nie gaan nie. Die bakke raas bietjie by die huis.</i>
6.	<i>die boom wat jy vandag plant se vrugte moet jy môre eet</i>	<b>Betekenis:</b> Mens se daad het gevolg. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>wat jy saai, sal jy maai</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit is waar wat hulle sê: "Die boom wat jy vandag plant se vrugte moet jy môre eet."</i>
7.	<i>die brommer brom oortyd</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van 'n persoon wat te veel praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ja, nee, die brommer brom alweer oortyd.</i>



8.	<i>geen lewe in daardie kis nie</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van iemand wat vas slaap, baie lui is of niks doen nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Daar is geen lewe in daardie kis nie. Hy is vas aan die slaap.</i>
9.	<i>die ding ruk</i>	<b>Betekenis:</b> Dit gaan goed. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die ding ruk by die kuierplek.</i>
10.	<i>die donkie het geskop</i>	<b>Betekenis:</b> Iets was suksesvol. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die donkie het geskop!</i>
11.	<i>die engele kyk na die skerpioene</i>	<b>Betekenis:</b> Die engele waak oor mens en hou enige gevaar weg. Uitdrukking uit Boesmanland. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie bekommerd wees nie. Die engele kyk na die skerpioene.</i>
12.	<i>die e-pos is gestuur</i>	<b>Betekenis:</b> Daar is moeilikheid of skade. Moderne weergawe van die uitdrukking <i>Die kalf is in die put.</i> en <i>Die koeël is deur die kerk.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die e-pos is gestuur. Hier kom moeilikheid.</i>
13.	<i>die gala is aan</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Groot ding het sopas begin. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die gala is aan. Hier kom nou groot dinge.</i>
14.	<i>die hoenders slaap in die kombuis om die erf skoon te hou</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Beskrywing vir 'n deurmekaar huis. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek sien die hoenders slaap hier in die kombuis om die erf skoon te hou.</i>
15.	<i>die kalkoen spog met sy vere by die pou</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer iemand met min spog by iemand wat meer het. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die kalkoen spog nou met sy vere by die pou.</i>
16.	<i>die kar is gewas maar nog nie gestryk nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Motor wat gestamp is en nog nie reggemaak is nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Pieter se kar is na die ongeluk gewas maar nog nie gestryk nie.</i>

17.	<i>die kat het jou tong</i>	<b>Betekenis:</b> Om nonsens te praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hou op praat. Die kat het jou tong.</i>
18.	<i>die kind se voete pla hom/haar</i>	<b>Betekenis:</b> Die kind bly van die huis af wegloop. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Liena se kleinkind se voete pla hom.</i>
19.	<i>die kite gaan nie vlieg nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iets gaan nie gebeur nie. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>Die vlieër gaan nie op nie.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy kan maar daarvan vergeet. Die kite gaan nie vlieg nie.</i>
20.	<i>die koei vreet lap</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer 'n persoon se klere tussen hul boude optrek. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>Kolmuis vreet wasgoed.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Trek af jou broek. Die koei vreet lap.</i>
21.	<i>die lamp lê op sy sy</i>	<b>Betekenis:</b> Beskrywing vir die tydperk aan die einde van die maand wanneer daar nie meer baie geld oor is vir die maand nie. 'n Lamp kan dan op sy sy gelê word sodat die pit nog olie kan opsuig en langer kan brand. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit is alweer daardie tyd van die maand wanneer die lamp op sy sy lê.</i>
22.	<i>die melk is in die sand</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer iets te laat is en niks meer gedoen kan word nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die melk is in die sand. Ons kan nie die situasie meer verander nie.</i>
23.	<i>die pap is dik</i>	<b>Betekenis:</b> Om welaf te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jou pap is dik.</i>
24.	<i>die rowwe plek</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Ander woord vir plek vir jeugmisdadigers. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hulle het hom na die rowwe plek gestuur.</i>

25.	<i>die somer kom nie in nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Skertsende opmerking gesê wanneer iemand 'n vertrek op 'n koue dag binnekom en nie die deur agter hulle toemaak nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Maak toe daai deur! Die somer kom nie in nie!</i>
26.	<i>dis die klein druiwekorreltjies wat die vate volmaak</i>	<b>Betekenis:</b> Klein hoeveelhede geld wat gespaar word kan op die einde finansiële probleme oplos. Die teenoorgestelde van die uitdrukking <i>Dis die klein jakkalsies wat die wingerd verniel</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Aan die einde van die dag is dit die klein druiwekorreltjies wat die vate volmaak.</i>
27.	<i>dit lyk of die duiwel met jou vuurgeslaan het</i>	<b>Betekenis:</b> Wanneer iemand se hare en klere deurmekaar en verkreukeld is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Wat gaan aan? Dit lyk of die duiwel met jou vuurgeslaan het.</i>
28.	<i>elke moer wil 'n ertappel wees</i>	<b>Betekenis:</b> Almal wil die beste, mooiste, slimste of rykste wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Elke moer wil altyd 'n ertappel wees.</i>
29.	<i>hond se kerie</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer mens nie iets weet nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek weet hond se kerie van algebra.</i>
30.	<i>hy wat lek, kan ook byt</i>	<b>Betekenis:</b> Die mense naaste aan jou kan jou die seerste maak. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Mens moet altyd onthou dat hy wat lek ook kan byt.</i>
31.	<i>iemand / iets sal jou Tarra toe pos</i>	<b>Betekenis:</b> Iets of iemand maak mens mal. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hou bietjie op praat. Jy sal my Tarra toe pos.</i>
32.	<i>iemand het hare by die hak</i>	<b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n gevaarlike persoon. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy moet pasop. Die man het hare by die hak.</i>
33.	<i>iemand se donkie draf</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van iemand wat voor slaap tyd knorrig raak. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy moet nou gaan slaap. Jou donkie draf vanaand.</i>

34.	<i>iemand se gatnaat sit skeef</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van kinders wat buierig is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek sien jou gatnaat sit weer skeef vandag.</i>
35.	<i>iemand se poep is koud</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer 'n mens baie moeg is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>My poep is koud.</i>
36.	<i>iemand se vlieë vlieg nie reg nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iemand dink nie helder nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sy vlieë vlieg nie reg nie.</i>
37.	<i>iets blaas nie jou kuif terug nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iets beïndruk jou nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die nuwe kar blaas nie eintlik my kuif terug nie.</i>
38.	<i>iets is darem nie beeste in 'n kraal jaag nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iets is nie moeilik nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Koekbak is darem nie beeste in 'n kraal jaag nie.</i>
39.	<i>iets is nie pap en vleis nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iets is nie maklik nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Juffrou, Graad 12 is nie pap en vleis nie.</i>
40.	<i>iets is sommer ligte musiek</i>	<b>Betekenis:</b> Sêding om te bevestig dat iets nie moeilik is nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Wiskunde is nie vir my sommer ligte musiek nie.</i>
41.	<i>iets is soos om vir 'n skilpad 'n hoed op te sit</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van 'n persoon wat so stadig van begrip is dat dit nie die moeite werd is om hul by die gesprek in te sluit nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy hoef hom nie oor die gesprek in te lig nie. Dit is soos om vir 'n skilpad 'n hoed op te sit.</i>
42.	<i>iets loop soos stroop</i>	<b>Betekenis:</b> Daar is geen probleme. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die oestyd het geloop soos stroop.</i>
43.	<i>in die land van papbekke is een-tand koning</i>	<b>Betekenis:</b> Onder minderbegaafdes blink die middelmatige een uit. Soortgelyk aan <i>In die land van die blindes is een-oog koning.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>In die land van papbekke is een-tand koning.</i>

44.	<i>is jy in 'n stal gebore?</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n Skertsende opmerking gesê wanneer iemand 'n vertrek binnekom en nie die deur agter hulle toemaak nie. 'n Alternatiewe weergawe van die uitdrukking <i>Is jy in die kerk gebore?</i></p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Is jy in 'n stal gebore? Maak toe daai deur!</i></p>
45.	<i>jou kop spaar nie jou voete nie</i>	<p><b>Betekenis:</b> Om na 'n ander vertrek te stap, maar om dan te vergeet waarom mens soontoe gestap het.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>My kop spaar nie vandag my voete nie.</i></p>
46.	<i>jy kan met my huisies bou</i>	<p><b>Betekenis:</b> Gesê as mens baie moeg is.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit was 'n baie lang dag by die werk. Jy kan met my huisies bou.</i></p>
47.	<i>jy sal jou broek oor 'n stok dra</i>	<p><b>Betekenis:</b> Gesê vir iemand as 'n waarskuwing dat hulle moet oppas om nie in die moeilikheid te beland nie.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Pasop wat jy sê. Jy sal jou broek oor 'n stok dra!</i></p>
48.	<i>klein katjies</i>	<p><b>Betekenis:</b> Dit is maklik om iets te doen.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Nee wat, dit is klein katjies.</i></p>
49.	<i>kom deel my bidmatjie</i>	<p><b>Betekenis:</b> 'n Uitnodiging na 'n gebedsgeleentheid.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek gaan vanaand kerk toe. Jy is welkom om my bidmatjie met my te kom deel.</i></p>
50.	<i>kop vol tande, bek vol bril</i>	<p><b>Betekenis:</b> Iemand wat nie dink/kyk/waarneem voor hul praat nie.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is kop vol tande, bek vol bril. Hy dink nie voor hy iets sê nie.</i></p>
51.	<i>leuen kom met die haas, maar die waarheid kom met die skilpad</i>	<p><b>Betekenis:</b> Dit is vinnig om 'n leuen te vertel, maar stadig om die waarheid te praat.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Leuen kom met die haas, maar die waarheid kom altyd met die skilpad.</i></p>

52.	<i>man in 'n pan</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Ete met wors en eiers. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons eet man in 'n pan vir ontbyt.</i>
53.	<i>mens kan nie leeus gaan jag as jy nie jou honde kos gegee het nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om groot opponente of vyande aan te vat, moet jy sorg dat jou ondersteuningsbasis gesond is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy gaan nie leeus jag as jy nie jou honde kos gegee het nie!</i>
54.	<i>mense wat in glashuise woon, moet in die donker uittrek</i>	<b>Betekenis:</b> Mense wat voorgee asof hulle verhewe is, moet oppas want hulle kan gesien word vir wat hulle is. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>Mense wat in glashuise woon, mag nie met klippe gooi nie.</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Mense wat in glashuise woon, moet in die donker uittrek.</i>
55.	<i>my gat is lam</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer mens baie moeg is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek wil nie saam gaan nie. My gat is lam.</i>
56.	<i>my hande is nie daspote nie</i>	<b>Betekenis:</b> Iemand kan goed met hulle hande werk. Dassies kan nie met hul voorpote vat nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek sal dit doen. My hande is nie daspote nie.</i>
57.	<i>my oë blink nog</i>	<b>Betekenis:</b> Gebruik as 'n antwoord op die vraag "Hoe gaan dit?". <b>Voorbeeldsin:</b> <i>My oë blink nog. Dit gaan heel goed.</i>
58.	<i>'n hond kan nie blaf met 'n been in sy bek nie</i>	<b>Betekenis:</b> Vermaning aan 'n persoon wat met 'n mond vol kos praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie met kos in jou mond praat nie. 'n Hond kan nie blaf met 'n been in sy bek nie.</i>
59.	<i>nag en gharries</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer iets skeef loop of dit sleg gaan. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit was weer nag en gharries met die verkeersligte wat uit is.</i>

60.	<i>Noord en Suid van die Limpopo bly dieselfde rondekop gediertes</i>	<b>Betekenis:</b> Alle mense is dieselfde en doen dieselfde dinge. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Mense moet ophou fokus op verskille. Noord en Suid van die Limpopo bly dieselfde rondekop gediertes.</i>
61.	<i>om (die) ram vas te maak</i>	<b>Betekenis:</b> Om 'n kort rukkie te gaan slaap gedurende die dag. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek gaan gou bietjie die ram gaan vasmaak en dan sal ek later weer werk.</i>
62.	<i>om 'n aartappelsak oor jou kop te trek</i>	<b>Betekenis:</b> Om te probeer wegkruip ten einde nie herken te word nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy het 'n aartappelsak oor sy kop getrek toe hy sy onderwyser in die winkel gesien het.</i>
63.	<i>om 'n krul te gooi</i>	<b>Betekenis:</b> Wanneer 'n klein kindjie hul kop in 'n grootmens se nek druk. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die dogtertjie gooi 'n krul.</i>
64.	<i>om 'n toon te klap</i>	<b>Betekenis:</b> Om vinnig weg te hardloop. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons het 'n toon geklap en gemaak dat ons wegkom.</i>
65.	<i>om bevatlik van lyf te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om geset te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die dame is bevatlik van lyf.</i>
66.	<i>om blink gedrink te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om dronk te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Koos was Vrydagaand weer blink gedrink.</i>
67.	<i>om blomme om 'n drol te pak</i>	<b>Betekenis:</b> Om 'n slegte situasie te probeer goed praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Blomme word nou hier om 'n drol gepak.</i>
68.	<i>om bo en onder jou broek uit te steek</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van iemand wat te veel van homself dink. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy steek ook maar bo en onder sy broek uit.</i>

69.	<i>om botox vir 'n baba gee</i>	<b>Betekenis:</b> Om iets aan iemand te skenk wat dit nie nodig het nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy gaan nie sy geskenk waardeer nie. Dit is soos om botox vir 'n baba te gee.</i>
70.	<i>om die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis te wil wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om altyd die middelpunt van die belangstelling te wil wees. Moontlik afgelei vanuit die Engels aanhaling deur Alice Roosevelt Longworth oor haar pa, President Theodore Roosevelt: "My father always wanted to be the corpse at every funeral, the bride at every wedding and the baby at every christening." <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Santie wil altyd die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis wees.</i>
71.	<i>om die perd gaar te maak en nie die saal af te haal nie</i>	<b>Betekenis:</b> Gebruik om te verwys na taai vleis. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek gee nie om dat hulle die perd gaargemaak het nie, maar hulle kon gerus maar die saal afgehaal het.</i>
72.	<i>om die rose te vang en die turksvye te koes</i>	<b>Betekenis:</b> Om die mooi in die lewe te koester en die lelik te vergeet. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy moet leer om net die rose te vang en te koes vir die turksvye.</i>
73.	<i>om die teer te slaan</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer iemand moet vertrek. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek is laat. Dit is tyd vir my om die teer te slaan.</i>
74.	<i>om gaar duiwe te skiet</i>	<b>Betekenis:</b> Om te jok. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>om spek te skiet</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy skiet mos nou gaar duiwe!</i>
75.	<i>om hel vir swiets te hê</i>	<b>Betekenis:</b> Om dit nie maklik in die lewe te hê nie en om moeilik groot te word. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Tydens my kinderjare het ek hel vir swiets gehad.</i>
76.	<i>om iemand 'n pampoer in die hol te rol</i>	<b>Betekenis:</b> Om vir iemand te jok. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy is nou besig om my 'n pampoer in die hol te rol.</i>



77.	<i>om iemand aan 'n kruis vas te spyker waarop hulle nie hoort nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om 'n onskuldige persoon te beskuldig. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moet my nie aan 'n kruis vasspyker, waarop ek nie hoort nie.</i>
78.	<i>om iemand se papiere oop te gooi</i>	<b>Betekenis:</b> Om oor iemand te skinder. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moet nie die ou se papiere so oopgooi nie.</i>
79.	<i>om iemand soos 'n boek te blaai</i>	<b>Betekenis:</b> Om iemand 'n oorveeg te gee. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy blaai hom soos 'n boek.</i>
80.	<i>om iemand te stuur om vir jou die dood te gaan haal</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê vir iemand wat baie stadig is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek sal jou stuur om vir my die dood te gaan haal.</i>
81.	<i>om iemand vir 'n apie te vat</i>	<b>Betekenis:</b> Om iemand vir 'n gek te hou. Soortgelyk aan <i>om van iemand 'n apie te maak</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Is jy besig om my vir 'n apie te vat?</i>
82.	<i>om iemand vir 'n pop te vat</i>	<b>Betekenis:</b> Om iemand vir 'n gek te hou. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Vat jy my vir 'n pop?</i>
83.	<i>om iets onder die hemp te sit</i>	<b>Betekenis:</b> Om iets te eet. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek dink dit is nou eers tyd om iets onder die hemp te sit.</i>
84.	<i>om in die vertreksaal te staan</i>	<b>Betekenis:</b> Om naby te wees aan sterfte. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die ou oom staan in die vertreksaal.</i>
85.	<i>om in 'n Fanta-blikkie te lewe</i>	<b>Betekenis:</b> Om in 'n droomwêreld te lewe. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy lewe in 'n Fanta-blikkie en konsentreer nooit in die klas nie.</i>
86.	<i>om jou blink skoene aan te hê</i>	<b>Betekenis:</b> Om beterweterig te wees en om groot te praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy het vandag weer sy blink skoene aan.</i>

87.	<i>om jou gat in 'n krul te ruk</i>	<b>Betekenis:</b> Om jousef te vererg. Soortgelyk aan <i>jou gat op 'n knop ruk</i> en <i>jou gat op 'n stok steek</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy het sy gat in 'n krul geruk en uitgestorm.</i>
88.	<i>om jou hart in jou mond te hê</i>	<b>Betekenis:</b> Om bang of angstig te wees. Soortgelyk aan <i>iemand se hart lê op hul tong</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> Ek voel asof my hart in my mond is.
89.	<i>om jou kuite styf te trek</i>	<b>Betekenis:</b> Om jousef te vererg. Soortgelyk aan <i>jou gat op 'n knop ruk</i> en <i>jou gat op 'n stok steek</i> . <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie jou kuite vir my kom styftrek nie!</i>
90.	<i>om jou met 'n ander man se waslap te was</i>	<b>Betekenis:</b> Om die werk van iemand anders te gebruik om goed te lyk. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die werker was sy gesig met 'n ander man se waslap en vat erkenning vir ander se sukses.</i>
91.	<i>om jou ver neer te sit</i>	<b>Betekenis:</b> Om hoogmoedig te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sy sit haar ver neer met daardie bloedrooi lippe.</i>
92.	<i>om jousef laat te maak</i>	<b>Betekenis:</b> Om iemand kwaad te maak deur jou aksies. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Pasop! Jy is besig om jousef laat te maak.</i>
93.	<i>om links verby te hou</i>	<b>Betekenis:</b> Om te besluit om nie iets te doen nie en om iets te vermy. Afrikaanse vertalingsekwivalent vir <i>"Give something a miss."</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons gaan links verby hou en nie vanaand gaan nie.</i>
94.	<i>om met jou voet in die stiebeuel te staan</i>	<b>Betekenis:</b> As jy 'n persoon skakel of onverwags arriveer, en iemand is op die punt om te vertrek. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jong, ek staan met my voet in die stiebeuel.</i>

95.	<i>om 'n renbaan op die oppervlakte van 'n badkamer te bou</i>	<b>Betekenis:</b> Om te oordryf. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy is nou net besig om 'n renbaan op die oppervlakte van 'n badkamer te bou.</i>
96.	<i>om net klein klippies rond te skop</i>	<b>Betekenis:</b> Om besig te wees met onbenullighede. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Gaan werk! Jy is nou net besig om klein klippies rond te skop.</i>
97.	<i>om net stompies op te tel</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Persoon kom in die middel van 'n gesprek en dink hy/sy weet waaroor die gesprek gaan. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy tel nou net stompies op.</i>
98.	<i>om nie 'n filter te hê nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om te praat sonder om ernstig te dink oor wat jy sê. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sy het nie 'n filter nie.</i>
99.	<i>om nie met jou skoene aan te slaap nie</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van 'n op en wakker persoon – byvoorbeeld, wanneer iemand vir iets by die werk vra en dis alreeds gedoen. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek slaap nie met my skoene aan nie.</i>
100.	<i>om nie net spek te skiet nie, maar om met die hele vark te gooi</i>	<b>Betekenis:</b> Om baie te jok. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die vrou skiet nie net spek nie, maar gooi met die hele vark.</i>
101.	<i>iemand kook nie sag nie</i>	<b>Betekenis:</b> 'n Beskrywing vir 'n moeilike mens. 'n Erkende alternatiewe betekenis is “iemand weet waarvan hy praat, is bekwaam in wat hy doen” (VivA s.a.). <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy kook nie sag nie.</i>
102.	<i>om nie te kan begin om te begin nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om nuut in 'n situasie te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek kan nie eers begin om te begin nie! Die nuus was so skokkend.</i>

103.	<i>om op 'n stasie te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om dronk te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Koos het 'n paar biere gehad en was later op sy eie stasie.</i>
104.	<i>om op Avbob se voorstoep te speel</i>	<b>Betekenis:</b> Om in 'n gevaarlike situasie betrokke te wees. Gebruik as 'n waarskuwing. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy speel nou op Avbob se stoep!</i>
105.	<i>om op die treinspoor te speel</i>	<b>Betekenis:</b> Om in 'n gevaarlike situasie betrokke te wees. Gebruik as 'n waarskuwing. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie op die treinspoor speel nie!</i>
106.	<i>om op jou scooter te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om haastig te wees om te vertrek. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Laat ek op my scooter wees.</i>
107.	<i>om panties/broekies met pap rekke te dra</i>	<b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n individu met losse sedes. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Daardie meisie dra broekies met pap rekke.</i>
108.	<i>om plotsop te bou</i>	<b>Betekenis:</b> In tye van waterskaarste wanneer almal in dieselfde badwater moet bad. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons bou vanaand weer plotsop.</i>
109.	<i>om reën te ruik, al is daar nie wolke nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om positief te wees, ten spyte van omstandighede. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Lisa is altyd positief en ruik gereeld reën selfs al is daar nie wolke nie.</i>
110.	<i>om so los soos 'n tuinkekkie te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om vrye tyd beskikbaar te hê. Ook 'n beskrywing vir 'n persoon wat losbandig lewe. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ons kan Vrydag fliet toe gaan. Ek sal dan so los soos 'n tuinkekkie wees.</i>
111.	<i>om so los soos Tastic rys te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n persoon wat losbandig lewe. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die meisie is so los soos Tastic rys.</i>

112.	<i>om so toe te wees dat jy nie eers met gebed geopen kan word nie</i>	<b>Betekenis:</b> Om nie goed van begrip te wees nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is so toe mens kan hom nie eens met 'n gebed open nie.</i>
113.	<i>om so versadig te wees dat jy kan uitsak en reën</i>	<b>Betekenis:</b> Om baie versadig te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek is nou so versadig dat ek kan uitsak en reën.</i>
114.	<i>om sonder arms rond te staan</i>	<b>Betekenis:</b> Om ledig rond te staan en om niks te doen om te help nie. Soortgelyk aan die uitdrukking <i>om met gevoude arms te sit</i> <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Help bietjie en hou op om sonder arms so rond te staan!</i>
115.	<i>om te gaan seep koop</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê wanneer 'n kind se pa verdwyn het. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die pa het gaan seep koop.</i>
116.	<i>om te praat soos 'n ui wat saad skiet</i>	<b>Betekenis:</b> Om nonsens te praat. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy praat soos 'n ui wat saad skiet.</i>
117.	<i>om teen die muur vas te ry</i>	<b>Betekenis:</b> Om nie 'n storie wat iemand vertel mooi te volg nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek is nou besig om teen die muur vas te ry.</i>
118.	<i>om uitgepak te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om beroof te word. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die vrou is uitgepak en haar beursie is gesteel.</i>
119.	<i>om van 'n wolf se stert gemaak te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van 'n mens wat in die nag aktief word. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Sy is van 'n wolf se stert gemaak, want as die son sak, kry sy lewe.</i>
120.	<i>om van die honde besnuffel te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Indien 'n persoon eienaardig optree of sommer net ongeskik en moeilik is. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is van die honde besnuffel.</i>
121.	<i>om van die kalender af te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om oud te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die tannie is al lankal van die kalender af.</i>

122.	<i>om van jou dak af te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om mal of gek te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy is van jou dak af as jy dink ek gaan betaal.</i>
123.	<i>om van jou pan af te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om mal of gek te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jan is van sy pan af.</i>
124.	<i>om vas op die pad te wees</i>	<b>Betekenis:</b> Om oud te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die ou oom is al bietjie vas op die pad.</i>
125.	<i>om vrek en vrede met iets/iemand te hê</i>	<b>Betekenis:</b> Om nie oor iets of iemand om te gee nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek het vrek en vrede met die situasie.</i>
126.	<i>op soos ou kos</i>	<b>Betekenis:</b> Om baie moeg te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Ek is nou so op soos ou kos.</i>
127.	<i>Piet is in die kaggel</i>	<b>Betekenis:</b> Daar is nie kos in die huis nie en mens maak nie vuur om kos te maak nie. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Piet is alweer in die kaggel.</i>
128.	<i>Sannie is jou tannie</i>	<b>Betekenis:</b> iets is maklik om te doen of om te gebruik. Afrikaanse weergawe vir die uitdrukking “ <i>Bob’s your uncle</i> ”. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Volg net al die stappe van die resep, en Sannie is jou tannie!</i>
129.	<i>selfs ’n klip kan dryf, selfs ’n engel kan sink</i>	<b>Betekenis:</b> Selfs die onmoontlike is moontlik. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy moet nooit ophou droom nie, want, selfs ’n klip kan dryf, selfs ’n engel kan sink.</i>
130.	<i>so lui soos slangskaduwee op ’n Sondagmiddag</i>	<b>Betekenis:</b> Om baie lui te wees. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Die werker is so lui soos slangskaduwee op ’n Sondagmiddag.</i>
131.	<i>so slim soos ’n boom vol uile</i>	<b>Betekenis:</b> Gesê van ’n beterweterige persoon. <b>Voorbeeldsin:</b> <i>Hy is so slim soos ’n boom vol uile.</i>

132.	<i>so stil soos 'n landmyn</i>	<p><b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n persoon wat kalm voorkom, maar dan uitbars wanneer iemand hulle kwaad maak.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jane is so stil soos 'n landmyn. Mens moet net nie op haar trap nie.</i></p>
133.	<i>so tussen die pandwinkel en die drankwinkel</i>	<p><b>Betekenis:</b> Beskrywing van iemand se sukkelbestaan voor die einde van elke maand.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit gaan maar so tussen die pandwinkel en die drankwinkel.</i></p>
134.	<i>so tussen die teerpad en die witstreep / die bottel en die etiket</i>	<p><b>Betekenis:</b> Antwoord op "Hoe gaan dit?". Dit gaan maar so-so.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit gaan maar so tussen die teerpad en die witstreep.</i></p>
135.	<i>so uit soos koekies in die weeshuis</i>	<p><b>Betekenis:</b> Iets sal nooit gekry of bereik word nie.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Volpunte vir die toets is so uit soos koekies in die weeshuis.</i></p>
136.	<i>soek die skaduwee van jou somer voorspoed en die son van jou winter leed</i>	<p><b>Betekenis:</b> In tye van oorfloed is daar ook onweerswolke en in tye van nood is daar ook sonskyn dae.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Soek altyd die skaduwee van jou somer voorspoed en die son van jou winter leed.</i></p>
137.	<i>soetkoekies met stertjies maak orals hul merkies</i>	<p><b>Betekenis:</b> Gesê van skinderstories wat aangedik word.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Moenie glo wat hulle sê nie. Soetkoekies met stertjies maak orals hul merkies.</i></p>
138.	<i>stoot dat jy voorkant kom</i>	<p><b>Betekenis:</b> As 'n kind lastig is om jou en jy wil hê hul moet iets gaan doen.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Stoot dat jy voorkant kom!</i></p>
139.	<i>tydens 'n droogte voorsien 'n kaktus jou van water</i>	<p><b>Betekenis:</b> Wanneer die lewe moeilik raak, kom hulp vanuit die onwaarskynlikste oord.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Iemand sal jou help. Tydens 'n droogte kan 'n kaktus jou van water voorsien.</i></p>

140.	<i>van die bed op die potjie</i>	<p><b>Betekenis:</b> Om te wissel van een onderwerp na die ander. Soortgelyk aan <i>van die os op die esel/jas</i>.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Van die bed op die potjie: het jy gehoor die petrolprys gaan weer styg?</i></p>
141.	<i>van die platanna op die gladde vloer</i>	<p><b>Betekenis:</b> Om te wissel van een onderwerp na die ander. Soortgelyk aan <i>van die os op die esel/jas</i>.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Van die platanna op die gladde voer: het jy gehoor die petrolprys gaan weer styg?</i></p>
142.	<i>vier pote in die sand</i>	<p><b>Betekenis:</b> Gebruik as antwoord wanneer iemand vra hoe dit gaan om te verduidelik dat dinge maar so-so gaan.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Dit gaan maar so vier pote in die sand.</i></p>
143.	<i>wat weet 'n mol van kaas?</i>	<p><b>Betekenis:</b> Beskrywing vir 'n onkundige persoon.</p> <p><b>Voorbeeldsin:</b> <i>Jy sal my nie daarmee kan help nie. Wat weet 'n mol van kaas?</i></p>



## Addendum C: Nuwe uitdrukkings wat in Afrikaans gebruik word

	Vaste uitdrukking	Trefwoord(e)	Totale voorkoms-frekwensie	KPO		KPE	
				Voorkoms-frekwensie	Konteks van gebruik	Voorkoms-frekwensie	Konteks van gebruik
1.	<i>iets loop soos stroop</i>	soos stroop	52	24	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Omdat die jongste weergawe van sagteware jou rekenaar sal laat loop <b>soos stroop</b>.</li> <li>- Nuwe Hilux-verkope loop <b>soos stroop</b></li> <li>- Dit was hulle derde verjaarsdag en dinge het geloop <b>soos stroop</b>.</li> </ul>	28	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Die kennis om die tipe stelsels te laat loop <b>soos stroop</b> sit nou oorwegend oorsee.</li> <li>- Dié manne laat 'n acoustic huil soos min en die percussion daarby laat die ding loop <b>soos stroop</b>.</li> <li>- Vanaand gaan loop <b>soos stroop</b></li> </ul>

2.	<i>om op die treinspoor te speel</i>	op die treinspoor	44	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>- ...maar hoekom <b>op die treinspoor</b> speel as dit nie nodig is nie?</li> <li>- Dan het die Lions ook <b>op die treinspoor</b> gespeel deur Faf de Klerk as plaasvervanger-losskakel op te stuur.</li> <li>- Vat jy jou panfluitjie en gaan speel <b>op die treinspoor</b>.</li> </ul>	36	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ag gaan speel <b>op die treinspoor</b> asb tog!</li> <li>- Elizabeth, loop speel <b>op die treinspoor</b>. Jy lees weer net wat jy wil.</li> <li>- Vir my part kan altwee die manne maar <b>op die treinspoor</b> gaan speel.</li> </ul>
3.	<i>die kite gaan nie vlieg nie</i>	kite	38	14	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ek weet besigheid is besigheid maar daai <b>kite</b> vlieg nie by my nie.</li> <li>- Daai <b>kite</b> gannie vlieg nie!</li> <li>- Spaar jouself die moeite in die vervolg, want ook daai <b>kite</b> vlieg nie meer nie.</li> </ul>	24	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Die wonderlike reënboognasie se <b>kite</b> het nooit gevlieg nie.</li> <li>- Toe daai '<b>kite</b>' nie vlieg nie vra hy toe vir 'n 'lift' dorp toe.</li> </ul>

4.	<i>om jou gat in 'n krul te ruk</i>	in 'n krul	29	16	<p>- Hulle gaan hul gatte <b>in 'n krul</b> ruk en aan beweeg as hulle nie speel kans kry nie.</p> <p>- ...maar sodra iemand die persoon wat jy verafgod se naam krater maak, ruk jy jou stert <b>in 'n krul</b>.</p>	13	<p>- ...omdat hy sy agterent <b>in 'n krul</b> getrek het nie?</p> <p>- Moet se ek het ook myself <b>in 'n krul</b> gewip daarvoor.</p> <p>- Daar is baie dinge in die lewe wat my agterstewe <b>in 'n krul</b> laat trek...</p>
----	-------------------------------------	------------	----	----	---	----	--

5.	<i>om 'n toon te klap</i>	'n toon	26	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Die volstruis klap toe <b>'n toon</b> terug die bos in...</li> <li>- ...daar word besluit om nie te sukkel met die gereg nie en liewers <b>'n toon</b> te klap stadion toe...</li> <li>- Daai soort ou wie se seun by die koshuis aankom met 'n Honda Prelude en vir die ouens wat <b>'n toon</b> klap vertel hoe swaar die boere kry.</li> </ul>	21	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Jy doen die rondtes innie mall en klap <b>'n toon</b> eerstens Wimpy toe.</li> <li>- Die ander ou het geskrik en <b>'n toon</b> try klap...</li> <li>- Jannie en Sannie klap <b>'n toon</b> deur Pretoria Dieretuin toe Sannie snaakse goed begin sien...</li> </ul>
6.	<i>so uit soos koekies in die weeshuis</i>	koekies in	20	12	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Afrikaans was uit soos <b>koekies in</b> 'n weeshuis.</li> <li>- Daardie jare was smeeke vir Pa en Ma vir geld vir so speelding uit soos <b>koekies in</b> die weeshuis.</li> </ul>	8	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ryloop in hierdie siek land is uit soos <b>koekies in</b> die weeshuis.</li> <li>- Soos my vrou sê.. "Droom van <b>koekies in</b> die weeshuis".</li> <li>- Jy droom van <b>koekies in</b> 'n kinderhuis.</li> </ul>

7.	<i>om op Avbob se voorstoep te speel</i>	Avbob se	15	6	- In hoe 'n mate Suid-Afrika op die spreekwoordelike <b>Avbob se</b> stoep speel , word duidelik gedemonstreer... - ...en met Suid-Afrika wat op Moody's so gevaarlik op <b>Avbob se</b> stoep speel...	9	- Dit kom nou daarvan as jy met die leeu op <b>avbob se</b> stoep speel. - Dis goed en wel om op God te vertrou maar jy speel op <b>avbob se</b> stoep. - Speel op <b>Avbob se</b> voorstoep!!
----	--	----------	----	---	--	---	--

8.	<i>om iemand vir 'n pop te vat</i>		15	7	<p>- 'n MAN in George het glo sy pa lelik <b>vir 'n pop</b> gevat.</p> <p>- Min wetende dat sy – in haar eie woorde – <b>vir 'n pop</b> gevat sou word.</p> <p>- By die huis gekom, stap sy tevrede om die kar, net om te sien sy is <b>vir 'n pop</b> gevang, want die linker-agterwiel se dop makeer.</p>	8	<p>- Watse respek kan Johan Burger nou by enige moordenaar afdwing, hulle vat hom <b>vir 'n pop</b>.</p> <p>- Hy vat weereens Suid-Afrikaanse regstel <b>vir 'n pop!</b></p> <p>- ... ek sweer daai nurse het my <b>vir 'n pop</b> gevat...</p>
----	------------------------------------	--	----	---	---	---	---

9.	<i>so slim soos 'n boom vol uile</i>	boom vol	12	6	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ons almal is nie so slim soos 'n <b>boom vol</b> uile om jou te ken nie.</li> <li>- Hans kan goed sien dat Javel Davel hom so slim hou soos 'n <b>boom vol</b> uile.</li> <li>- Niemand kan alles van alles af weet nie en tog is daar manne wat 'slimmer' is as 'n <b>boom vol</b> uile.</li> </ul>	6	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Malema is so "slim" soos 'n <b>boom vol</b> uile en sy grootste vyand is hyself.</li> <li>- Die meeste polisie lede is mos so slim soos 'n <b>boom vol</b> uile.</li> </ul>
----	--------------------------------------	----------	----	---	---	---	--

10.	<i>om nie 'n filter te hê nie</i>	'n filter, geen filter	11	11	<p>- Kan sy nie maar net <b>'n filter</b> hê wat al die ongewenste woorde kan terughou nie</p> <p>- Ouma weet dat my pa nie <b>'n filter</b> het nie, hy is kapabel en sê iets wanneer hy Neil sien.</p> <p>- Hulle het <b>geen filter</b> voor hul monde nie.</p>	0	(Geen)
-----	-----------------------------------	------------------------	----	----	--	---	--------



11.	<i>om nie net spek te skiet nie, maar om met die hele vark te gooi</i>	hele vark	10	5	<p>- Hy skiet nie net met spek nie, maar met die <b>hele vark</b> .</p> <p>- Dit is nou die een wat nie net spekskiet nie, maar wat jou sommer met die <b>hele vark</b> gooi!</p> <p>- Oom Goltros het eintlik nie spekgeskiet nie, hy het jou sommer met die <b>hele vark</b> gegooi.</p>	5	<p>- Skiet wou hy skiet en nou skiet hy sommer met n <b>hele vark</b> spek.</p> <p>- Hy skiet ni spek ni maar net di <b>hele vark</b>.</p> <p>- Nee kyk, party skiet spek, ander gooi sommer die <b>hele vark</b>.</p>
12.	<i>om jou kuite styf te trek</i>	kuite styf, kuite styf getrek, kuite styfgetrek, kuite vir	8	3	<p>- Ek voel sommer hoe trek my kuite styf!</p> <p>- ...hul kosbare geldjies soos mis voor die son sien verdwyn, trek Hans sy <b>kuite styf</b>.</p>	5	<p>- En as sy pa en prokureur daar by die skool opdaag om hulle <b>kuite styf</b> te kom maak.</p> <p>- DAN eers mag ons die <b>kuite styf</b> begin maak.</p>

13.	<i>om op 'n stasie te wees</i>	op 'n stasie, eie stasie	8	7	- As sy <b>op 'n stasie</b> raak, swaai daardie armpie. - Betsie en Faan gee mekaar 'n bekommerde kyk voordat Betsie kombuis toe gaan, stadig, asof <b>op 'n stasie...</b>	1	- Jip, oom is totaal <b>op 'n stasie.</b>
14.	<i>die ding ruk</i>	ding ruk	7	5	- DIE <b>ding ruk</b> by Delft-polisiestasie. - Katvrou skryf : Die <b>ding ruk</b> mal in Robertson...	2	- Die <b>ding ruk</b> nie so lekker in Bloem nie lykit my. - vanaand gaan die <b>ding ruk</b> innie deebanvill!
15.	<i>om blink gedrink te wees</i>	blink drink, blink gedrink	6	5	- Janneli sê my hulle was glo <b>blink gedrink</b> toe sy hulle daar gaan uithaal het. - Toe ons huis toe ry, was Lewies en ek " <b>blink gedrink</b> ". - Tot laatnag het die twee sit en kuier en redelik <b>blink gedrink...</b>	1	- Shebeen queen... Seker lekker <b>blink gedrink</b> gewees toe sy hierdie stukkie kwytgeraak het.

16.	<i>wat weet 'n mol van kaas?</i>	mol van kaas	6	1	- Wat weet n <b>Mol van kaas?</b>	5	- Tony, wat weet 'n <b>mol van kaas</b> af? Hou jou by dinge waarvan jy "weet". - Of die ongeneeslike siekte wat sy dalk het - idiotisme de la moronia? Ja nee, wat weet 'n <b>mol van kaas</b> af. - @Deurmekaar, wat weet 'n <b>mol van kaas?</b>
17.	<i>om so los soos 'n tuinhekkie te wees</i>	los soos, lossier as	6	5	- Sy is so <b>los soos</b> 'n tuinhekkie. - Ag man, Martie is so <b>los soos</b> my voorhekkie! - Daai girl is so <b>los soos</b> 'n ou tuinhekkie.	1	- Jongmans is slagpat en die meisies is <b>lossier as</b> 'n tuinhekkie!
18.	<i>om so los soos Tastic rys te wees</i>	los soos, lossier as	6	5	- "Fok, ook maar so <b>los soos</b> Tastic-rys," sê hy toe hy weer langs Renata staan. - Daai girl is so <b>los soos</b> Tastic rys. - Hy dink in elk geval sy is <b>lossier as</b> Tastic-rys.	1	- Ek is nou nie jou top tipe fence-jumper nie en dit smaak my toe dat dat hierie bunch fokken <b>lossier as</b> Tastic rys is.

19.	<i>op soos ou kos</i>	so op soos, op soos ou	5	3	<ul style="list-style-type: none"> <li>- My jitte, maar jy lyk <b>so op soos</b> ou kos.</li> <li>- Ek wens ek kan huil , maar my huil is <b>op soos ou</b> kos.</li> <li>- Maar sy is nou <b>op soos ou</b> brood .</li> </ul>	2	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Ek is <b>op soos ou</b> sop.</li> <li>- ...of die vibrator se batterye is <b>op soos ou</b> skoene</li> </ul>
20.	<i>iets is somer ligte musiek</i>	ligte musiek	5	5	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Dit is nie altyd <b>ligte musiek</b> om in die lewe te leef nie.</li> <li>- Haar skryfwerk is nie <b>ligte musiek</b> nie.</li> <li>- Hulle is nie <b>ligte musiek</b> op tuisveld nie.</li> </ul>	0	(Geen)

21.	<i>om te gaan seep koop</i>	seep koop, seep gaan, seep te	5	4	<p>- My ma sê my pa se naam was ook Josef, maar hy het gaan <b>seep koop</b>...</p> <p>- Die pa's het geloop. Soos hulle sal sê: "My pa het gaan <b>seep koop</b>."</p> <p>- Man is pad op, <b>seep gaan</b> koop in die oorlog, soos hulle in die Kriefgat sê.</p>	1	- 'n pa kan altyd gaan seep koop, 'n ma kan nie.
22.	<i>om iemand vir 'n apie te vat</i>	'n apie, vir 'n aap	5	5	<p>- Hy beseft nou dat hy vir '<b>n apie</b> gevat is.</p> <p>- Jy het dit seker maar net gedoen omdat die ou jou vir '<b>n apie</b> gevat het.</p> <p>- Dit is nie die eerste keer dat Salhi <b>vir 'n aap</b> gevat is nie .</p>	0	(Geen)

23.	<i>om die bruid op elke troue en die lyk op elke begrafnis te wil wees</i>	bruid op, lyk op elke, bruid by elke, bruid wees, elke troue, elke bruilof, elke begrafnis, lyk wees	5	4	<p>- Hy wil <b>die bruid op</b> elke troue wees, en die lyk op elke begrafnis.</p> <p>- Die <b>bruid op</b> elke troue, die lyk by elke begrafnis - iemand wat altyd die middelpunt van belangstelling wil wees...</p> <p>- Hierop het ek in 'n toespraak by die Randse Afrikaanse Universiteit gesê dat Pik graag die bruidegom op elke bruilof en die <b>lyk op elke</b> begrafnis wou wees.</p> <p>- My opmerking dat Pik die bruidegom op elke bruilof en die <b>lyk op elke</b> begrafnis wil wees, was miskien 'n bietjie kras en ek het dit ook later erken.</p>	1	- Jammer, maar jy kan nie die lyk op elke begrafnis en die <b>bruid op</b> elke troue wees nie.
-----	--	--	---	---	---	---	---

24.	<i>om net stompies op te tel</i>	stompies	4	0	(Geen)	4	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Lees dalk eers die hele storie. <b>Stompies</b> optel is nooit 'n goeie idee nie.</li> <li>- Ander sal maar "<b>stompies</b>" optel en negatiewe kommentaar lewer op hierdie forum.</li> <li>- Jy is nou weer 1 van daai wat nie lekker verstaan wat mense se nie. Hou op <b>stompies</b> optel.</li> </ul>
25.	<i>klein katjies</i>	klein katjies	3	2	<ul style="list-style-type: none"> <li>- "Dis <b>klein katjies.</b>"</li> <li>- Huxley is die een wat elke keer 'n oorval wil kry , maar dis vir my <b>klein katjies.</b></li> </ul>	1	<ul style="list-style-type: none"> <li>- ...soos oor APBT of handwapens of vuurwerke of watookal anders julle gereeld oor <b>klein katjies</b> oor kry...</li> </ul>

26.	<i>om sonder arms rond te staan</i>	sonder arms	3	1	- VivA maak dus met trots die skerpste, varsste, pittigste en gewildste sêgoed vir 2017 bekend: In die derde plek is " <b>sonder arms rondstaan</b> ", wat beteken "ledig rondstaan" of "niks doen om te help nie".	2	- Het al gehoor dat die sekuriteite selfs te bang is vir die brandstigters/gepeupel.....hulle staan net daar <b>sonder arms!</b> - Dat die polisie net daar staan sonder arms verbaas my nie meer nie.
27.	<i>so stil soos 'n landmyn</i>	stil soos	2	0	(Geen)	2	- Geagte Afriforum <b>Stil soos</b> n landmyn Wil net bekendes help... - En waar is die MRK nou " <b>So stil soos</b> 'n landnyn."
28.	<i>om iemand 'n pampoer in die hol te rol</i>	pampoer in	2	1	- "Die bleddie mense rol jou 'n <b>pampoer in</b> die hol" (p283).	1	- Want die ander rol jou 'n <b>pampoer in</b> die hol, dis hoekom.



29.	<i>om met jou voet in die stiebeuel te staan</i>	stubeul, staan met my voet, stiebeuel	2	0	(Geen)	2	- "Hy wat die waarheid praat moet met sy een voet in die <b>stiebeuel</b> staan" (gesegde). - Soos wanneer iemand bv. telefonies te kenne gee: Ek staan reeds met my voet in die <b>stiebeuel</b> .
30.	<i>die gala is aan</i>	gala is, gala was	2	2	- Doekom sê die <b>gala is</b> aan en hulle trek los. - Dis toe net daar wat die gasbottel(Kanarie) vlamvat en toe is die <b>gala aan</b> .	0	(Geen)
31.	<i>elke moer wil 'n ertappel wees</i>	elke moer, ertappel wees, aartappel wees, moer wil, 'n moer, aartappel wil, ertappel wil, elke aartappel, elke ertappel	2	2	- Die weninskrywing (bepaal deur Viva-gebruikers) was " <b>elke moer</b> wil 'n ertappel wees" (elkeen wil belangrik wees)... - <b>Elke moer</b> wil 'n ertappel weesi	0	(Geen)

32.	<i>iemand se donkie draf</i>	donkie draf, donkie het, donkie is, donkies drag	2	1	- Die Varsgebekking-uitdrukking van die week is "iemand se <b>donkie draf</b> "	1	- Die ouvrou se <b>donkie draf</b> alweer vanoggend.....!
33.	<i>om links verby te hou</i>	links verby	2	0	(Geen)	2	- Klink my jy lewer ner kommentaar om die pot te stir, nie omdat jy eintlik iets het om te sê nie. Hou liewer ver <b>links verby</b> . - Dis useless - gaan <b>links verby!</b>
34.	<i>die boom wat jy vandag plant se vrugte moet jy môre eet</i>	vandag plant, more eet, môre eet, vandag geplant, vandag 'n boom plant	1	1	- Jy glo die plantjie wat jy <b>vandag plant</b> , gaan in die toekoms sy skadu oor jou gooi.	0	(Geen)
35.	<i>hond se kerie</i>	hond se kerie	1	1	- <b>Hond se kerie!</b>	0	(Geen)

36.	<i>is jy in 'n stal gebore?</i>	stal gebore, gebore in 'n stal, in 'n stal	1	1	- Ek onthou baie goed hoe dikwels my ma gesê het dat ek nie in 'n <b>stal gebore</b> is nie, ek moet leer om 'n deur toe te maak.	0	(Geen)
37.	<i>mense wat in glashuise woon, moet in die donker uittrek</i>	glashuise woon, donker uittrek, donker aantrek, huise van glas	1	0	(Geen)	1	- Hoe het 'n vriend van my nie altyd die gesegde verdraai met "Mense wat in glashuise woon... moet in die <b>donker uittrek!</b> " nie.
38.	<i>om 'n aartappelsak oor jou kop te trek</i>	aartappelsak, aartappelsakke,	1	1	- Die Varsgebekkig-uitdrukking van die week is "'n <b>aartappelsak</b> oor jou kop trek".	0	(Geen)

39.	<i>om blomme om 'n drol te pak</i>	drol pak, drol gepak, blomme, drol te pak, blomme word, blomme word om, om blomme om, om blomme op, drol te, drol gepak	1	0	(Geen)	1	- Mors van goeie geld <b>om blomme op</b> bollie te pak.
40.	<i>Piet is in die kaggel</i>		1	1	- Want Piet sit dikwels <b>in die kaggel</b> en dan hoop en bid mense vir Desember wanneer die manne met die groot geld kom om te spandeer.	0	(Geen)
41.	<i>om die teer te slaan</i>	teer te slaan, teer slaan	1	1	- Nee wat, not too worry, teen die tyd wat ons bietjie <b>teer slaan</b> , nie te lank nie...	0	(Geen)
42.	<i>stoot dat jy voorkant kom</i>	stoot dat	1	0	(Geen)	1	- Ditsem Juliaas! <b>Stoot dat</b> jy kan voor kom!

43.	<i>so tussen die teerpad en die witstreep / die bottel en die etiket</i>	teerpad en die, tussen die bottel, die bottel en die	1	1	- "Gaan maar vrot!" of "Uitstekend!" of "so <b>tussen die bottel</b> en die label".	0	(Geen)
44.	<i>die koei vreet lap</i>	vreet lap, eet lap, lap te vreet, lap te	1	0	(Geen)	1	- My vrou se hulle ken dit 'Os <b>vreet lap</b> ' My ma het altyd gesê "Witlies vreet wasgoed"
45.	<i>die engele kyk na die skerpioene</i>	engele kyk, na die skerpioene	1	1	- Die Varsgebekking-uitdrukking van die week is "die <b>engele kyk</b> na die skerpioene"	0	(Geen)
46.	<i>iets is nie pap en vleis nie</i>	pap en vleis	1	0	(Geen)	1	- Dit klink dalk sleg, maar vandag se lewe is nie <b>pap en vleis</b> nie.

47.	<i>om reën te ruik, al is daar nie wolke nie</i>	nie wolke nie, geen wolke, reën ruik, ruik reën, reën geruik, reën te ruik, ruik reen, reen ruik, reen geruik, reen te	1	1	- "Reën ruik , al is daar <b>nie wolke nie</b> " was die bydrae van Carina Stander, 'n gewaardeerde Afrikaanse skrywer en digter, wat ons laat weet het hierdie sêding beskryf iemand wat altyd positief is, al gaan dinge nie goed nie.	0	(Geen)
-----	--	--	---	---	--	---	--------